Die Rol van Gender in die Huwelik as Sosiale Instelling: Persepsies van Blanke Afrikanerstudente

Rouxlé Freysen

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van MPhil (Politieke Bestuur) in die Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Professor Amanda Gouws

Maart 2010

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk vervat hierin, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Maart 2010

Kopiereg © 2010 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Opsomming

Die vraag wat in hierdie tesis aangespreek word, is hoe genderrolle in die samelewing geskep word. Die rol van die huwelik as sosiale instelling word in diepte bespreek en die funksionaliteit van die instelling word bevraagteken. Genderrolle in die samelewing word deur sosialiseringsagente gekonstrueer. Die sosialiseringsagente sal in hierdie tesis onder die loep geneem word en van nader beskou word. Die studie wou die tendens navors dat die samelewing tans as meer liberaal en nie-tradisioneel gesien word. Dit wil egter voorkom of hierdie skuif nie werklik in alle instellings plaasgevind het nie. Tradisionele waardes blyk steeds onderliggend aan sommige instellings in die samelewing te wees en ten grondslag te lê aan talle instellings.

Die data vir hierdie studie is deur middel van kwantitatiewe asook kwalitatiewe navorsingsmetodes verkry. Fokusgroepe is gebruik aangesien dit as die basis vir die vraelys en navorsing sou dien. Die vraelys sou dien om óf navorsing wat reeds bestaan te bevraagteken, óf om navorsing te bevestig. Vraelyste is of deur middel van ’n ontmoeting aan respondente oorhandig of aan respondente wat deur middel van die ‘sneeubal’ effek verkry is, ge-e-pos. Die kriteria wat gebruik is vir die proefgroep was blanke Afrikaansprekende Christelike studente aan die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie spesifieke groep is gekies aangesien hulle steeds as tradisioneel gesien kan word in teenstelling met studente wat in die algemeen as liberaal en vrydenkend gestereotipeer word. Die botsing van waardes is veral met die fokus op godsdiens ondersoek, en die impak van godsdiens op die huwelik is bestudeer. Die voltooide vraelyste is statisties verwerk deur gebruik te maak van *STASTISTICA*, ’n elektroniese data-verwerkingsprogram.

In hierdie tesis het sewe breë temas uit die vraelyste na vore gekom. Eerstens word die huwelik en die nukleêre gesin as belangrike asook noodsaaklike instellings in die samelewing gesien. Tweedens, word genderrolle in die samelewing gekonstrueer. Derdens, is geloof fundamenteel in die huwelik. Vierdens is die rol van die vrou in die huwelik om haar man te ondersteun. Die volgende tema wat beskou word, is dat Afrikaners as kultuurgroep steeds konserwatief is ten opsigte van hul keuse van ’n huweliksmaat, en dat hulle verkies om slegs vanuit hul kultuurgroep ’n huweliksmaat te kies. Sesdens beïnvloed die massamedia as sosialiseringsagent nie werklik persepsies van die huwelik nie, maar eerder seksualiteit. Laastens is ouers as sosialiseringsagente veral belangrik in terme van die rol van die vrou in

die huwelik. Daar is slegs ten opsigte van persepsies oor seksualiteit, die huwelik asook die Afrikaner as kultuurgroep, ’n beduidende statistiese verskil tussen manlike en vroulike respondente gevind.

Uit die studie blyk dit dus dat genderrolle sosiaal deur die samelewing gekonstrueer word en dat sekere sosialiseringsagente die raamwerk bied waarin persepsies oor gender gevorm word. Die huwelik blyk steeds ’n instelling te wees wat ’n belangrike rol in die samelewing vervul. Die verdeling van arbeid in die huwelik blyk problematies te wees aangesien die toetrede van vroue tot die arbeidsmark, die nukleêre gesin beïnvloed en verander het. Uit die data wil dit voorkom asof ’n kontras bestaan tussen die nie-tradisonele waardes van die moderne samelewing en tradisionele idees wat steeds deur godsdiens ondersteun word.

Summary

The question addressed in this thesis is how gender roles in society are created and established. The role and function of marriage as a social institution is also discussed. Gender roles in society are socially constructed, and the socialisation agents responsible for this construction of values and norms are evaluated. The question, however, was derived from values in society that seem to adjust to more liberal and non-traditional ideas, especially regarding marriage and gender roles. However, even if perceptions are favourable toward a less traditional society, traditional ideas seem to form the basis of many social institutions.

The research was conducted in both a quantitative and a qualitative manner. The reason for this is that each method fills a specific gap within research. Focus groups acted as the basis for the questionnaire and further research. The questionnaire acted as a method to either find support for or contradict existing research. Questionnaires were distributed in meetings with respondents, and respondents that emerged from the snowball method, were contacted via email. The sample consisted of white Afrikaans-speaking Christian students on Stellenbosch University campus who were chosen because of perceptions that students in general are liberal but Afrikaners as a cultural group are fairly traditional. The conflict between this group's norms and perceptions about students in general was researched. The completed questionnaires were statistically analysed by using an electronic data analysis programme, *STATISTICA*.

Seven broad themes emerged as the main findings in this thesis. First, marriage and the role of the nuclear family in society is a much needed social institution. Second, it became clear that gender in society is a socially constructed concept. Third, it became apparent that religion plays a major role as socialisation agent and fulfils a fundamental role within society. Fourth, the role of women in marriage was clearly seen as that of the supportive wife. Another theme indicated that that was investigated was that Afrikaners as a cultural group are still very traditional and conservative, especially with regards to whom they marry. It seems like Afrikaners still choose marriage partners from within their own cultural group. Sixth, the mass media also seem to be socialisation agents especially with regards to sexuality. Finally, parents as socialisation agents play a big role in forming perceptions, especially with regards to the role of women in society. The study also indicated that there were statistical differences

between male and female respondents, but only with regards to sexuality, marriage and the Afrikaner as a cultural group.

From the study one could thus argue that gender roles are socially constructed and that socialising agents provides the framework for perceptions with regards to gender. The role of marriage in society still seems very important. The division of labour in marriage seems problematic due to women's increasing participation in the labour market. It influences the nuclear family on many levels. There appears to be a contradiction between modern society's non-traditional values and the more traditional values regarding marriage and gender roles still supported by religion.

Bedankings

- Professor Gouws, wat nie net waarde tot die studie bygedra het nie, maar ook my insig in gendersake en die rol van die vrou in die samelewing aansienlik verbreed het.
- Selene Delport en Cabriére Jordaan wat met baie geduld elke hoofstuk geproeflees en bydraes gemaak het.
- Professor Martin Kidd en Nico Katzke wat die statistiese verwerking van die vraelyste behartig het. Dankie vir elke individu wat betrokke was by die invul van die vraelyste – jul tyd word opreg waardeer.
- Aan al my vriende wat my voortdurend ondersteun het, met my geredeneer het, opinies beïnvloed het, bydraes gemaak het en my altyd moed ingepraat het. Die sms'e, kaartjies, ure lange gesels en koffie drink het hierdie jaar aan my soveel moed verskaf en my gevorm op meer maniere as wat jul ooit sal kan besef.
- My gesin, dankie vir al die liefde en deernis gedurende hierdie twee jaar. My pa en ma, Piet en Susan Freysen, dankie vir die finansiële ondersteuning, oneindige liefde, troos en insig in my onderwerp. Dankie vir jul bydrae tot hoe ek die huwelik verstaan. Ek weet die mag van die huwelik lê in die definisiehouer se hande. Die samelewing met sy idees en norme is bloot 'n raamwerk vir hoe daar verwag word iets behoort te wees. Dankie dat ek grootgemaak is met die idee dat, alhoewel ek 'n vrou is, ek enige taak kan bemeester en dat ek nie hoef terug te staan as gevolg van my geslag nie.
- Dankie vir elke sterk vrou in my lewe wat my die plek van die vrou in die samelewing in perspektief laat verstaan het.
- Ek wil laastens vir Jesus bedank wat my voortdurend dra wanneer ek moeg is – nie net die jaar nie, maar die afgelope 23 jaar. Dankie vir elkeen wat ook in tye van twyfel en moedeloosheid vir my by Hom instaan.

Inhoudsopgawe

Opsomming i
Summary iii
Inhoudsopgawe vi
Lys van Tabelle x
Hoofstuk 1: Inleiding tot Metodologie en Literatuuroorsig 1
1.1 Inleiding 1
1.2 Probleemstelling 1
1.3 Doel van die studie 2
1.4 Agtergrond en rasionaal 2
1.5 Toetsbare stellings 5
1.6 Metodologie 6
1.7 Hoofstuk uitleg 6
Hoofstuk 2: Gender en Geslag 8
2.1 Inleiding 8
2.2 Konseptualisering van konsepte aangaande gender 8
2.2.1 Oorsig oor die ontstaan van die konsep, gender 8
2.2.2 Konseptualisering van gender 11
2.2.4 Gender as ’n aktiewe proses 12
2.2.5 Gender as ’n kategoriseringsmetode 13
2.2.6 Genderidentiteit 15
2.3 Geslag as konsep 16
2.3.1 Konseptualisering van geslag 16
2.3.2 Geslag as ’n konstruksie 17
2.4 Natuur teenoor kultuur 18
2.4.1 Natuur 19
2.4.2 Kultuur 19
2.5 Evolusionêre teorieë aangaande gender 21
2.5.1 Funksionalisme 21
2.5.2 Sosiale konstruktivisme 21
2.5.3 Sosiaal-aangeleerde teorie 21
2.5.4 Sosiaal-kognitiewe teorie 22

2.5.5 Genderskema-teorie 23
2.6 Gevolgtrekking 23
Hoofstuk 3: Die huwelik as ’n sosiale instelling 24
3.1 Inleiding 24
3.2 Omskrywing van die huwelik as konsep 24
3.3 Adolessensie en die huwelik 26
3.4 Mag in die tradisionele huwelik 27
3.5 Die Huwelik as sosiale instelling 29
3.5.1 Konseptualisering van die huwelik as sosiale instelling 29
3.5.2 Sosiale konstruktivisme 31
3.6 Redes vir toetreding tot die huwelik 32
3.6.1 Reproduksie 32
3.6.2 Geslagsrolle in die huwelik 33
3.6.3 Persoonlike redes 33
3.7 Sosialisering 34
3.8 Genderrolle 35
3.9 Sosialiseringsagente 36
3.9.1 Die Gesin 37
3.9.2 Massamedia 37
3.9.3 Vriende en eweknieë 38
3.9.4 Godsdiens 39
3.10 Faktore wat keuse om huweliksmaat beïnvloed 42
3.10.1 Die keuse van huweliksmaats 42
3.10.2 Individu-gerigte teorieë 42
3.10.3 Sosio-kulturele teorieë 43
3.10.4 Fisies-biologiese teorie 43
3.10.5 Kognitiewe faktore 43
3.11 Alternatiewe vir die huwelik 45
3.11.1 Konseptualisering van die saamwoonverhouding 45
3.11.2 Saamwoonverhoudings en die huwelik 45
3.12 Slot 47
Hoofstuk 4: Die Verdeling van Arbeid 48
4.1 Inleiding 48
4.2 Agtergrond ten opsigte van die verdeling van arbeid. 48
4.3 Die gesin 49

4.5 Die openbare teenoor die private sfeer 51
4.6 Die huwelik ten opsigte van die verdeling van arbeid 51
4.6.1 Rolverwagtinge en persepsies 55
4.6.2 Adolessensie 56
4.9 Slot 58
Hoofstuk 5: Navorsingsontwerp 59
5. 1 Inleiding 59
5.2 Metodologie en navorsingsontwerp 59
5.3 Instrumentele verduideliking 59
5.4 Fokusgroepe 60
5.4 Die oogmerke van die studie was as volg om: 62
5.5 Die proefgroep en data-insameling 63
5.6 Die vraelys 65
5.7 Die Proefgroep 65
5.7.1 Geslag 65
5.7.2 Jaargroep 66
5.7.3 Fakulteit affiliasie 66
5.7.4 Taal 66
5.7.5 Denominasie 66
5.7.6 Herkoms 67
5.7.7 Ouers se huwelikstatus 67
Hoofstuk 6: Bevindinge 68
6.1 Bespreking van resultate 68
6.1.1 Gender en geslag 68
6.1.2 Verdeling van arbeid in die huwelik 71
6.1 3 Die huwelik 76
6.1.4 Keuse van huweliksmaat 80
6.1.5 Seksuele verhoudinge 83
6.1.6 Godsdiens 85
6.1.7 Die Afrikaner 90
6.1. 8 Die media as sosialiseringsagent 94
6.1. 9 Ouers en vriende as sosialiseringsagente 97
6.1.9. 1 Vriende as sosialiseringsagent 97
6.1.9. 2 Ouers as sosialiseringsagent 99
6.9 Ontbrekende data (*Missing data*) 102

6.10 Betroubaarheid van data 102
6.1 1 ANOVA (*analysis of variance*) 103
Grafiek 1: Die beduidende verskil tussen opinies aangaande seksuele verhoudings tussen manlike en vroulike respondente 104
Grafiek 2: Die beduidende verskil tussen opinies aangaande Afrikanergroep tussen manlike en vroulike respondente 105
Grafiek 3: Die beduidende verskil tussen manlike en vroulike respondente se opinies aangaande die huwelik. 106
6.13 Tekortkominge en aanbevelings 106
6.14 Slot 107
Hoofstuk 7: Gevolgtrekking 108
Bibliografie 113
Addendum A: Vraelys 123

Lys van Tabelle

Tabel 1.1: Ek weet wat die verskil tussen gender en geslag is 68

Tabel 1.2: Genderrolle word sosiaal gekonstrueer 69

Tabel 1.3: My gender kan nie verander word nie 69

Tabel 1.4: Ek is ’n man of vrou omdat ek sekere biologiese verskille ten opsigte van die tenoorgestelde geslag het..... 70

Tabel 2.1: Die verantwoordelikheid om kinders op te voed berus nie op beide ouers nie 71

Tabel 2.2: Vroue is net so geregtig soos mans om ’n professionele beroep te hê 71

Tabel 2.3:Die man se taak is om finansiëel aan die huisgesin te voorsien 72

Tabel 2.4: Die vrou moet aanpasbaar wees t.o.v. haar beroep..... 72

Tabel 2.5: Vroue behoort halfdag te werk sodat hulle na die kinders kan omsien 73

Tabel 2.6: As kinders babas is, moet vroue na hulle omsien 73

Tabel 2.7: Die man moet nie die finale sê hê i.t.v. keuses wat in die huwelik gemaak word nie 74

Tabel 2.8: Mans en vroue in die huwelik dra nie eweveel gesag nie..... 74

Tabel 2.9: Huishoudelike take moet gelyk tussen huweliksmaats verdeel word..... 75

Tabel 2.10:Sekere huishoudelike take is spesifiek vir mans en ander vir vroue bedoel..... 75

Tabel 2.11: Die funksie van die huwelik is ’n ekonomiese kontrak 76

Tabel 3.1: Individue trou nie meer vir liefde nie 77

Tabel 3.2: Die huwelik as sosiale instelling is uitgedien in Suid-frika..... 77

Tabel 3.3: Die rol wat die nukleêre huwelik in die samelewing speel is nie belangrik nie 78

Tabel 3.4: Toetreding tot die huwelik is nie mans en vroue se einddoel nie 78

Tabel 3.5: Individue is nie gemaak om alleen te leef nie..... 79

Tabel 3.6: Egskeidings is aanvaarbaar indien die huwelik nie aan die vereistes voldoen nie 79

Tabel 3.7: Homoseksuele individue behoort te mag trou 80

Tabel 4.1: Individue is oor die algemeen meer gelukkig indien hul met iemand trou wat dieselfde agtergrond as hulle het 81

Tabel 4.2: Ek sal nie met iemand kan trou wat van ’n verskillende ras as ek is nie 81

Tabel 4.3: Ek sal nie met iemand kan trou wat van 'n verskillende kultuur as myne afkomstig is nie 82

Tabel 4.4: Ek sal nie met iemand kan trou wat verskil t.o.v. denominasie nie 82

Tabel 5.1: Ek het al of sal seks hê met iemand voor ek die huwelik betree 83

Tabel 5.2: Ek glo dat dit nie aanvaarbaar is om met iemand seksuele aktiwiteite te beoefen indien ek nie lief is vir die persoon nie 83

Tabel 5.3: Ek sal saam met iemand met wie ek in ’n verhouding is, kan woon sonder dat ons getroud is 84

Tabel 5.4: Indien ek in ’n verhouding is, en saamwoon, sal ek my ouers inlig 84

Tabel 5.5: Individue moet hulself eers verwesenlik voor hulle trou 85

Tabel 6.1: My godsdiens is vir my belangrik 86

Tabel 6.2: Beoefening van my godsdiens is fundamenteel in die huwelik 86

Tabel 6.3: Ek sal nie met ’n persoon kan trou wat nie dieselfde geloof as ek het nie 87

Tabel 6.4: Ek sal nie met iemand kan trou wat nie dieselfde denominasie as ek het nie 87

Tabel 6.5: Die rol van die man is om die hoof van die huis te wees 88

Tabel 6.6: My rol in die huwelik word bepaal soos beskryf in my kerk, denominasie of godsdiens 88

Tabel 6.7: Die rol van die vrou is om haar man te ondersteun 89

Tabel 6.8: Ek stem nie saam met Greta Wiid se idees oor die vrou in die huwelik nie 89

Tabel 6.9: Ek stem saam met Angus Buchan se idees aangaande genderrolle 90

Tabel 7.1: Die Afrikaner as kultuurgroep is steeds tradisioneel en konserwatief ten opsigte van die huwelik 91

Tabel 7.2: Afrikaners is steeds konserwatief aangaande met wie hul trou 91

Tabel 7.3: Afrikaners heg waarde aan die huwelik 92

Tabel 7.4: Jong Afrikaners neem steeds nie deel aan saamwoonverhoudings nie 92

Tabel 7.5: Vroulike studente gaan studeer om ’n man te ontmoet 93

Tabel 8.1: Die media beïnvloed nie my idee van hoe ’n man of vrou in die huwelik moet optree nie 94

Tabel 8.2: Die media beïnvloed nie my idees van die rol van die vrou nie 94

Tabel 8.3: Die media weerspieël die huwelik as ’n uitgediende instelling..... 95

Tabel 8.4: Die media beeld enkellopers as uitgeworpenes in die samelewing uit..... 95

Tabel 8.5: Die media beeld seksualiteit uit in terme van die man wat in ’n magsposisie is 96

Tabel 8.6: Seks voor die huwelik word as aanvaarbaar uitgebeeld deur die media 96

Tabel 9.1: My vriende sien die huwelik as ’n uitgediende instelling..... 97

Tabel 9.2: My vriende beïnvloed my idee van die huwelik 97

Tabel 9.3: My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die man 98

Tabel 9.4: My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die vrou..... 98

Tabel 9.5: Ek sal makliker deur my vriende aanvaar word indien ek in ’n verhouding is 99

Tabel 9.6: My ouers beïnvloed nie my idee van die huwelik nie 99

Tabel 9.7: My ouers sien hulle huwelik as ’n gelukkige huwelik 100

Tabel 9.8: Ek ervaar druk van my ouers om tot die huwelik toe te tree 100

Tabel 9.9: My ouers beïnvloed nie my idees aangaande die rol van die vrou nie 101

Tabel 9.10: Ek sal makliker deur my ouers aanvaar word indien ek in ’n verhouding is 101

Tabel 10.1 Betroubaarheid van data 102

Hoofstuk 1: Inleiding tot Metodologie en Literatuuroorsig

1.1 Inleiding

Die huwelik as sosiale instelling word tans as onder druk gesien omdat die toepaslikheid van hierdie sosiale konstruksie bevraagteken word. ’n Skerp toename in die voorkoms van egskeidings en saamwoonverhoudings tussen jonger individue lei daartoe dat die rol wat die huwelik in die samelewing vervul, bevraagteken word. Die toetreding tot die huwelik hou verskeie implikasies in wanneer daar na die konsep vanuit ’n genderstudie-oogpunt gekyk word. Die rol van beide die man en vrou in die huwelik is veral relevant, aangesien ekonomiese druk al hoe meer vereis dat albei partye by die ekonomiese sfeer betrokke moet wees. Die invloed van geloof op die persepsies van die rolle van die partye in die huwelik asook die keuse om in die huwelik te tree, moet ondersoek word. Daar gaan in die konteks van die Christelike geloof na huwelike gekyk word, aangesien die rol van die vrou en seksualiteit ’n belangrike onderwerp in die geloof is.

1.2 Probleemstelling

Hierdie studie poog om die persepsies van jong Afrikaners[1] aangaande die huwelik te meet. Daar moet ’n klem gelê word op die konseptualisering van die Afrikaner. Hierdie studie sal na Afrikaners verwys met die idee dat hulle Afrikaansprekend is. Die studie fokus spesifiek op die Afrikaners as eenheid van analise. Daar word gepoog om Afrikaners se persepsies oor die huwelik te meet. Die studie poog ook om die rede vir veranderde waardes van Afrikaners te meet. Die skuif na globale waardes, wat insluit die neiging om meer liberaal ten opsigte van die huwelik te wees, het die vraag laat onstaan of Afrikaners konserwatief[2] of meer liberaal ten opsigte van die huwelik is.

[1] In hierdie studie sal daar deurgans na Afrikaner en Afrikaansprekendes verwys word. Die proefgroep het slegs bestaan uit Afrikaansprekende studente. Indien daar na Afrikaners verwys word, word daar bedoel die Afrikaansprekende lede van die spesifieke proefgroep.Afrikaner and Afrkaansprekende word dus vir die doel van die studie interveranderlik gebruik. Waar na Afrikaner verwys word is dit nie na Afrikaner identiteit nie, maar na die taal wat die respondent praat.

[2]In hierdie konteks verwys konserwatief as na die behoud van die status quo, en liberaal as die wegbeweging of verandering van die huidige omstandighede.

1.3 Doel van die studie

- Om die persepsies van blanke Afrikaanssprekende studente aangaande die huwelik te meet.
- Om die persepsies van blanke Afrikaanssprekende oor gender in die huwelik te toets.
- Om die persepsie van blanke Afrikaanssprekende studente oor arbeidsverdeling in die huwelik te toets.
- Om die funksionaliteit van huwelik as ʼn sosiale instelling in die samelewing onder blanke Afrikaanssprekende studente te toets en te evalueer.
- Om die invloed van die omgewing en die kerk, die media asook ouers en vriende ten opsigte van die huwelik te toets

1.4 Agtergrond en rasionaal

Larson (1988:3), argumenteer dat ʼn hoë egskeidingsyfer aan die orde van die dag is omdat daar ʼn te groot verwagting ten opsigte van die huwelik is. Veral jeugdiges verwag dat hul huweliksmaat die rol van vriend, ouer en raadgewer moet vervul en aan hul seksuele verwagtinge moet voldoen. Epstein en Eidelson (1981) het ook gevind dat die rede vir ongelukkige huwelike tot ʼn groot mate die onrealistiese verwagtinge en persepsies van die huwelik is. Die mites wat die samelewing oor die huwelik skep en vestig by jeugdiges speel dus ʼn groot rol wanneer hulle tot die huwelik tree. In hierdie studie sal slegs persepsies getoets word, aangesien die proefgroep nie getroud is nie. Die onderliggende redes aangaande die verklaring van gedrag is volgens McGinnis (2003:106-107) bedoelinge. Volgens die model van Ajzen en Fishbein (1980) is optrede die gevolg van intensies, en intensies die produk van houdings asook subjektiewe norme. Houdings word dus bepaal deur te glo dat sekere gedrag tot sekere gevolge sal lei. Alhoewel verwagtinge nie noodwendig dieselfde gekonstrueerde konsep as intensies is nie, dui intensies op verwagtinge. Hierdie model vereis egter dat sekere verwagtinge in terme van verhoudings geïdentifiseer moet word, sodat die toekoms van die verhouding bepaal kan word.

Studies wat reeds oor studente en hul persepsies van die huwelik gedoen is, dateer uit die jare tagtig van die vorige eeu. Nuwe studies word benodig aangesien ʼn duidelike verandering in terme van die huwelik in die samelewing plaasgevind het. Studies wat alreeds gedoen is, dui op die verwagtinge oor die rol van die huwelik (Dunn, 1960; Keller, Maxwell & Ritzert, 1978; Sterret & Bollman, 1970), asook gereedheid vir die huwelik (Stinnnett, 1960). Baie

min van hierdie studies fokus op studente se kennis oor die huwelik (Martin & Martin, 1984). Die *AWARE* opname wat in 1994 deur Olson en Fournier gedoen is, het spesifiek op houdings teenoor en verwagtings van die huwelik gefokus. Hierdie studie is tans die mees onlangse een oor die onderwerp.

Daar blyk ’n behoefte te wees aan ’n studie in die Suid-Afrikaanse konteks, en veral in die Afrikanergemeenskap , aangesien studies in hierdie veld redelik beperk is. Hierdie studie sal poog om blanke Christelike Afrikanerstudente se menings oor sowel die rol van die huwelik in ’n moderne samelewing as genderrolle in die huwelik, te ondersoek. Die veronderstelling dat Afrikaners ’n homogene groep is, is egter nie meer ’n aanname wat bloot gemaak kan word nie. Dit maak die definiëring van die groep uiters kompleks. Die studie maak gebruik van die definisie vir Afrikaners, soos bepaal in Davies (2004). Davies (2004:117) definieer Afrikaners as blanke Suid-Afrikaners wie se moedertaal Afrikaans is. Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat daar slegs van blanke Afrikanerstudente in die studie gebruik gemaak is. Die lede van die proefgroep in die spesifieke studie is dus almal blanke Christelike Afrikanerstudente aan die Universiteit van Stellenbosch.

Temas wat in die tesis aangespreek sal word, is onder andere gender, die huwelik, die verdeling van arbeid, asook persepsies en verwagtinge van adolessente ten opsigte van hierdie temas.

Eskridge (1996) verduidelik die funksies van die huwelik. Volgens hom sluit hierdie funksies ekonomiese sekuriteit, legitimiteit, ondersteuning van ’n gesin, die verdeling van arbeid in die huishouding, asook die langtermyn ondersteuning van ’n lewensmaat in. In Le Roux en Van Rooyen (2007) noem Popenoe en Whitehead dat die funksies, veral ten opsigte van die publieke, sosiale, religieuse en ekonomiese aspekte, baie verander het. Die beweging weg van bogenoemde funksies word deur Le Roux & van Rooyen (2007) verklaar aan die hand van die feit dat die huwelik tradisioneel meestal as ’n sosiale instelling vir ekonomiese sekuriteit en voorplanting gesien is. Tans word die huwelik in die Westerse konteks toenemend as ’n instelling gesien waarin individue self-vervulling kan bereik (Hamon & Ingoldsby, 2003). Individualistiese kulture plaas klem op liefde wat lei tot die huwelik. Tog heers daar ander redes vir toetrede tot die huwelik. Dit sluit onder andere ekonomiese redes, godsdienstige redes, gesinstatus, politieke alliansies, seksuele en emosionele redes en die samelewing se verwagtinge in (Gerstmann, 2004). Volgens Larson (1988) beïnvloed tradisionele idees aangaande die huwelik veral vroue in hul opinie oor die huwelik. Die romantiese aspek

daarvan skep ook ’n idealistiese prentjie by vroue. Die gesin speel ook ’n belangrike rol. Daar sal dus ondersoek ingestel word om te bepaal of ander faktore ook hierdie idees oor die huwelik beïnvloed, en wat die uitwerking daarvan is.

Hierdie studie is gedoen met die verwagting dat Christelike waardes vir die betrokke proefgroep belangrik is aangesien slegs Christelike studente betrokke sal wees. Byna 80% van Suid-Afrikaners bestempel hulself as Christene en in die Christelike denominasie is vroue steeds meestal afwesig van leierskapsposisies. Ook het die meeste gelowe wat in Suid-Afrika voorkom, patriargale waardes ten opsigte van die huwelik, die gesin en die rol van die vrou in die samelewing (Baden et al, 1998). Vir die doel van die studie sal daar slegs na Christene se idees aangaande die huwelik gekyk word aangesien die rolverdeling in die huwelik in hul geloof gedefinieer word, en baie kontroversieel is.

Gender blyk ook ’n oorkoepelende tema in die studie te wees. Dit is egter interessant dat Zuo (1997) gevind het dat gender deur die samelewing geskep word en nie as ’n vaste konsep gesien kan word nie. Die konsep moet dus herdefinieer word met betrekking tot die spesifieke samelewing en tydperk.

Gender-gevormde sosiale strukture soos die huwelik manifesteer ook in die verdeling van arbeid vanuit ’n gender-perspektief. Dus word gender gedefinieer as die idees wat die samelewing bepaal as gepas vir manlikheid en vroulikheid. Die verdeling van arbeid in die genderkonteks is belangrik, want alhoewel dit as ingebore gesien word, pas dit aan by die samelewing en die sosiale en ekonomiese situasie (O’Brien & Williams, 2004:200). Gallagher (2004) dui aan dat die huidige ekonomiese situasie van vroue vereis om deel te raak van die ekonomiese sfeer en dat hul rol in die huwelik gevolglik ’n verskuiwing ondergaan het.

Verskeie skrywers beaam die idee dat die nukleêre gesin besig is om in die samelewing te verdwyn. Tog word daar verder geargumenteer dat die nukleêre gesin nie besig is om te verdwyn nie, maar dat hierdie instelling bloot besig is om aan te pas by die veranderinge wat in die samelewing plaasvind. Die nukleêre gesin verander dus bloot sy struktuur vanaf ’n patriargale instelling, wat gedefinieerde rolle het, tot ’n gelyke-vennootskap waarin mans en vroue hulle rol definieer en nie bloot die rol wat die samelewing aan hulle toegeken het, te aanvaar nie (Dunn, 1960:99).

Norris & Inglehart (2003:9) het gevind dat daar ’n definitiewe verskuiwing ten opsigte van gender in die samelewing plaasvind. Daar is gevind dat genderrolverdeling meer eweredig plaasvind en dat die modernisering van die samelewing in ’n groot mate hierdie paradigmaskuif beïnvloed het.

Die vraag onstaan egter of hierdie skuif werklik plaasgevind het, en of daar in die moderne samelewing meer klem op tradisionele waardes in teenstelling met die moderne waardes geplaas word.

1.5 Toetsbare stellings

Die volgende stellings uit die literatuuroorsig gemaak word en sal dan in die studie getoets word.

Stelling 1: Jong gelowige Afrikaanssprekende studente ondersteun die huwelik as sosiale instelling.

Stelling 2: Die Afrikaner as kultuurgroep is steeds konserwatief aangaande die huwelik asook gender in die samelewing.

Stelling 3: Die rol van geloof in die lewens van jong Afrikaanssprekendes, het ’n invloed op hul keuse om te trou

Stelling 4 : Die rol van geloof het ’n impak op jong Afrikaanssprekendes se idee aangaande die verdeling van arbeid in die huwelik.

Stelling 5: Die veranderende persepsies van die samelewing het ’n impak op die begrip van gender, die huwelik en die verdeling van arbeid in die huwelik.

1.6 Metodologie

Hierdie studie maak gebruik van primêre data, ’n vraelys, fokusgroepe sowel as sekondêre data.

Kwalitatiewe data is vanuit twee fokusgroepe verkry: een wat op kampus aangaande gender gehou is en die ander met die fokus op godsdiens. Hierdie fokusgroepe het bloot gedien as ’n basis vir verdere bespreking in die literatuur en die vraelys. Die primêre data is verkry vanuit ’n meningsopname wat die persepsies van blanke Christelike Afrikanerstudente aangaande rolverdeling in die huwelik asook die huwelik as sosiale instelling toets. Hierdie fokusgroepe sal in Hoofstuk 5 breedvoerig bespreek word.

Daar is van ’n proefgroep wat lukraak getrek is gebruik gemaak. Alhoewel daar ’n spesifieke getal respondente vir elke jaargroep verkry wou word, was die individue in elke jaargroep lukraak gekies. Die vraelyste is deur dertig blanke Christelike Afrikaansprekendestudente oor ’n tydperk van ’n maand, voltooi. Aangesien studierigtings die persepsies van studente kan beïnvloed is die proefgroep in vyftien manlike en vyftien vroulike studente van verskillende studierigtings, voorgraads en nagraads verdeel. Die vraelys toets persepsies en nie ervaring nie, aangesien geen van die studente al getroud is nie.

Die probleme wat egter met meningsopnames aan die orde is, is dié van foute wat insluip met die trek van ’n proefgroep en foute in die opname self. Die onbereidwilligheid van respondente om deel te neem aan ’n studie is ’n verdere probleem wat kan voorkom. Tog kan meningsopnames betroubare inligting genereer en sodoende as ’n ware weerspieëling van opinies en persepsies van die eenheid van analise dien. Vir teoretiese agtergrond sal daar van sekondêre bronne gebruik gemaak word.

1.7 Hoofstuk uitleg

Die tesis sal in ses hoofstukke verdeel word. Die eerste hoofstuk is ’n inleidende hoofstuk wat die rasionaal en metodologie van die studie sal bespreek. Hoofstuk twee sal gender en geslag as konsepte aanraak en beide die konsepte in die raamwerk van die studie verklaar. Die derde hoofstuk sal die huwelik as ’n sosiale instelling bespreek en veral die funksionaliteit van die huwelik belig. Hoofstuk vier bespreek die invloed wat die veranderinge in die arbeidsmark op die verdeling van arbeid het. Hierdie hoofstuk sal ook die veranderende waardes van die

samelewing toelig. In hoofstuk vyf, word die metodologie van die tesis bespreek. Hoofstuk ses rapporteer die bevindinge, en hoofstuk sewe is ’n samevatting van beide die primêre asook die sekondêre data se bevindinge.

Hoofstuk 2: Gender en Geslag

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk sal grootliks aandag skenk aan die konsepte van geslag, of '*sex*', en geslagtelikheid of gender. Die noodsaaklikheid om tussen hierdie twee konsepte te onderskei is van uiterse belang aangesien daar steeds verwarring aangaande die konsepte bestaan. Die fokus sal meestal wees op gender as 'n konsep wat aktief in die samelewing gekonstrueer word. 'n Kort oorsig oor die onstaan van die konsep gender word ook weergegee. Gender word verduidelik deur middel van 'n kognitiewe kategoriseringsmodel wat onder andere aanleiding gee tot die vorming van stereotipes en persepsies oor die geslagte. Genderidentiteite en stereotipes sal breedvoerig bespreek word, aangesien die rol van gender in die samelewing 'n noue verbintenis met wanpersepsies en vooropgestelde idees het. Die skepping van genderrolle word deur middel van verskeie perspektiewe bespreek, en die daarstelling van manlike en vroulike rolle in die samelewing word gekritiseer en ontleed. Verder sal evolusionêre teorieë aangaande gender en die daarstelling van gender in die samelewing bespreek word.

2.2 Konseptualisering van konsepte aangaande gender

Die onderstaande gedeelte sal eerstens gender konseptualiseer. Daarna sal geslag ook in die konteks van die studie gekonseptualiseer word.

2.2.1 Oorsig oor die ontstaan van die konsep, gender

Voor die negentiende eeu was daar bloot na geslags- en genderverskille verwys in terme van geloofsoortuigings. Daar is geargumenteer dat God, soos gestel in die Bybel, aan man en vrou verskillende rolle toegeken het om in die samelewing te vervul. Eers gedurende die negentiende eeu, onder die invloed van Darwin, het die fokus ook begin val op evolusionêre biologie en die ontwikkeling van gender in terme van sosialisering en aanpassing (Richardson, 2008: 6).

Gedurende die negentiende en die eerste helfte van die twintigste eeu het bioloë, mediese navorsers en sielkundiges byna alle navorsing ten opsigte van geslag en die idees rondom gender voortgebring. Hierdie navorsing het meestal gefokus op die biologiese en natuurlike verduidelikings vir die verskille wat tussen die twee geslagte bestaan. Hierdie navorsers wou die biologiese verskille koppel aan die psigologiese verskille en sodoende ook die verskil in optredes van mans en vroue. Dié konseptualisering van gender is gedoen deur na geslag te verwys, wat op natuurlike verskille gebaseer is. Deur middel van binêre omskrywing is konsepte verduidelik in terme van hul binêre verhouding, naamlik man en vrou, manlik en vroulik, manlikheid en vroulikheid. Dus word die konsepte verduidelik deur teenoorgesteldes. Man en vrou is dus teenoorgesteldes en alhoewel hulle verskillend is, komplementeer hulle mekaar. Hierdie verskille is biologies en kan nie verander word nie (Richardson, 2008:5).

Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu is die konseptualisering van gender nie meer beperk tot biologiese verskille tussen mans en vroue nie en gedurende die 1960's en 1970's het kritiese denke ten opsigte van die konsep van gender ontwikkel. Essensialisme het na vore gekom en daar het 'n definitiewe wegbeweeg van die konseptualisering in terme van biologiese verskille plaasgevind. Die belangrikheid van sosiale konstruksie in terme van geslag, asook die belangrikheid van kulturele en sosiale faktore, het bygedra tot die konseptualisering van gender (Richardson, 2008:5).

Dit is egter nie bekend wie gender vir die eerste maal in die huidige konteks gebruik het nie, maar daar word wel genoem dat dit in die 1960's in die veld van seksologie en die sielkundige aspekte van seks gebruik is (Bradley, 2007:15). Die konsep gender is vir die eerste keer in 1965 deur John Money as 'n aparte konsep van geslag gesien, maar eers in 1968 deur Robert Stoller geteoretiseer (in Harrison, 2006:36). Volgens Jackson & Scott (2002:1) is die konsep gender begin gebruik om klem te plaas op die sosiale konstruksie van manlikheid en vroulikheid, asook die rolle wat vir mans en vroue in die samelewing geskep is.

Oakley het ook reeds in 1972 as die eerste vrou van die feministiese skool geskryf oor die verskil tussen geslag en gender. Millet, Mitchell en Rubin het in die 1970's ook die konsep gender met die onderdrukking van die vrou verbind en 'n korrelasie met patriargie getref (Bradley, 2007:15). Volgens Lips (2005:5) het Rhoda Unger alreeds in 1979 begin onderskei tussen geslag en gender. Sy het geslag gebruik om 'n persoon se biologiese manlikheid of vroulikheid te beskryf en gender om die nie-fisiese aspekte en die kulturele verwagtinge vir

manlikheid en vroulikheid te beskryf. Hierdie onderskeid was uiters bruikbaar aangesien dit die verskille tussen mans en vroue verduidelik het, en nie net op biologiese gronde na verskille verwys het nie.

Gender as konsep en die onderskeiding met betrekking tot geslag, is ook deur die feministiese skool bestudeer en het ŉ belangrike grondslag vir die skool geword. Hierdie verskille is veral gedurende die 1960's en 1970's bestudeer (Richardson, 2008:6). Die konsep gender soos dit tans gebruik word, se konseptualisering is meestal aan die Vroulike Vryheidsbeweging (Tweede Golf Feministe) van die 1970's en die 1980's te danke. Die Tweede Golf Feminisme wat gespruit het uit die denkskuif van die sestigerjare, het die onderdrukking van vroue benadruk. Hierdie is verbind tot ŉ akademies georiënteerde groep wat vroue en hul rol spesifiek nagevors het. Die persone betrokke in die Vroulike Vryheidsbeweging wat meestal uit graduandi bestaan het, het gepoog om klem op die rol van die vrou te plaas. Om hierdie doel te verwesenlik moes hul ŉ teoretiese raamwerk vir hul studies skep (Bradley, 2007:14-15).

Studies oor transseksualisme, het ook ŉ invloed op die onderskeiding van geslag en gender gehad. Dit was die studie van transseksualisme wat die idees aangaande ŉ gevoel van vasgekeerdheid in die verkeerde liggaam beskryf het. Genderidentiteit en biologiese verskille kon sodoende van mekaar onderskei word (Richardson, 2008:5). Verdere konseptualisering van gender soos ontwikkel in die 1990's word gesien in postmoderne en homoseksuele teorieë. In die 1980's was daar ŉ definitiewe skuif van die blote konseptualisering van die verskil tussen geslag en gender na ŉ poging om die verskille te gee, deur middel van ras, klas, etnisiteit en seksualiteit. Dit was ook in dié tydperk wat Foucault op hiërargie, magsverhouding asook gender begin fokus het (Richardson, 2008:11).

Die onstaan van die konsep gender het nuwe navorsingsmetodes en insigte met betrekking tot die verskille en ooreenkomste ten opsigte van mans en vroue na vore gebring. Hierdie moontlikhede en nuwe navorsing verduidelik eerstens dat hiërargie ŉ onderliggende konsep in die studierigting is, en indien navorsing in die veld gedoen word, moet die aanwesigheid van ŉ onderliggende magstruktuur in ag geneem word. Tweedens word gender slegs in sy enkelvoud-vorm gebruik. Hierdie taalkundige keuse het egter groter implikasies as net grammatika, aangesien dit moontlik gemaak het dat hierdie studieveld nie verdeel is op grond van geslag nie, maar dat dit gender in sy geheel ondersoek. Derdens was die verskille ten opsigte van mans en vroue gesien as vatbaar vir verandering deur die samelewing en

gegroepeer in een konsep wat verandering en aanpasbaarheid toegelaat het (Jackson & Scott, 2002:52).

2.2.2 Konseptualisering van gender

Gender soos in hierdie studie gebruik, sal verwys na ʼn sosiaal gekonstrueerde konsep. Connel (in Paxton,2005:7) verduidelik dat gender die kern vorm van individue se persoonlike lewe, sosiale verhoudings asook kultuur. Man en vrou as konsepte is dus nie staties nie en die konsep is in der waarheid ʼn konstruksie. Ofskoon gender op sigself soos ʼn vaste onveranderbare konsep lyk, is dit nietemin vloeibaar en aanpasbaar. Die woord gender kan dus as ʼn aksie beskryf word aangesien individue se gender konstant deur die samelewing beïnvloed word.

Dit is interessant dat Zuo (1997) gevind het dat gender deur die samelewing geskep word en nie as ʼn vaste konsep gesien kan word nie. Die konsep moet dus herdefinieer word met betrekking tot die spesifieke samelewing en tydperk. Connel (1987) beklemtoon ook dat sosiale ervarings en gebruike deur gender-gevormde sosiale strukture beperk of gevorm word.

Sosiale wetenskaplikes gebruik gender as ʼn konsep op twee maniere. Eerstens word gender, alhoewel dit ʼn aparte konsep van geslag is, steeds verwar met geslag en gevolglik as sinoniem vir geslag gebruik. Hierdie perspektief wat verwys na biologiese verskille, staan as die essensiële perspektief bekend.

Die tweede perspektief ten opsigte van gender verwys na gender as ʼn aksie, asook na die persoonlike karaktereienskappe wat deur kultuur gevorm word. Hierdie optredes en karaktereienskappe word beïnvloed deur die biologiese verskille, maar die biologiese verskille is nie die kern invloed op die vorming van die individu se karakter nie. Die essensiële perspektief dui aan dat ʼn proses soos sosialisering individue beïnvloed om op ʼn sekere manier op te tree wat deur die vestiging van genderrolle, veroorsaak is. Hierdie verskille ten opsigte van mans en vroue is dus sosiaal en nie biologies gedrewe nie (Howard & Hollander, 1997:10-11). Volgens Delamont (in le Roux & Steyn, 1991:3), het dit gebruiklik geword om tussen die konsepte geslag en gender te onderskei. Gender, volgens le Roux en Steyn (1991:3) verwys na karaktereienskappe, gedragspatrone, verwagtinge, belangstellings en houdings. Gender het dus geen biologiese implikasies nie, maar is ʼn proses

wat aangeleer kan word. Later in hierdie studie (Hoofstuk 4) sal die faktore wat gender beïnvloed, bespreek word.

Volgens Meena (1992:1) is gender sosiaal-gekonstrueerde aanpasbare rolle wat mans en vroue in hul daaglikse lewe speel. Gender dui ook op die strukturele verhouding met die klem op ongelykheid tussen mans en vroue soos dit in die arbeidsmark, politieke struktuur en in die huishouding tot uiting kom.

Gender is volgens Jackson & Scott (2002:1-10) ʼn konsep wat die onderliggende hiërargiese skeiding tussen mans en vroue in beide sosiale instellings asook sosiale interaksie, simboliseer. Gender is dus ʼn sosiale fenomeen wat ook verder ontwikkel en aanpas na gelang van alledaagse interaksie. Die onstaan van die konsep gender het die samelewing dus gehelp om in ag te neem dat alle verskille nie biologies is nie, en dat verskille ten opsigte van manlikheid en vroulikheid eerder ʼn kulturele en sosiale veranderlike is. Dit is egter ook belangrik om te verstaan dat die betekenis van wat dit is om man of vrou te wees verskil tussen samelewings aangesien gender ʼn sosiale konstruksie is wat onder andere gevorm word deur die idees van die betrokke individue in die samelewing.

Tog redeneer Lips (2005:5-6) dat daar nie tussen gender en geslag onderskei kan word nie, aangesien die kulturele verwagtinge vir vroue en mans, naamlik hul gender, nooit apart van hul biologiese verskille verklaar kan word nie. Die rede hiervoor is ook, dat daar in sommige gevalle nie onderskeid getref kan word of sekere verskille tussen mans en vroue as gevolg van hul biologiese samestelling of die omgewing bestaan nie. Die rede vir die klem op die onderskeid tussen geslag en gender was om dit te benadruk dat daar sekere biologiese verskille tussen die geslagte bestaan. Die verskille sou ook ʼn patriargale sisteem vestig en veroorsaak dat ʼn bewustheid ontstaan dat vroue slegs sekere rolle kan vervul, naamlik dié in die huishoudelike sfeer (Pilcher & Whelehan, 2004:56).

2.2.4 Gender as ʼn aktiewe proses

Aangesien gender deel is van die sosialiseringsproses, kan dit ook in terme van ʼn aktiewe proses verduidelik word. Die uitdrukking *'doing gender'*, verduidelik die proses verskille tussen seuns en dogters, mans en vroue, te skep, wat nie natuurlik, essensieel of biologies is nie. Indien die verskille geskei word, word gender benadruk. Goffman (in Kimmel, 2000:140) verduidelik dat sekere institusionele raamwerke geskep word wat individue se

natuurlike geslag aanpas. Eerstens skep die fisiese omgewing die raamwerk om die verskille tussen mans en vroue aan te dui. Die voorbeeld wat hier gebruik kan word, is badkamers wat geslag deur middel van tekens aandui, en dus ’n definitiewe skeiding veroorsaak. Tweedens, skep gestandaardiseerde sosiale byeenkomste soos sport, verskille tussen mans en vroue. Die voorbeeld van sport verwys na die idee dat manlikheid deur fisiese krag verduidelik moet word. Derdens kan maniere van voorplanting en keuse van maats in die samelewing verdere verskille tussen die geslagte benadruk.

Heritage (in Kimmel, 2000:139), verduidelik dat individue in samelewings gereeld betrokke is by die beskrywing van prosesse en dus die konseptualisering van hoe die samelewing behoort te funksioneer. Hierdie beskrywing is belangrik en het ’n groot impak op die wisselwerking tussen die samelewing en sy lede. Beskrywings benoem, kategoriseer, formuleer en verduidelik sekere omstandighede en aktiwiteite van die sosiale raamwerk. Die sosiale proses skep dus die sosiale raamwerk van die samelewing. Die verantwoordbaarheid ten opsigte van die skepping van genderrolle berus dus by enige individue wat aan sekere aktiwiteite, wat manlikheid en vroulikheid uitbeeld, deelneem.

Verder in die studie sal daar gekyk word na watter sosialiseringsagente (Hoofstuk 4) die waardes en norme wat aan gender gekoppel word, bepaal en vestig in die samelewing.

2.2.5 Gender as ’n kategoriseringsmetode

Howard en Hollander (1997:13) het gevind dat kinders vanaf ’n jong ouderdom alreeds die samelewing in terme van ’n binêre sisteem sien en verstaan. Kinders sien gender as ’n binêre aspek van menswees. Binêre idees verwys na die kind se ingesteldheid in terme van gender en die feit dat ’n persoon óf die een óf die ander kan wees. Kinders word dus grootgemaak met die idee dat sekere aktiwiteite meer geskik is vir sekere geslagte. Dus definieer die sentrale rol van kultuur, gender asook verwagtinge van gender aangaande die binêre model. Gender (Kimmel, 2000:1) is nie net ’n metode waardeur mans en vroue geklassifiseer, gesorteer en gesosialiseer word sodat sekere geslagsrolle aan hul toegeken word nie; dit verduidelik ook ’n universele ongelykheid tussen mans en vroue. Wanneer daar dus na gender verwys word, word daar ook na hiërargie, mag en ongelykheid verwys en nie net na verskille tussen die geslagte nie. In die kategorisering van mans en vroue werk die samelewing in terme van binêre opposisies. Hierdie tendens kom ook voor in terme van ouers wat slegs twee kinders het. Indien hierdie ouers gevra word om hul kinders te beskryf, sal een die leier wees

en een die volger of een sal meer sosiaal wees en een meer teruggetrokke. Die twee persone word dus verduidelik in vergelyking met mekaar (Deaux & Major, 2000:81).

Volgens Howard en Hollander (1997: 12) is geslag steeds die grootste basis vir klassifikasie in terme van individue. Die kognitiewe kategorisering wat individue maak in terme van geslag dui ook op individue se konstante soeke na wie hul is, en ook grotendeels wie en wat hul nie is nie. Gender is ʼn fundamentele bydraende faktor in die bepaling van individue se identiteit. Individue se identiteit word dus ook bepaal in terme van hulle verstaan van hul gender en die betekenis van gender in hul spesifieke samelewing.

Wanneer individue volgens hul geslag en gender gekategoriseer word, kom stereotipes meer dikwels in die samelewing voor. Stereotipes wat gebaseer is op geslag is gewoonlik gemene idees van die samelewing aangaande watter tipe eienskappe aan sekere individue gekoppel word. Sulke stereotipes word slegs bepaal deur na die geslag van die individu te kyk (Lips,2005: 2). Volgens Basow (1992:3) is stereotipes ʼn sterk opinie wat gebaseer is op veralgemenings oor mense in spesifieke sosiale kategorieë. Om te verstaan waarom stereotipes bestaan, moet daar eers na die spesifieke kultuurgroepe gekyk word, aangesien alle kultuurgroepe hul eie geskiedkundige agtergrond oor die hiërargie van mans en vroue het. Die funksie van stereotipes is om die status quo te ondersteun. Daarom word die dominante groep dikwels stereotipies gesien as meer intelligent, sterk of watter karaktereienskappe deur die samelewing as dominant beskou word. Juis dít tesame met die feit dat stereotipes gebaseer is op die betrokke samelewing se idees, is dit dinamies en veranderbaar. Aangesien stereotipies met betrekking tot mans en vroue veral aanpasbaar is, word hulle gevorm in terme van die sosiale konteks, en verskil hulle na gelang van sosiale en kulturele groepe in die betrokke samelewings. Daar is dus geen enkele stereotipe vir manlikheid en vroulikheid nie. Hierdie gekonstrueerde beskrywings van mans en vroue is gebonde aan tyd en plek, en word aangepas by die tydperk en wat die samelewing van mans en vroue verwag (Lips, 2005:4-5).

Stereotipering vind nie net plaas in terme van geslag nie, maar ook sosiale klas, ras, ouderdom, geloof asook enige onderskeiding wat veroorsaak dat individue in groepe geklassifiseer kan word. Die stereotipering op grond van geslag is egter anders aangesien dit alle individue in slegs twee groepe verdeel, naamlik manlik en vroulik. Geslagstereotipering veroorsaak ook dat daar ʼn samelewing van teenoorgesteldes tot stand kom. Daar word maklik gepraat van vroue as die teenoorgestelde geslag van mans en hierdie veralgemening

beklemtoon die stereotipering wat plaasvind. Volgens die binêre verdeling van die samelewing moet vroue emosioneel wees, terwyl mans rasioneel is; vroue moet goed wees ten opsigte van huishoudelike take en mans moet professioneel wees asook beter presteer. Navorsers voel selfs dat om die twee geslagte te sien as teenoorgesteldes, een van die mees ontwikkelde kontinuums is wat deur individue daargestel is. Die kontinuum veroorsaak egter verdere stereotipering aangesien ʼn man wat wegbeweeg van die een pool en meer eienskappe aanneem wat aan die vroulike pool gekoppel word, gesien word as meer vroulik en nie as minder manlik nie. Daarom as daar gemerk word dat ʼn vrou byvoorbeeld meer intellektueel of meer prakties optree sal daar na haar verwys word as manlik (Lips,2005:3).

2.2.6 Genderidentiteit

Dit is belangrik dat ʼn onderskeid getref word tussen sosiale identiteite en genderidentiteite, aangesien sosiale identiteite verwys na identiteite waarvan daar afstand gedoen kan word, of wat veranderbaar is (Kimmel, 2000:141). Die sosiale identiteit van ʼn huweliksmaat word in die tesis ondersoek, asook die genderidentiteit van man en vrou. Die agente wat die sosiale identiteit verander, is van uiterse belang vir ʼn in-diepte bespreking van genderidentiteit. Daar bestaan verskillende sosiale identiteite soos byvoorbeeld dié van vriend, huweliksmaat en landsburger. Individue kan ook verskillende sosiale identiteite op een slag vervul. Individue is wel konstant man of vrou. Die gevolg is dat alle individue hul betrokke plekke in die samelewing verstaan, en indien individue betrokke is by aktiwiteite van die teenoorgestelde geslagskategorie, word die aktiwiteite soos neergelê deur die samelewing bevraagteken (Kimmel, 2000:141).

Genderidentiteit word deur sielkundiges beskryf as ʼn fundamentele kennis van individue se manlikheid of vroulikheid. Hiermee hang ook saam individue se aanvaarding van hul sosio-psigologiese konstruksie wat parallel loop met hul biologiese samestelling (Lips, 2005, 69). Deaux en Major (in Kimmel, 2000:84) verduidelik dat die individue alreeds op ʼn jong ouderdom manlike en vroulike gedrag aanleer. Alhoewel gender ʼn universele konsep is, verskil die konsep se betekenis van een individue na ʼn ander. Eerstens is daar gevind dat die konsep gender vir vroue van groter belang is aangesien hulle hulself makliker as vrou of aan die rol wat aan die vrou in die samelewing toegeken word, sou definieer. Genderidentiteit ontwikkel grootliks tydens die kinderjare en sodra dit gevestig is, sal dit weinig verander.

Ook word geslag in terme van man en vrou verskillend gedefinieer. ’n Vrou kan vroulik of feministies wees en steeds as ’n vrou gedefinieer word. Genderidentiteit verwys na die individue se bewustheid aangaande hulself en hulle manlikheid of vroulikheid. Individue beskryf gewoonlik nie hulself as beide mans en vroue of ’n mengsel van die twee geslagte nie. Dit is egter belangrik om te verstaan dat genderidentiteit nie noodwendig in ooreenstemming met ’n persoon se geslag of gender behoort te wees nie, en dat dit geen affiliasie met ’n persoon se seksuele oriëntasie het nie (Howard & Hollander, 1997:16-17).

Dit is dus volgens Kimmel (2000:100) die rol van die samelewing om die verskillende geslagte óf manlik óf vroulik te laat optree. Volgens West en Zimmerman (in Kimmel, 2000:100) is gender nie net bloot ’n afdeling van ’n individu se identiteit wat staties is nie, maar veel eerder ’n produk van interaksies. Dus is ’n individu se gender nie net ’n afdeling van wat ’n individu is nie, maar wat ’n persoon doen, en doen ten opsigte van ander individue.

Gender se betekenis in die konteks van Afrikanerstudente ten opsigte van die huwelik word dus nagevors. Alhoewel gender as konsep universeel is, sal die waardes wat aan die konsep gekoppel word verskil tussen samelewings en kultuurgroepe.

2.3 Geslag as konsep

2.3.1 Konseptualisering van geslag

Geslag soos deur West en Zimmerman (in Kimmel, 2000:132) verduidelik, is die kriterium, soos deur die samelewing bepaal, om tussen manlik en vroulik te onderskei. Geslag kan bepaal word deur óf die individu se voortplantingsorgane óf die individu se chromosome soos dit reeds voor die individu se geboorte vasgestel is. In teenstelling met West en Zimmerman argumenteer Westheimer en Lopater (2002) dat geslag bloot die biologiese toekenning van die natuur, naamlik manlik en vroulik, is. Geslag verwys ook na beide die anatomiese en genetiese samestelling van individue.

Die term “geslag” lyk heel eenvoudig om te konseptualiseer aangesien daar algemeen aanvaar word dat daar na voortplantingsorgane en chromosome verwys word. Volgens Howard en Hollander (1997:9-10), bestaan daar egter die gevoel dat daar slegs twee kategorieë met betrekking tot geslag bestaan en dat ’n persoon óf manlik óf vroulik is. Om geslag aan ’n persoon toe te ken is in die geval van biologiese tweeslagtige persone, ’n sosiale

proses aangesien sekere psigologiese kriteria tot ’n mate aan die individu toegeken word. Die vraag ontstaan of geslag ook gekonstrueer word?

2.3.2 Geslag as ’n konstruksie

Tans word daar na geslag, net soos gender, verwys as ’n sosiale konstruksie. Volgens Lynda Birke (1986) is een van die eerste uitdagings in terme van gender en die konstruksie van die konsep, dat geslag asook biologiese studies nie as staties en onveranderbaar gesien moet word nie. Volgens Birke (in Bradley, 2007:18) verander die liggaam deurdat dit interaksie met die omliggende omgewing, plaasvind.

Richardson (2008:6-7) verduidelik dat aangesien geslag die grondslag vir gender is, moet daar nie apart na die twee konsepte verwys word nie. Feministe argumenteer veral dat die skeiding van die twee konsepte nie meer nodig is nie. Gender, in teenstelling met geslag, is die proses om sekere optredes asook normatiewe persepsies uit te leef sodat dit ooreenstem met die eienskappe wat deur die samelewing neergelê en aan die geslagskategorie gekoppel word (Kimmel, 2000:132). Gender is dus ’n sosiale konstruksie. Die Tweede Golf Feministe was van mening dat vroue as gevolg van hul omstandighede as tweedeklas-burgers beskou word. Wat vroue kan en moontlik kon doen was beperk deur hul biologiese eienskappe. Hierdie benadeling van vroue as gevolg van hul biologiese samestelling is alreeds lank as algemeen aanvaar deur verskeie groepe. Vroue was nie toegelaat om aan sekere sportsoorte deel te neem of beroepe te beoefen nie. Die vrou se deelname aan en haar rol in die samelewing was dus bepaal deur haar biologiese samestelling. Feministe onderskei dus tussen biologiese eienskappe en kultureel-gekonstrueerde eienskappe (Woodward, 2008:81).

Om die kompleksiteit rakende geslag te verstaan kan daar verwys word na konsepte soos transseksualisme asook interseks. Foucault het alreeds in 1980 geskryf oor Herculine Barbin, die interseks wat as ’n dogter grootgemaak is, maar egter later uitgevind het dat haar geslagsorgane die van ’n mans is. Foucault noem dat dit hierdie tydperk waarin interseks mense nie meer as individue behandel word nie, maar egter individue word wat hul ware geslag wat problematies is wegsteek. Hierdie tydperk, word volgens Foucault beskryf as ’n iets wat nie stryk met die realiteit nie. Interseksualiteit word dus ook gesien as foute van die natuur, en iets wat nie natuurlik is nie (Harrison, 2006:43-44). Op eie bodem, het Suid-Afrika groot kontroversie beleef aangesien een van die Suid-Afrikaanse atletiekspanatlete, nadat sy wêreldrekords gebreek het, in die kollig beland het, nie oor haar prestasies nie, maar oor haar

geslag en geslagtigheid. Die agtienjarige Caster Semenya, word as ’n interseks persoon beskou nadat geslagstoetse gevind het dat sy interne testikels het en drie keer meer testosteroon as ander vroue vervaardig (*Die Burger*, 2009).

Dit is ’n afwyking van die norm soos deur die samelewing neergelê. Dié gendervraagstuk het egter kwessies aangaande gender in Suid-Afrika aangeroer en volgens Gouws (*Die Burger*,2009) was daar solidariteit oor die Semenya-kwessie in Suid-Afrika. Die probleem aangaande Caster Semenya was die feit dat die samelewing haar bloot as ’n objek en ’n voorwerp wat bestudeer moes word, hanteer het omdat sy as abnormaal beskou is. Sodra die onderskeiding ten opsigte van geslag en gender weggelaat word, word dit egter meer kompleks om tussen geslag en gender te onderskei. Woodward (2008:81) verduidelik dat gendervorming nie op biologiese aspekte berus nie, maar indien biologiese aspekte nie voldoende is om ’n onderskeid te tref tussen manlik en vroulik nie, moet gendersosialisering deur middel van alternatiewe metodes plaasvind. Gendersosialisering word dus afhanklik van die nukleêre gesin se subjektiewe idees oor wat die gender van die individu behoort te wees.

Eerstens, alhoewel geslag en gender saam gebruik word, word daar steeds na geslag as die biologiese verskille en gender as die sosiaal en kulturele konstruksie verwys. Indien daar na die twee konsepte as apart verwys word, kry geslag as ’n konsep steeds prioriteit aangesien hierdie konsep ’n impak het op gender as ’n kulturele en sosiale gekonstrueerde konsep. Daar word ook steeds geredeneer dat geslag wel ’n impak op gender het, en dat die biologiese aspekte met betrekking tot individue nie uit berekening gehou kan word, as ’n manier waarop gender gevorm word nie (Woodward, 2008:81).

Geslag soos daarna in hierdie studie verwys sal word, is die biologiese verskille tussen man en vrou. Manlikheid en vroulikheid word deur middel van sosialisering bepaal. Geslag sluit dus geen eienskappe van manlikheid en vroulikheid in nie, behalwe dié van anatomie, chromosome en voortplantingsorgane.

2.4 Natuur teenoor kultuur

Die ongelykheid tussen mans en vroue word meestal verduidelik in terme van die biologiese verskille tussen die twee geslagte. Soos reeds genoem verduidelik essensialisme dat mans en vroue sosiaal verskil, bloot omdat hulle biologies verskillend is. Hierdie natuurlike verskille

veroorsaak dat mans en vroue verskillende rolle in die samelewing behoort te speel (Lindsey, 2005:20).

Die daarstelling van genderidentiteit kan deur middel van die natuur (*nature*) teenoor kultuur (*nurture*) debat verduidelik word.

2.4.1 Natuur

Die biologiese argument kan sowel gender-verskille as gender-ongelykheid verduidelik. Aangesien hierdie argument in terme van biologiese studies en wetenskaplike bevindinge verduidelik word, word dit gereeld as korrek aanvaar. ’n Verdere argument vir die biologiese perspektief is dat die verskille wat deur hul uitgewys word, merkbaar is, en dus deur die gemiddelde individue as logies beskou word. Die biologiese debat gee versekering aan individue dat die verskille wat met die blote oog gesien kan word, aanvaar moet word en dat sosialisering dus natuurlik is. Die idee bestaan dat verskille tussen mans en vroue bestaan en aanvaar moet word aangesien dit biologies is, en daar niks gedoen kan word om hul lot te verander nie (Kimmel, 2000: 21-22).

2.4.2 Kultuur

Die ander argument in die natuur teenoor kultuurdebat is dié van kultuur, wat spesifiek fokus op die invloed van sosialisering van individue.

Kimmel (2000:3), verduidelik dat manlike en vroulike individue vanaf geboorte verskillend behandel word. Sodoende leer individue sekere gedragspatrone wat deur die samelewing neergelê word en wat óf manlike óf vroulik is. Dus word individue nie verskillend gebore nie, maar veroorsaak die sosialisering van individue verskille.

Volgens Kimmel (2000:122-126) begin gendersosialisering al by geboorte en is dit ’n voortdurende proses in die individu se lewe. Ouers het ’n stel idees in terme van die behoeftes van hul kinders, aangesien hulle ook gesosialiseer was in terme van wat die behoeftes van kinders op ’n sekere ouderdom behoort te wees. Ouers het ook hul eie drome en verwagtinge van hoe hul kinders op ’n spesifieke ouderdom behoort op te tree en watter tipe rolle die verskillende geslagte behoort te speel. Geslagsrolle word tydens die vroeë kinderjare gevestig deurdat die media sekere standaarde stel van wat ’n kind op ’n spesifieke stadium van ontwikkeling behoort te wees. Interaksie tussen kinders in skole speel ook ’n belangrike rol in

die proses waarin geslagsrolle vasgelê word. Tydens die kinderjare word die verskillende geslagte verskillend gehanteer deur sowel hul ouers as ander volwassenes. Daar is gevind dat ouers nie met opset hul kinders anders hanteer en sodoende genderrolle skep nie. Dít dui daarop dat ouers onbewustelik sekere genderrolle aanvaar in die samelewing en dit aan hul kinders oordra. Daar is ook gevind dat ouers se interaksie met jong kinders gebaseer is op volwassenes se vooropgestelde idees oor hoe die betrokke geslag volgens hul gender hanteer behoort te word. Interaksie tussen kinders is dus 'n uitdrukking van hul aangeleerde gender-verwagtinge. Gender is dus nie bloot net 'n uitdrukking van wat reg en aanvaarbaar is nie, maar veel eerder ons kulturele definisies van wat reg en verkeerd behoort te wees. Hierdie idees word verkry deur wat ons by volwassenes aanleer (Kimmel, 2000:122-126).

Sosialisering is 'n lewenslange proses waardeur kultuur aangeleer word, individue ontwikkel word en waardeur hulle tot lede van 'n samelewing ontwikkel. Elke generasie dra essensiële kulturele elemente oor aan volgende generasies sodat dié kan inpas by die milieu van daardie samelewing. Hierdie voortdurende sosialisering van individue in samelewings dien as basis vir die verskillende rolle wat hulle in die loop van hul lewens vertolk. Sosialisering dra nie net by tot individue se persoonlikheid en hul persoonlike potensiaal nie, maar vorm ook die idees en optredes van sosiale groepe asook lede van dié groepe. Gendersosialisering is dus die proses waardeur individue kulturele optrede wat toepaslik vir onderskeidelik manlikheid en vroulikheid is, aanleer (Lindsey, 2005:51). Die sosialiseringsproses sal in Hoofstuk 4 breedvoerig beskryf word.

Natuur- sowel as Kultuur-ondersteuners stem egter saam oor 'n paar argumente. Eerstens glo beide partye dat mans en vroue inherent van mekaar verskil. Ondersteuners van die natuur-perspektief glo egter dat verandering kan plaasvind en dat hierdie verandering 'n proses is wat die verskille natuurlik, normatief en kultureel nodig maak. Tweedens stem beide parte saam met die argument dat die magsverhouding wat tussen mans en vroue bestaan 'n uitvloeisel is van die verskille wat tussen die geslagte heers (Kimmel,2000: 3-4).

Hierdie studie bestudeer die korrektheid van die kultuurdebat en sal kyk na watter agente betrokke is by die vorming van gender, die sosialisering van genderrolle en die omskrywing van gender in die samelewing.

2.5 Evolusionêre teorieë aangaande gender

Alle teorieë wat betrekking het op gendersosialisering fokus primêr op hoe kinders gesosialiseer word om óf manlik óf vroulik op te tree, of hoe genderrolle in die samelewing geskep en onderhou word. (Lindsey, 2005: 55). In die volgende afdeling sal daar verwys word na vyf teorieë wat gendervorming beïnvloed, naamlik funksionalisme, essensialisme, sosiale konstruktivisme, sosiaal-aangeleerde teorie asook die sosiaal-kognitiewe teorie.

2.5.1 Funksionalisme

Volgens die funksionalistiese perspektief vervul mans en vroue verskillende funksies; beide geslagte is ook so aangepas dat hul mekaar aanvul. Beide mans en vroue oorleef deur middel van die aanvullende bydrae van die teenoorgestelde geslag. Die funksionalistiese denkskool gaan uit van die standpunt dat vroue ’n sekere emosionele verbintenis met die opvoedingsproses het, aangesien een van hul biologiese funksies is om kinders in die wêreld te bring en op te voed. Thorndike (in Lips, 2005:75-76) verduidelik dat vroue twee natuurlike instinkte het: om op te voed en te versorg, sowel as om onderdanig te wees aan mans.

2.5.2 Sosiale konstruktivisme

Die sosiale konstruktivistiese perspektief op gender fokus op hoe individue die wêreld om hulle verduidelik en hoe hulle sin maak van hul omstandighede. Individue konstrueer hul persepsies aan die hand hulle kultuur. Die betekenis wat die individu aan die wêreld gee is ’n produk van sosialisering en kan nie as onveranderbaar gesien word nie. Voorstaanders van hierdie perspektief argumenteer dus dat individue nie staties in hul idees is nie en dat hul idees aktief verander (Beal, 1994:127:128).

Dus: om ’n man óf vrou te wees, is nie ’n vaste posisie in die samelewing nie – dit word konstant aangepas en gekonstrueer. Volgens die sosiale konstruktivistiese teorie verskil manlikheid en vroulikheid na gelang van kultuur of tydperk (Paxton, 2005:7-8).

2.5.3 Sosiaal-aangeleerde teorie

Die sosiaal-aangeleerde teorie berus op die veronderstelling dat elke kind beide sy genderidentiteit en genderrol deur ’n leerproses ontwikkel. Hierdie proses sluit in nabootsing en toepassing. Die rede vir die tendens dat seuns manlike gedrag aanleer en dogters vroulike

gedrag, is dat die aanvaarbare gedrag vir die spesifieke geslag beloon word en die verkeerde gedrag gestraf word. Kinders leer watter gedrag aanvaarbaar is vir hul spesifieke geslag deurdat hulle volwassenes en hul eweknieë dophou en naboots (Lips, 2005:82-84).

Mischel (in Lips, 2005:82-84) verduidelik dat daar ʼn groter kans bestaan dat ʼn kind ʼn maklik beskikbare model, sal naboots. In dié verband kan daar verwys word na die dogter-moeder en seun-vader verhouding. So vroeg as die ouderdom van een jaar boots kinders hul ouers se gedrag na en teen die ouderdom van drie jaar is dit vir kinders duidelik dat hulle net die persone met dieselfde geslag as hulleself moet naboots. Aangesien die kind gereeld herinner word aan die feit dat hy of sy ʼn dogter of ʼn seun is, word die verskille ten opsigte van geslag bevestig.

2.5.4 Sosiaal-kognitiewe teorie

Soos die sosiaal-aangeleerde teorie verduidelik die sosiaal-kognitiewe teorie ook dat kinders eerstens gedrag deur eksterne belonings en straf aanleer, maar sodra die individu meer volwasse raak, begin internaliseer hy of sy belonings en straf. Anders as wat die geval is met sosiaal-aangeleerde teorie speel kinders se eweknieë ʼn enorme rol in die vorming van toepaslike gedrag vir mans en vroue. Indien daar na die groepsosialiseringsteorie gekyk word, is kinders se vriende die bemiddelaars en interpreteerders van die kulturele perspektiewe aangaande gender (Lips, 2005:85-86).

Kohlberg en Ullian (in Lips, 2005:86-87) verduidelik dat gender nie aan ʼn kind voor die ouderdom van drie jaar oud geleer kan word nie, aangesien die kind eers tussen die ouderdom van drie jaar tot vyf jaar ʼn sekere vlak van intellektuele ontwikkeling ervaar**.** Voor die ouderdom van drie jaar word kinders steeds verwar in terme van wat die aanvaarbare gedrag vir hul betrokke geslag is. Volgens Slaby en Frey (in Lips, 2005:86), ontwikkel ʼn kind gender eerstens deur middel van die bewustheid dat daar twee geslagte bestaan; tweedens deur die wete dat gender nie oor ʼn tydperk veranderbaar is nie, en derdens deur die bewustheid dat gender ook nie in terme van ʼn situasie kan verander nie. Dus verduidelik die kognitiewe ontwikkelingsteorie dat die aanneming van genderrolle ontstaan as gevolg van ʼn kind se identifisering met ʼn genderkategorie, maar ook dat die identifisering eers na die ouderdom van om en by vyf jaar gebeur, aangesien die kind dan eers ʼn mate van intellektuele volwassenheid bereik.

2.5.5 Genderskema-teorie

'n Skema soos deur Lindsey (2005:59) verduidelik is 'n kognitiewe struktuur wat ten doel het om die wêreld te verstaan. Hierdie skemas help kinders om te bepaal wat hulle mag en nie mag doen nie op grond van hul gender. Indien 'n persoon dus ingestel is op gender in terme van 'n skema, sal die individu spontaan 'n onderskeid tref tussen mense, karaktereienskappe en optrede in terme van manlikheid en vroulikheid. Persone wat sterk idees in terme van manlikheid en vroulikheid het, sal dus sterker voel in terme van die genderskema. Die behoefte aan 'n genderskema word aan die hand van twee omstandighede verduidelik. Eerstens, help dit om rolle, waardes en idees te verstaan. Tweedens ken die samelewing ook gewig aan die onderskeid in gender toe, aangesien gender die basis is vir talle taboes, gebruike en lidmaatskap (Lips, 2005: 88-89).

Inligting word dus geprosesseer deur middel van die genderskema. Eerstens word gender-identiteit geskep. Tweedens word 'n skema in terme van die individu se eie groep, manlik of vroulik, geskep. Derdens word 'n skema geskep oor die ander groep wat verskil van haar eie. Tweeslagtigheid is problematies omdat die samelewing sukkel om tweeslagtigheid in terme van sy binêre raamwerk te kategoriseer (Lindsey, 2005:59).

2.6 Gevolgtrekking

Uit die bostaande hoofstuk kan verskeie afleidings gemaak word oor gender as 'n konsep. Dié afleidings sal as 'n basis dien vir hierdie studie. Gender, soos in hierdie studie daarna verwys sal word, is 'n sosiaal-gekonstrueerde konsep. Die konsep gender is aanpasbaar en vloeibaar. Gender kan dus as 'n aksie of proses beskryf word aangesien individue se gender op 'n gereelde basis deur hul samelewing en ander rolspelers beïnvloed word. Gender is ook 'n kategoriseringsmetode aangesien mans en vroue vanweë hul geslag en gender in verskillende kategorieë geplaas word. Dit is dan ook hierdie kategorisering wat stereotipes veroorsaak deurdat die samelewing spesifieke waardes aan mans en vroue toeken. Stereotipering dra by tot die sosialisering van individue as óf mans óf vroue. Die kultuurdebat sal verder onder die loep geneem word aangesien daar gekyk sal word na sosialiserings agente en sosialiseringsmetodes wat 'n invloed het op die bestaan van gender en genderolle. Gender en genderrolle as konsepte blyk dus baie kompleks te wees en 'n nabye ondersoek na gender in die spesifieke konteks van die huwelik sal dus lig kan werp op die funksionaliteit en rol van die huwelik, asook die persepsies van gender en genderolle in die huwelik.

Hoofstuk 3: Die huwelik as ’n sosiale instelling

3.1 Inleiding

Die hoofstuk verklaar die huwelik in terme van die sosiale instelling en ondersoek hoe die konsep in werklikheid gekonstrueer word deur die samelewing se norme, waardes en idees van wat die huwelik behoort te wees.

Hierdie hoofstuk sit verder die omskrywing van die huwelik soos dit in die studie gebruik word, uiteen aan die hand van sosiale konstruktivisme en bespreek die huwelik as ’n sosiale instelling. Die keuse van huweliksmaats word uiteengesit en verduidelik en redes vir toetrede tot die huwelik word bepaal. Adolessensie asook die magstruktuur in die huwelik word aangeraak aangesien beide hierdie twee konsepte in die studie getoets sal word. Alternatiewe vir die huwelik as sosiale instelling sal bespreek word, asook die invloed wat die alternatiewe vorms van die huwelik op die huwelik as wetlike en sosiale instelling het.

3.2 Omskrywing van die huwelik as konsep

Die idee dat die huwelik ’n konsep is wat deur die samelewing gevorm word, maak die huwelik as konsep uiters kompleks om te beskryf aangesien verskillende samelewings verskillende norme en waardes het (Padfield, 2007:7).

Die behoefte bestaan dus om ’n omskrywende konsep vir die spesifieke studie te vind en sodoende die huwelik aan die hand van die Afrikanerkonteks na te vors. Om hierdie omskrywing te vind, sal daar eers na verskeie definisies gekyk moet word sodat ’n samevattende konsep daargestel kan word.

Die probleem is egter dat die huwelik baie moeilik gekonseptualiseer kan word aangesien dit verskeie vorms aanneem in terme van die verskillende individue, families en samelewings wat direk betrokke is by die vorming van die norme van die instelling. Die probleem aangaande die konseptualisering van die konsep van die huwelik word verduidelik deurdat die samelewing nie meer definitiewe gemene idees en sienings in terme van norme en verwagtinge van die huwelik het nie. Die aanname dat mans steeds die versorgers en broodwinners is en dat vroue meestal tuisteskeppers moet wees, asook egskeidings wat veroorsaak dat vroue volgens hul omstandighede die hoof van die huishouding moet wees,

het ’n definitiewe verskuiwing gemaak in houdings ten opsigte van gender in die huwelik (Okin, 1989: 139).

Volgens Andersen & Taylor (2004:393) word die huwelik deur meeste samelewings as onderskeidelik ’n langdurige, standvastige verhouding tussen mans en vroue, die verbinding van individue en die vorming van alliansies tussen groepe gesien (Andersen & Taylor, 2004:393). Tog is die huwelik volgens Hunt (in De Burger,1977:684) ’n buigbare instelling wat deur die verskillende kulture asook die behoeftes van individue gevorm word.

Die konseptualisering van die huwelik wat volgens Padfield (2007:20-21) as algemeen aanvaar word, is dié van ’n monogame, permanente verhouding sowel as ’n verbintenis tussen man en vrou. Die huwelik word ook meestal deur die breër samelewing gesien as slegs moreel aanvaarbaar indien daar ’n seksuele verhouding tussen heteroseksuele huweliksmaats is.

Die huwelik as sosiale instelling, soos dit in hierdie studie bestudeer word, is baie moeilik om te konseptualiseer juis omdat die waardes en norme van die huwelik verskil ten opsigte van verskillende samelewings. Uit die bostaande konseptualisering, kan ons aflei dat dit eerstens bestudeer kan word as ’n rigiede, tradisionele instelling wat redelik onveranderbaar is. Tog kan die huwelik ook bestempel word as ’n buigbare instelling wat die sosiale, religieuse, en politieke idees van die tydperk weerspieël (Padfield, 2007:19). Okin (1989: 140) is van mening dat die tradisionele idees aangaande die huwelik steeds ’n groot rol speel in hoe individue in die huwelik optree. Tradisionele idees in die huwelik word volgens Amato en Booth (1995:58) verduidelik as die volgehoue verwagting dat die man die broodwinner en die vrou die tuisteskepper moet wees. Daar kan dus afgelei word dat nie-tradisionele idees verwys na gelykheid en gedeelde verantwoordelikheid in die huwelik.

Die meeste feministe voel dat dat die huwelik herdefinieer moet word. Hierdie instelling se grondslag moet berus op die gelykheid van die geslagte. In die sosiale konteks waarin die vorming van paartjies as die norm beskou word, bestaan die ruimte om aanpassings in terme van mag en ongelykheid te maak. ’n Vrou moet dus die keuse hê om haar rol in die huwelik te definieer. Die probleem met die rolle wat aan vroue in die samelewing toegeken word, is dat dit sosiaal gekonstrueer word, en dat die samelewing sekere vereistes aan vroue stel ten einde dié rolle in die samelewing en in die huwelik te vervul. Die utopiese idee is sekerlik dat gelykheid in die huwelik sal bestaan en dat albei partye die rolle in hul huwelik sal definieer

en só uiteen sal sit dat nie een party bo die ander bevoordeel of as meerderwaardig beskou word nie. Die hierdie idee is egter baie idealisties, en die verdeling van arbeid, soos later bespreek, is ongelyk en die meeste arbeid in die huishouding berus steeds op die vrou (Hunters College Women's Studies Collective, 1983:275).

Monogamie, 'n huwelik waarin elke individu slegs een eggenoot het, is die mees algemene vorm van die huwelik alhoewel poligamie, 'n huwelik waarin die partye meer as een eggenoot het, ook voorkom. Huwelike neem egter verskeie vorms aan. 'n Huwelik waarin 'n vrou meer as een man het, poliandrie, word aanvaar, maar die poligame verhouding waarin 'n man meer as een vrou het, is egter meer algemeen in samelewings (Hunters College Women's Studies Collective, 1983:281).

Die omvattende omskrywing van die huwelik soos in die studie gebruik is dus dat die huwelik 'n wetlike verbintenis is tussen slegs twee heteroseksuele persone. Hierdie verbintenis is ook 'n sosiale instelling wat gekonstrueer word deur die tydperk en die betrokke partye (Cranny Francis et al, 2003:13).

3.3 Adolessensie en die huwelik

Wanneer daar na die proefgroep van die studie verwys word, sal die konsep laat-adolessensie gebruik word om as 'n oorkoepelende naam vir die groep te dien. Die laat fase ten opsigte van adolessensie soos deur Meyer (2005) daarna verwys, is die periode in individue se lewens tussen die tydperk van die einde van hoërskool en die volwasse stadium. Die ouderdomsgroep val gewoonlik tussen 18 tot 22 jaar en dit kan ook gesien word as die laaste fase van die kinderjare.

Die vier aktiwiteite wat die oorgang tussen adolessensie en volwassenheid veroorsaak, word as die volgende beskryf: voltooiing van skoolloopbaan, verkryging van werk, toetreding tot die huwelik asook die keuse om met 'n gesin te begin. Hierdie vier stappe word gesien as die norm vir die wegbeweging van adolessensie na volwassenheid. Die vraag onstaan egter of die stappe steeds in hierdie volgorde plaasvind en of ander agente in die samelewing die individue en sodoende die huwelik as sosiale instelling, beïnvloed (Andersen & Taylor, 2004:376).

Die studie fokus op die idees en persepsies van adolessente aangaande die huwelik en reeds getroude individue se persepsies sal dus nie nagevors nie. Die verskillende persepsies ten opsigte van vandag se adolessente moet nagevors word om die invloede van die samelewing te verduidelik en sodoende te verstaan watter instellings ŉ impak op die vorming en daarstelling van persepsies het. Hierdie tema word later in die studie meer breedvoerig bespreek wanneer daar in Hoofstuk 4 na sosialiseringsagente gekyk word.

De Beer (1990:37) verduidelik dat alhoewel adolessente chronologies die vlak van toetreding tot die huwelik bereik, hul nie noodwendig die emosionele volwassenheid vir hierdie groot stap bereik nie. Die huwelik, soos reeds verduidelik, is ŉ instelling wat ŉ baie hoë vlak van volwassenheid in terme van persoonlike, sosiale en sielkundige gereedheid vereis. In die verlede het die huwelik as ŉ instelling gefunksioneer wat gefokus het op die fisiese oorlewing asook welsyn van die huweliksmaats en hul kinders, Tans het die klem verskuif na sielkundige en emosionele oorlewing (De Beer, 1990:35-37).

Die probleem in terme van adolessente wat tot die huwelik tree is dat elke party verskillende verwagtinge oor die rol van gender in die huwelik as sulks het. Die probleem bestaan dat die verwagtinge deur kinderjare, opvoedkundige blootstelling en omgewing gevorm word. Dit word ook duidelik gemaak dat daar ŉ wegbeweging van die huwelik as patriargale instelling is na een waarin die spesifieke partye in hul eie konteks hul rolle self definieer (Dunn, 1960:99).

In die meeste samelewings word die huwelik as die wegbeweeg van ŉ jeugdige lewe na volwassenheid gesien (Hamon & Ingoldsby, 2003). De Vos (2004) omskryf die huwelik as die vorming van ŉ binêre intieme verhouding. Die huwelik, soos die meeste sosiale instellings, is veranderbaar en pas by die tydperk en konteks aan. Dus ondergaan die huwelik aanpassings in terme van modernisering en tradisionalisme, liefde en pragmatisme, kollektivisme en individualisme (Hamon & Ingoldsby, 2003).

3.4 Mag in die tradisionele huwelik

Die huwelik as sosiale instelling, soos later in Hoofstuk 4 bespreek sal word, besit sekere magstrukture en alhoewel mag in die huwelik veral met die fokus op patriargie. In die hoofstuk oor die verdeling van arbeid sal magsverspreiding in diepte bespreek word.

Miller (in De Beer, 1990:11) verduidelik dat vir ’n sisteem soos die huwelik om te kan funksioneer, is dit belangrik dat daar hiërargie voorkom. Indien daar in ’n huwelik onsekerheid bestaan in terme van wie primêre en sekondêre status in die betrokke huwelik geniet, sal dit heel moontlik ’n magstryd in die huwelik veroorsaak.

Volgens Code (2006: 158) het feministe hulself veral met Michel Foucault se idees oor mag in die huwelik en die samelewing vereenselwig. Volgens Foucault word mag in die samelewing nie deur individuele agente nie, maar veel eerder deur sosiale praktyke daargestel en deur middel van regulering en klassifikasie gelegitimiseer. Hierdie verduideliking maak dit dus verstaanbaar waarom vroue steeds deur middel van mag in die samelewing as minderwaardig en tweede-klas burgers gesien word. Hierdie magsverskille bestaan dus egter om geen spesifieke rede anders as die feit dat die strukture in die samelewing hierdie konteks daarstel en behoue laat bly nie.

Ofskoon patriargie ’n konsep is wat alreeds in die 1960’s en 1970’s algemeen gesien is as ’n konsep wat klem wat op onderdrukking van die vrou in die huwelik en samelewing plaas, word dit steeds vandag gebruik. Tans dui patriargie op ’n sosiale sisteem waarin manlikheid ’n voordelige posisie in die betrokke samelewing meebring (Cranny-Francis et al, 2003:14). Patriargie word letterlik beskryf as regering deur die manlike hoof in ’n sosiale eenheid. Die sosiale eenheid is in hierdie konteks die huwelik. Hierdie konsep word ook al vir jare gebruik om vroue se onderdrukking in die huwelik en in die gesin te beskryf (Pilcher & Whelehan, 2004: 93). Partriargale idees word as tradisioneel van aard gesien.

Volgens Amato en Booth (1995:58), kan tradisionele waardes[3] vir die huwelik gesien word as ’n huwelik waarin die man die broodwinner en die vrou die tuisteskepper is. In hierdie huwelike het mans en vroue dus gespesialiseerde rolle. Nie-tradisionele houdings ten opsigte van die huwelik plaas klem op gedeelde verantwoordelikheid in die huwelik asook gelykheid in die sosiale instelling.

Huwelike verskil in terme van watter huweliksmaat die mag in die huwelik besit. Mag in hierdie konteks word deur die definisie-houer gekonseptualiseer. Soos reeds verwys beskryf patriargie ’n samelewing waarin mans die mag in die huwelik beheer. Matriargie verwys na die magsverhouding waarin vroue die meeste mag besit en uitoefen. Patriargale huwelike is

[3] Tradisionele idees is dus die behoud van die status quo, dus ‘n samelewing waarin mans en vrou nie as gelyk behandel word nie. Nie-tradisionele idees is die wegbeweging van die status quo na ‘n meer gelyke samelewing.

baie meer algemeen as matriargale huwelike. Indien daar verwys word na gelyke samelewings word daar aanvaar dat mans en vroue gelyke status en gelyke toegang tot bronne het. In hierdie samelewings speel mans en vroue tog verskillende rolle, maar daar word klem geplaas op die feit dat albei partye ’n bydrae tot die samelewing as geheel maak (Andersen & Taylor, 2004:394).

Die waardes wat aan die instelling geheg word, word as deel van die instelling gesien. In hierdie geval kan daar spesifiek verwys word na patriargale idees. Patriargale waardes word aan Christelike huwelike geheg, en dus word die huwelik as patriargaal gesien. Alle lede van die samelewing word ook gesien as deel van die instelling, of dat hul die vermoë besit om deel van die instelling te raak. Die individue wat dus nie deel van die huwelik is nie, word gesien as uitgeworpenes en mislukkings aangesien die samelewing hierdie waardes gevestig het. Die vestiging van die instelling, word nie net deur die breë samelewing ondersteun nie, maar ook deur die ekonomiese sfeer aangesien dié wat deel het aan die instelling voordeel trek daaruit (Cranny-Francis et al, 2003:13).

Feministe plaas veral klem op die onderdrukkende aard van die huwelik. Hierdie ongelykheid spruit vanuit die strukturele ongelykheid wat deur middel van gender as ’n sosiale konstruksie, veroorsaak word. Die probleem ten opsigte van die huwelik is die hiërargie wat geskep word. In die proses word die huwelik ’n instelling wat patriargie ondersteun. Die probleem is hoe individue, wat gelykheid in terme van die samelewing en die gesin ondersteun, hierdie gelykheid prakties in die huwelik implementeer. Die vraag is dus of die ideologie in terme van gelyke verspreiding van mag in die huwelik werklik pragmaties uitvoerbaar is, en indien wel, hoe hierdie mag versprei behoort te word (Blaisure & Allen, 1995:6).

3.5 Die Huwelik as sosiale instelling

3.5.1 Konseptualisering van die huwelik as sosiale instelling

Die huwelik is tot op hede in hierdie studie beskryf as ’n wetlike verbintenis tussen man en vrou. Die voorafgaande afdeling het ook verduidelik dat die huwelik as tradisioneel of nie-tradisioneel gesien kan word in terme van die verspreiding van mag asook waardes in die huwelik. Die volgende afdeling sal fokus op die buigbaarheid van die huwelik in die samelewing. Die huwelik soos reeds omskryf moet nou bestudeer word in die konteks van ’n

sosiale instelling. Dus word die konsep gesien as buigbaar en aanpasbaar by die waardes van die spesifieke samelewing.

Volgens Cranny-Francis et al (2003: 13) is ʼn instelling ʼn stel verhoudings of gebruike wat die meerderheid van die samelewing se waardes en oortuigings weerspieël. Dus word die waardes van die instelling deur die meerderheid van die samelewing bepaal en gevolglik ondersteun deur die groep. Cranny-Francis et al (2003: 13) argumenteer egter dat indien ʼn instelling vanuit ʼn stel verhoudings of gebruike spruit, dit sekere gevolge inhou wat duidelik merkbaar is. Nel (in Muller & Pienaar, 2003:139) verduidelik ook dat norme en waardes nie in isolasie gevorm word nie, maar dat dit deur die samelewing, individue en die omgewing geskep en neergelê word.

Die gebruike en waardes wat aan die instelling gekoppel word, word nie net geassosieer met die instelling nie, maar ís die instelling. Die waardes van die meerderheid word dus gesien as die essensie van wat die instelling is. In ʼn tradisionele samelewing sal die huwelik met ander woorde as tradisioneel gesien word, omdat die groep tradisionele waardes aan die instelling koppel. Die instelling word dus nie gesien as buigbaar in terme van sy waardes en gebruike nie. Die instelling posisioneer ook die lede van die betrokke samelewing in verhouding tot die instelling. Hulle word dus gesien as óf deel óf apart van die instelling. Dit word ook duidelik gemaak dat dié wat nie betrokke is of kan wees nie, as uitgeworpenes beskou en derhalwe deur die samelewing verwerp word. Die vorming van ʼn instelling is dus nie net tot die voordeel van die betrokke samelewing nie, maar is ook van institusionele en ekonomiese belang (Cranny-Francis et al, 2003:13).

Die samelewing plaas gevolglik baie druk op individue om deel te raak van die sosiale instelling van die huwelik. Indien hulle nie betrokke raak nie, word hul gedrag deur die samelewing afgekeur. Alternatiewe vir die huwelik word ook nie heeltemal aanvaar nie aangesien dit in teenstelling is met die waardes van die grootste deel van die betrokke samelewing (Cranny-Francis et al, 2003:14).

Die konsep heternormatiwiteit, word gebruik om die verskille ten opsigte van heteroseksualiteit te verduidelik. Hierdie individue wat onder hierde kategoriseringgroep val, word gekenmerk aangesien hul seksualiteit nie aan die van heteroseksualiteit gekoppel kan word nie. Heternormatiwiteit verwys ook na die idee dat die samelewing steeds verwag dat

mans en vroue pare moet vorm, en indien daar afgewyk word van die norm, hierdie individue nie aanvaar word nie (Dreyer, 2006:447).

Mill (in Andersen & Taylor, 2004:20) verduidelik dat sosiale instellings die individu reeds by geboorte konfronteer met gegewe gedragstelsels. Hoe die instelling die individu beïnvloed hang af van die persoon se ras, etnisiteit, geslag en sosiale klas (Andersen & Taylor, 2004:128). Instellings is gevorm om te voldoen aan sekere behoeftes wat nodig is vir die voortbestaan van die samelewing. Hierdie gedragstelsels oortref individuele ervarings. Andersen & Taylor (2006:4) konseptualiseer sosiale instellings as instellings wat gesien word as georganiseerde sisteme met betrekking tot gedrag , wat om ’n spesifieke rede gevorm word.

3.5.2 Sosiale konstruktivisme

Uit die voorafgaande volg dit dat ons die huwelik kan sien as ’n instelling wat sosiaal gekonstrueer word. Met ander woorde, die huwelik as sosiale instelling word deur die samelewing geskep om aan sekere waardes, belange en behoeftes te voldoen (Boghossian, 2006:16). Om hierdie instelling te bestudeer, word sosiale konstruktivisme as ’n hulpmiddel gebruik.

Sosiale konstruktivisme, as teoretiese benadering, aanvaar dat individue die betekenis van hul eie ervarings vorm deurdat hulle deel is van verskeie instellings wat deur hulself gevorm word (Padfield, 2007: 18). Sosiale konstruktivisme fokus ook op die idee dat om intieme verhoudings te kan verstaan, daar gefokus moet word op hoe die individue hul eie verhoudings verstaan, hoekom hulle betrokke raak, asook hoe hulle dit self ervaar. Sosiale konstruktivisme plaas ook klem op die feit dat sowel individue as die sosiale wêreld waarin hulle lewe, produkte van sosiale prosesse is. Daarom is die fokus op hoe individue deur die samelewing gevorm word en hoe hulle bydra tot die samelewing se norme, waardes en gebruike. Die interaksie tussen individue is sentraal tot studies in die veld van sosiale konstruktivisme en daarom is laasgenoemde teoretiese benadering veral relevant vir die bestudering van die wisselwerking tussen huweliksmaats. Die invloed wat individue en die samelewing het op persepsies van die huwelik, is dus baie relevant. Mag berus dus op individue en die struktuur van die samelewing (Padfield, 2007:17-18). Gergen (in Padfield, 2007:19) argumenteer dat interaksie van individue met sosiale strukture afhanklik is van die magstrukture wat deur instellings gevorm, in stand gehou en aangepas word.

Eskridge (1996:92) konseptualiseer die huwelik nie net ʼn as band tussen man en vrou nie, maar as ʼn sosiale en polities gevormde instelling wat sosiale, politieke en ekonomiese funksies in die samelewing vervul. In hierdie studie word daar dus verwys na die huwelik as ʼn sosiaal gekonstrueerde instelling. Dit is dus ʼn instelling geskep deur die samelewing en die individue betrokke in die samelewing om verskeie funksies soos deur die samelewing bepaal, te verrig (Padfield, 2007:21).

3.6 Redes vir toetreding tot die huwelik

Sosiale wetenskaplikes beskryf die huwelik meestal in funksionele terme en volgens Hunters College Women's Studies Collective College (1983:246) kan daar hoofsaaklik vier funksies onderskei en beskryf word.

3.6.1 Reproduksie

Die keuse vir ʼn man om tot die huwelik toe te tree, is ʼn belofte aan ʼn vrou en die samelewing om aan die waardes en optredes, soos deur die samelewing neergelê ten opsigte van kinders wat vanuit die huwelik spruit, te voldoen. Die huwelik beperk ook albei partye om in seksuele verhoudings met ander individue, wat nie haar / sy wetlike huweliksmaat is nie, betrokke te raak nie. Seksuele ontrouheid kan veroorsaak dat ʼn vrou swanger raak en Wilson (in Hunters College Women's Studies Collective College, 1983: 247) het gevind dat mans meestal slegs bydrae tot die voorsiening indien hulle verseker is die kinders is hul eie. Die huwelik beperk dus ʼn vrou se seksuele vryheid tot een persoon omdat haar optrede tot swangerskap kan lei.

Dié rede vir toetrede tot die huwelik het egter in die 1960's ʼn verskuiwing ondergaan. Die 1960's het ʼn revolusie aan die gang gesit wat daartoe gelei het dat vroue meer vryheid in terme van seksualiteit gehad het. Dié groter seksuele vryheid was te danke aan die feit dat voorbehoedmiddels nou vrylik beskikbaar was en vroue dus self keuses in terme van seksualiteit kon maak (Browne, 2007:194),

Tog kan daar na die reproduktiewe funksie in ʼn meer moderne konteks gekyk word deur die huwelik te sien as ʼn ooreenkoms tussen een man en een vrou. Die samelewing toon dat twee individue ʼn ooreenkoms of alliansie gevorm het, en dat dit gerespekteer moet word (Hunters College Women's Studies Collective, 1983:248).

3.6.2 Geslagsrolle in die huwelik

Hierdie funksie word verduidelik aan die hand van die verskillende sosiale rolle wat aan man en vrou in die samelewing, en gevolglik ook in die huwelik, toegeken word. Die samelewing ken aan man en vrou verskillende sosiale rolle toe om die kompetisie vir oorstemmende sosiale belonings te verminder (Hunters College Women's Studies Collective, 1983:248).

3.6.3 Persoonlike redes

Daar word geargumenteer dat vroue meer motivering het om tot die huwelik toe te tree aangesien hierdie stap hulle van adolessensie na die volwasse stadium van die lewensiklus sal neem. Vir vroue gee die huwelik, selfs in die moderne samelewing, finansiële en sosiale sekuriteit. Vroue is ook steeds op soek na emosionele en seksuele sekuriteit en om 'n verbintenis aan 'n man te maak kan in hierdie behoeftes van vroue voorsien. Alhoewel vroue tans meer ekonomies onafhanklik is en die keuse het om kinders self groot te maak, is toetrede tot die huwelik steeds 'n algemene neiging en word die huwelik steeds deur talle as noodsaaklik beskou. Een rede hiervoor is dat individue steeds die ideaal van die huwelik hoog ag en dat hul 'n gesin en 'n huislike omgewing wil skep. Individue het 'n behoefte aan liefde en intimiteit en die huwelik bied die raamwerk waarin hierdie ideale verwesenlik kan word. Die belofte om 'n lewe saam deur te bring, voldoen aan baie persoonlike behoeftes en die huwelik is die simbool dat twee individue aan die belofte getrou sal bly (Hunters College Women's Studies Collective College, 1983:248-249).

Hunt in De Burger (1977:685) verduidelik dat die huwelik as sulks 'n nuwe rol in die samelewing vervul en dat individue 'n behoefte het aan intimiteit, lojaliteit en langdurige vriendskap en dat hulle dit deur middel van liefhê en toetrede tot die huwelik verkry. Volgens hom is die doel van die huwelik ook om 'n mikrokosmos van die makrokosmos te skep. Huweliksmaats poog dus om vir hulle of hul gesin 'n wêreld te skep wat aan hul standaarde voldoen, maar van die samelewing verskil.

Eskridge (1996) verduidelik die funksies van die huwelik. Volgens hom sluit hierdie funksies ekonomiese sekuriteit, legitimiteit, ondersteuning van 'n gesin, die verdeling van arbeid in die huishouding, asook die langtermyn ondersteuning van 'n lewensmaat in. 'n Wegbeweeg van funksies soos die bogenoemde word deur Le Roux & van Rooyen (2007) daaraan toegeskryf dat die huwelik tradisioneel meestal as 'n sosiale instelling vir ekonomiese sekuriteit en

voorplanting was, en dat dit nou toenemend in die Westerse konteks gesien word as ʼn manier hoe individue self-vervulling kan bereik (Hamon & Ingoldsby, 2003).

Die besluit om tot die huwelik toe te tree word dus tot ʼn groot mate deur persoonlike redes gedryf en aangesien die keuses moeilik is om deur middel van reeds bestaande navorsing te bewys, sal daar veral gefokus word op die redes vir die toetreding in terme van persoonlike redes in die meningsopname.

Verskeie sosialiseringsagente bestaan wat in die eerste plek gender en tweedens die huwelik beïnvloed. Hierdie sosialiseringsagente is die gesin, vriende en eweknieë, die massamedia en godsdiens.

3.7 Sosialisering

Sosialisering is die proses waardeur individue sekere gedragspatrone wat ooreenstem met hul groepsidentiteit en die verwagtinge van die samelewing. Sosialisering kan gesien word as ʼn algemene proses en die proses begin sodra individue kontak het met ʼn nuwe groep. Dus moet daar nie aan sosialisering gedink word as ʼn proses wat slegs tydens individue se kinderjare plaasvind nie (Udry, 1971: 59).

Net soos geslagsdifferensiasie in alle kulture voorkom, so kom sosialisering van seuns en dogters in elke samelewing voor. In die meeste samelewings word daar verwag dat meisies gesosialiseer word in terme van verantwoordelikheid en opvoeding terwyl seuns gesosialiseer word om meer prestasie-gedrewe en onafhanklik te wees (Udry, 1971: 59).

ʼn Sosiale rol is ʼn stel norme of gedragspatrone wat ooreenkom met ʼn individue se posisie in die samelewing Hierdie norme en verwagte optrede kan gesien word as algemene verwagtinge wat daargestel is deur individue met die doel om enige posisie in die samelewing voorspelbaar te maak. Die rolle is meestal meer stereotipies as die werklike optrede van die individue aan wie die rolle toegeken word (Udry,1971: 310)

In die volgende afdeling sal daar spesifiek gekyk word hoe genderrolle deur middel van ʼn sosialiseringproses asook spesifieke sosialiseringsagente gevorm word.

3.8 Genderrolle

ʼn Rol is volgens Lindsey (2005: 2) die verwagte optrede met betrekking tot ʼn individu se status in die samelewing. ʼn Rol volgens Howard en Hollander (1997:15) verwys na ʼn stel voorgeskrewe opvattinge en verwagtinge ten opsigte van ʼn spesifieke individu se optrede in die samelewing. Rolle word dus gevorm deur die sosiale norme en gedeelde reëls wat gedrag bepaal. Sosiale norme word bepaal deur die voordele en verantwoordelikhede van die spesifieke rol se plek in die samelewing. Genderrolle kan spesifiek gesien word as ʼn stel waardes en optredes wat deur die samelewing daargestel is en wat as aanvaarbaar beskou word vir die geslag waartoe die betrokke individu behoort (Lips, 2005:69)

Linton et al (in Kimmel, 2000:133), het al so vroeg as 1936 gevind dat genderrolle aangeleer word en aan uiting gegee word in die samelewing van daardie tyd. Die genderrol-teorie verduidelik dat sekere rolle ʼn noue verbintenis met identiteit het, maar dat die rolle eerder om ʼn situasie gevorm word. Dus is genderrolle nie oorhoofse identiteite wat in alle situasies konstant bly nie, maar wel by verskillende situasies aanpas. Die rol van ʼn vrou in die samelewing sal dus dalk verskil van die rol wat sy in die huwelik behoort te speel. Sy kan die rol van ma en vrou in die huwelik speel en in die samelewing die rol van besigheidsvrou vertolk.

Individue verwag dat ander lede in die samelewing in ooreenstemming met hul rol sal optree. Genderrolle verklaar die verhouding tussen mans en vroue as ʼn verhouding in terme van onderskeid en komplementering van mekaar. Beide geslagte speel belangrike rolle in die samelewing, maar steeds word die rolle wat hul speel nie as gelyk gesien nie. Die rol wat die vrou in die samelewing speel, word steeds minderwaardig geag (Howard en Hollander 1997:15).

Die vrou se rol in die huwelik word meer belangrik geag voor daar kinders in die huwelik is. Die rede hiervoor is dat genderrolle meer gelyk is omdat daar ʼn verdeling van arbeid in die huwelik is en albei partye betrokke is by die arbeidsmark. Indien kinders uit die huwelik gebore word, verander die genderrolle in die huwelik. Studies toon ook dat hierdie die ongelukkigste tydperk in die huwelik is, aangesien albei partye redelik onseker is van wat hul rol behoort te wees, en hoe hulle die aanpassings ten opsigte van die rolle moet maak. Die tendens is dat die betrokke partye in hierdie onseker tydperk egter terugkeer na die tradisionele rol van man en vrou (Popenoe, 2000:154).

Ambisieuse vroue kan volgens Huber (1991:49) konflik vermy deurdat hulle die keuse uitoefen om kinderloos te bly. Die uitdaging is vir vroue om self die keuse te maak en nie hul ambisieuse mans nie. Vroue kan dus nie mans se sosiale gelykes wees voordat die mees talentvolle vroue die keuse gemaak het om mans se gelyke te wees nie.

Indien vroue dus die keuse maak om die rol van die minderwaardige in die samelewing te vervul, sal dit genderstereotipes versterk – ’n proses wat baie moeilik is om te verander. Genderdifferensiasie veroorsaak volgens Chafetz (1991:86) dat vroue kies watter arbeid hulle wil verrig. Alhoewel hierdie minderwaardige rol deur die samelewing aan die vrou toegeken word, het sy nou die keuse om nie meer onderdruk of minderwaardig te wees nie, maar om dieselfde rol as die man in die samelewing te vervul.

Tans het die geleenthede ten opsigte van werk buite die huwelik en opsies binne die huwelik verdubbel, en kulturele en genderrol-persepsies moes dus by die huidige situasie aanpas. ’n Ondersoek na die geskiedenis van genderrolle toon dat die patroon waarvolgens mans die rol van broodwinner beklee ’n afwyking van die normale patroon van die deelname van beide mans en vroue ten opsigte van ekonomiese produksie was. Hierdie verandering is teweeg gebring deur die industriële revolusie, en het veroorsaak dat daar ’n definitiewe skeiding tussen huishoudelike take en betrokkenheid by die arbeidsmark onstaan het (Turner, 1990: 103).

Dus dui die verdeling van arbeid op die feit dat vroue verskillende verantwoordelikheide ten opsigte van die gesin het as mans. Daar moet egter onthou word dat alhoewel mans en vroue volgens die klassifiseringsisteem verskillende arbeid verrig, beteken dit nie dat die waarde wat aan die verskillende rolle gekoppel word meer of minder waardig geag hoef te word nie (Chafetz, 1991:77).

3.9 Sosialiseringsagente

Die verwagtinge waaraan rolle in die samelewing moet voldoen word volgens Dunn (1960:99) meestal deur ervarings in die individu se kinderjare, vroeë opvoeding en omgewing gekondisioneer. Volgens Anderson en Taylor (2006: 86-87) is sosialiseringsagente instellings of individue in die samelewing wat sekere sosiale verwagtinge oordra en vestig. Hierdie sosialiseringsproses vind meestal deur middel van sosialiseringsagente plaas. Sosialiseringsagente, is mense, groepe, asook sosiale instellings wat belangrike inligting aan

kinders verskaf sodat hulle tot rolspelers in die samelewing kan ontwikkel. Die agente bestaan nie onafhanklik van mekaar nie en stuur soms weersprekende boodskappe aangaande gender en genderrolle uit (Lindsey, 2005:61). In hierdie studie sal daar slegs na vier sosialiseringsagente naamlik, die gesin, die massamedia, die kerk en vriende en eweknieë verwys word.

3.9.1 Die Gesin

Die gesin, wat reeds in Hoofstuk drie bespreek is, is volgens Lindsey (2005:61) verreweg die mees belangrike sosialiseringsagent. Hierdie agent sal deur middel van die vraelys getoets word en die bevindinge ten opsigte van belangrike sosialiseringsagente sal in Hoofstuk 5 weergegee word. Alhoewel modernisering gelei het tot die aanpassing van die gesin by die norme van die samelewing, speel die gesin steeds ʼn kernrol in die ontwikkeling van gender by kinders. Die gesin is verantwoordelik vir die vorming van die kind se persoonlikheid, identiteit en selfvertroue. Die gesin bied die kind die blootstelling aan en eerste kennismaking met waardes sowel as gedrag ten opsigte van gender. Dus leer kinders die gedrag en waardes aan in die gesin en veral by hul ouers. Hierdie waardes en gedrag word dan verder ontwikkel deur bydraende sosisaliseringsagente.

Die gesin is ook volgens Hudson en Henze (1977:192) ʼn kern-sosialiseringsfaktor in terme van die keuse van huweliksmaats. Ouers speel steeds ʼn belangrike rol in die keuse van hul kinders se huweliksmaats aangesien die waardesisteem wat by hulle aangeleer word as kriteria dien by die kies van ʼn huweliksmaat. Alhoewel kinders en veral adolessente rebelleer, kan hulle volgens Hudson en Henze (1977:197) nie die waardes wat vanaf ʼn vroeë ouderdom by hulle gekweek is, verander nie.

Alhoewel die gesin ʼn belangrike sosialiseringsagent is, is die media volgens Anderson en Taylor (2006:86) ʼn verdere rolspeler aangaande genderrolle.

3.9.2 Massamedia

Alhoewel die gesin soos reeds genoem een van die mees belangrikste sosialiseringsagente is aangesien dit die adolessent se eerste kennismaking met genderrolle is, beïnvloed die massamedia in ʼn groot mate die persepsies van individue.

Die massamedia beeld studente uit as lede van die samelewing wat minder aan tradisionele waardes vashou en gevolglik ook min waarde aan die huwelik koppel (Hudson en Henze, 1977:192). Navorsing toon dat die massamedia ook ʼn invloed op studente het om op ʼn latere stadium tot die huwelik te tree, voorbehoedmiddels te gebruik en om te kies om ʼn kleiner gesin te hê. Die media kan die gesin tot so ʼn mate beïnvloed dat dit ʼn groter uitwerking as die gesin het op die vorming van persepsies oor die huwelik (Yabiku, 2005:339). Hunters College Women's Studies Collective (1982:316) verduidelik dat die media vroue óf as tuisteskeppers óf as seksuele objekte uitbeeld. Vroue kan dus óf die een rol óf die ander vervul.

Behalwe vir die invloed van populêre tydskrifte en televisie, het rekenaars en veral die internet ook ʼn belangrike aandeel in sosialisering. Die media beïnvloed persepsies oor wat mooi, polities aanvaarbaar noodsaaklik is om ʼn vervulde lewe te lei. Die waardes weerspieël in die media het volgens Anderson en Taylor (2006:87) ʼn enorme impak op individue se persepsies van hulself.

3.9.3 Vriende en eweknieë

Die volgende sosialiseringsagent wat ondersoek sal word is die impak wat vriende en eweknieë op die persepsies van individue het.

Eweknieë is volgens (Andersen en Taylor, 2006:88) die individue met wie daar op gelyke voet interaksie plaasvind. Eweknieë is baie belangrik in terme van sosialisering en gee veral aan adolessente identiteit. Kinders dra die genderrolle soos aangeleer deur die gesin aan hul vriende oor. Hierdie sosialiseringsagent is egter net so belangrik aangesien kinders self die keuse maak met watter vriende, en dus watter waardes, hul in aanraking kom (Lindsey, 2005:66).

In die vraelys sal daar spesifiek na vriende en veral koshuiskultuur op Stellenbosch as sosialiseringsagente gekyk word. In Stellenbosch het daar gedurende 2009 ʼn Trouvrou-Kompetise plaasgevind. Hierdie kompetisie wat deur die drie grootste dameskoshuise, Heemstede, Nerina en Sonop, op kampus aangebied is, het spottend na tradisionele rolle in die samelewing verwys. Die kompetisie het, soos verduidelik deur die organiseerders, bloot as ʼn kompetisie begin om die spot te dryf met gender op kampus. Van die geleenthede waaraan deelgeneem moes word, was die dek van ʼn tafel, die verwydering van wynvlekke uit

materiaal, die maak van toebroodjies asook ’n debatskompetisie. Die kompetisie het omstredenheid veroorsaak aangesien daar verwag is dat veral vroulike studente, spottend al dan nie, meer sensitief vir genderkwessies sou wees. Gouws (2009) argumenteer: “Die trouvroukompetisie doen niks om vrouestudente voor te berei vir die politieke werklikheid daar buite nie, of om hulle te laat verstaan dat die verdeling van arbeid in die huishouding verander het nie, en dat die private sfeer (die huishouding) die kern van die stryd teen geslagsongelykheid is nie”. Alhoewel die Trouvrou-kompetisie in ’n goeie gees en met goeie bedoelinge aangebied is, het verskeie bronne die kompetisie gekritiseer as een wat genderstereotipes in die samelewing perpetueer en tradisionele rolle van die vrou in die samelewing beklemtoon. FEMSA, ’n feministiese groep op die Stellenbosch-kampus, was ook baie uitgesproke oor die kompetisie en was van mening dat dit in werklikheid vroue beledig. Professor Lizette Rabe, hoof van die Universiteit van Stellenbosch se joernalistiekdepartement, het ook verklaar dat hierdie kompetisie genderkonstrukte in die samelewing voortsit. Die argument is gemaak dat dit vreemd is dat ’n nuwe generasie vroue hulself steeds in die rol van die tradisionele huisvrou sien (Malan, 2009).

3.9.4 Godsdiens

Laastens sal godsdiens as sosialiseringsagent bespreek word. Godsdiens is gekies as ’n sosialiseringsagent aangesien die proefgroep spesifiek Christelike studente ingesluit het.

Godsdiens is ’n belangrike agent in terme van sosialisering. Kinders sal meestal dieselfde godsdiens as die van hul ouers ontwikkel. Godsdiens as ’n sosialiseringsagent beïnvloed wat individue glo en gee ook leiding aan individue aangaande hoe hulle hul lewens moet lei. Godsdiens beïnvloed veral individue se persepsies van gender in die huwelik (Anderson en Taylor, 2006:89).

Godsdiens as ’n sosiale instelling in die samelewing dra veral by tot persepsies oor genderrolle in die samelewing. Die deïnstitusionalisering van die huwelik veroorsaak dat huwelike ontstaan waarin mans en vroue groter vryheid beleef ten opsigte van hul genderrolle in die huwelik. Alhoewel hierdie skuif na ’n meer egalitêre samelewing plaasgevind het, vind ons steeds tradisionele waardes ten opsigte van die huwelik in sommige sub-kulturele groepe bestaan. Evangelistiese Christene is een van hierdie sub-kulture wat steeds die man se outoriteit en vrou se onderdanigheid in die huwelik as diskoers vir die huwelik beaam.

Hierdie rigiede idees is gereeld teenstrydig met die samelewing se idees oor gender in die huwelik (Baker et al, 2008:147-148).

Geloof, hetsy Judaïsme, die Christendom of Islam, bevorder en onderhou hiërargie in die samelewing omdat die beginsels van hierdie gelowe op hiërargiese idees fokus. Soos godsdiens meer formeel en geïnstitusionaliseer geword het, het die spiritualiteit asook die vennootskap tussen mans en vroue in die agtergrond verdwyn (Lindsey, 2005:318-319).

Evangelistiese beginsels plaas die verantwoordelik om die hoof van die huis te wees op die man se skouers. Sy grootste rol in die huwelik is om keuses aangaande die gesin te maak, asook om die fisiese, emosionele en spirituele welsyn van sy gesin te verseker. Dus vertrou hierdie gesin nie net op God om ŉ rol in die welstand van die gesin te speel nie, maar ook die leiding wat die hoof van die huis, die man, van God ontvang. Tog het studies soos dié gedoen deur Gallagher (2003) bewys dat alhoewel evangeliste tradisioneel is, hul in die egalitariese samelewing die huwelik as ŉ '*hierachical union of equals*' sien. In hierdie huwelike maak die vrou die keuse om aan hul man se gesag onderdanig te wees en sien hulle dit as ŉ geskenk om hom te bedank vir sy leierskap in die huishouding. (Baker et al, 2008:150-151). Wilcox (2004) beskryf die mans as *' soft patriarchs, who are more likely to be emotionally dedicated to their wives and children , as compared to their non evangelical counterparts'.*

Lindsey (2005, 319:330) noem dat dit vreemd is dat gendergelykheid al hoe meer as die norm in die samelewing beskou word, terwyl godsdiens wat ŉ instelling is wat vryheid en gelykheid behoort te ondersteun, gelykheid steeds ŉ kwessie is. Tekste in die Bybel ten opsigte van die gelyke rol van die vrou word op die agtergrond geskuif, en die tekste waarin die rol van die man beklemtoon word, word meer vrylik gebruik om genderrolle te definieer.

Dit is soms die onderliggende waardes van godsdiens wat deur middel van simboliese interaksie die hiërargie in die huwelik verder beklemtoon. Simboliese interaksie dui op hoe individue simboliese taal asook gedrag gebruik in hul sosiale interaksie met mekaar. Hierdie simboliese interaksie verduidelik egter nie hoe instellings, soos die huwelik, optrede inperk nie. Tog help dit om individuele persepsies en verwagtinge te verduidelik ten opsigte van keuses, identiteit, asook reaksies in terme van spesifiek die huwelik. Simboliese interaksie fokus ook op die verandering ten opsigte van norme en verantwoordelikheid in die huwelik. ŉ Voorbeeld van simboliese interaksie is die plig van die man in die huwelik om voor etes te bid. Hierdie norme oor gender in die huwelik word al hoe minder rigied en meer aanpasbaar,

maar evangeliste vind steeds aanklank by konserwatiewe gendernorme gebaseer op geloof. Die kulturele betekenis van die moderne huwelik beklemtoon die feit dat hierdie huwelike nie meer ’n lewenslange verbintenis is nie en dat genderrolle nie meer presies gedefinieer kan word nie (Baker et al, 2008:152-153).

Lina Spies (2009) verduidelik dat daar tans in Suid-Afrika ’n polarisasie ten opsigte van manlikheid en vroulikheid plaasvind. Hierdie polarisasie vind volgens haar plaas deur middel van Angus Buchan se *Mighty Men* en Greta Wiid se *Worthy Women* konferensies. Die twee evangeliste versprei die woord van God oor veral die rol van twee geslagte ten opsigte van huwelik. Die rolle wat vir die twee geslagte uiteengesit word, word uit Genesis 2 van die Bybel afgelei. Hierdie teks beklemtoon die man as die hoof van die huis en die vrou as onderdanig in die huwelik. In die vraelys sal daar spesifiek na twee evangeliste, naamlik, Greta Wiid en Angus Buchan verwys word. Beide hierdie twee individue plaas veral klem op genderrolle in die huwelik en verkondig onderskeidelik die rol van die vrou en die rol van die man in die samelewing.

Thamm (nd) noem dat Wiid, by ’n byeenkoms in Centurion aan vroue genoem het dat hul die volgende moet doen: hul hare kam, lipstiffie aansit en nooit seks weier nie. Volgens (De Klerk, 2009) het charismatiese sprekers soos Me Wiid die kenmerk dat hul tekste vanuit die Bybel verkeerdelik interpreteer. Daar word ook genoem dat Me Wiid se *Worthy Women* konferensies die ekwivalent van Angus Buchan se *Mighty Men* konferensies is. Beide die NG Kerk asook die Hervormde kerk het hulself uitgespreek oor Greta Wiid se idees van die man en vrou in die huwelik en benadruk dat mans en vroue gelykes in die huwelik is.

Angus Buchan, verklaar ook dat die vrou onderdanig aan die man moet wees. Vroue, volgens hom sal meer onderdanig wees as mans hulle lief het (Schoeman, 2008). Buchan noem ook dat vroue onderdanig moet wees aan hul mans aangesien die Bybel hulle rol so uiteensit (Geldenhuys, 2008). Volgens Gouws (2008) spreek Angus Buchan die probleem ten opsigte van manlikheid in Suid-Afrika aan.

Die impak van die hierdie twee sosialiseringsagente spesifiek met betrekking tot godsdiens sal deur die vraelys getoets word. ’n Verdere bespreking aangaande sosialiseringagente sal in die bevindinge (Hoofstuk 5) gedoen word.

3.10 Faktore wat keuse om huweliksmaat beïnvloed

3.10.1 Die keuse van huweliksmaats

Dit is egter belangrik om ook te fokus op hoe huweliksmaats gekies word en wat hierdie keuse beïnvloed. Die verskille in terme van groepe en omgewings moet ondersoek word asook die faktore wat ’n invloed het op die keuse.

Die wyse waarop huweliksmaats gekies word, verskil volgens Taljaard (1985:1) met betrekking tot verskillende kulturele groepe. In die studie sal slegs verwys word na ’n outonome vorm van seleksie, wat verwys na die individu wat alleenreg het om sy of haar huweliksmaat te kan kies. Hierdie vorm van seleksie het betrekking op ’n verskeidenheid sosio-kulturele asook persoonlikheidsfaktore. Dus kan daar gesê word dat die keuse van ’n huweliksmaat ’n besluitnemingsproses is.

Eerstens word daar geargumenteer dat huweliksmaats meestal uit die onmiddellike omgewing van die betrokke individue gekies word. Tweedens kan daar gesê word dat huweliksmaats meestal vanuit dieselfde sosio-ekonomiese klas kom en dat godsdienstige agtergrond, ouderdom, etnisiteit en sosiale klas ook ’n aansienlike invloed op die kies van ’n huweliksmaat het (Taljaard, 1985:4).

Daar is ook gevind dat individue hul huweliksmaats op twee maniere kies, naamlik eksogamie en endogamie. Eksogamie verwys na die keuse van ’n huweliksmaat buite jou direkte groep. Endogamie verwys na die keuse van ’n huweliksmaat vanuit jou direkte groep, naamlik een wat jou geloof, omgewing, ras en taal deel (Andersen & Taylor:2004:394).

Die teorie ten opsigte van huweliksmaatseleksie kan in vier onderafdelings bespreek word

3.10.2 Individu-gerigte teorieë

Winch (in Taljaard, 1985:7) se teorie oor huweliksmaatseleksie is een van die teorieë in die veld. Winch is van mening dat individue huweliksmaats sal kies wie se persoonlikheidseienskappe direk teenoorgestelde van hul eie sal wees. Winch noem ook dat individue wat sosiale vereistes stel in terme van ras, geloof en kwalifikasies, slegs huweliksmaats in hul homogene groep sal kies (Taljaard, 1985:7).

3.10.3 Sosio-kulturele teorieë

Kerkhoff en Davis (in Taljaard, 1985:8) se teorie oor huweliksmaatseleksie verduidelik seleksie in terme van ʼn filtreerproses. Die eerste stap van die proses is dié van sosiale homogamie. Sosiale homogamie verwys na die aanmoediging om ʼn huweliksmaat te kies in jou homogene groep waarin daar ʼn ooreenstemming tussen al die lede is in terme van ras, klas en godsdiens. Die tweede stap van die proses verwys na die keuse met betrekking tot toekomstige huweliksmaats met dieselfde waardes. Die derde stap in die proses verwys na filtrering deurdat individue wat vir ʼn redelike tydperk in ʼn vaste verhouding verkeer mekaar evalueer en daarvolgens ʼn keuse maak.

3.10.4 Fisies-biologiese teorie

Hierdie teorie is alreeds in 1979 ontwikkel en verwys na aantrekkingskrag met betrekking tot seksuele stimulasie wat fokus op fisiese aantreklikheid. Dus verwys die teorie na die soeke na aantrekliker fisiese eienskappe. Daar is gevind dat aantreklikheid van die individu ʼn groot rolspeler vir die vorming van die eerste indruk is en dat seksuele stimulasie deur middel van fisiese aantreklikheid ʼn groot rol speel (Taljaard, 1985:11).

3.10.5 Kognitiewe faktore

Volgens De Beer (1990:38) het huweliksmaats sekere vooropgestelde idees oor watter rol individue in die huwelik moet speel asook die vorm wat die huwelik behoort aan te neem. Volgens Ellis (in De Beer, 1990:38) bestaan hierdie verskille omdat huweliksmaats onrealistiese verwagtinge van die huwelik het. Die mees algemene verwagtinge wat konflik veroorsaak is die van rolvervulling, die kwaliteit van liefde asook wat goeie huweliksinteraksie behoort te wees (De Beer, 1990:39).

Larson (1988:3), argumenteer dat ʼn hoë egskeidingsyfer heers omdat daar ʼn té groot verwagting van die huwelik bestaan. Veral jeugdiges verwag dat hul huweliksmaat die rol van vriend, ouer en raadgewer moet inneem asook aan hul seksuele verwagtinge moet voldoen. Epstein en Eidelson (1981) het ook gevind dat die rede vir ongelukkige huwelike tot ʼn groot mate die onrealistiese verwagtinge en persepsies van die huwelik is. Die mites wat die samelewing oor die huwelik skep en vestig by jeugdiges speel dus ʼn groot rol wanneer hulle tot die huwelik toetree.

Volgens Hunters College Women's Studies Collective College (1983:251) is vrou se keuse van 'n huweliksmaat steeds universeel redelik beperk tot mans aangesien huwelike met dieselfde geslag steeds nie oral as sosiaal aanvaarbaar gesien word nie. Verder word daar ook van individue verwag om steeds vanuit hul groep 'n huweliksmaat te kies. In sommige samelewings word huwelike met buitestaanders steeds as onaanvaarbaar gesien.

Die keuse van 'n huweliksmaat is nooit slegs dié van die individue betrokke nie; die samelewing het altyd 'n impak op die keuse van 'n huweliksmaat in terme van die beperkings wat geplaas word op geloof, ras, etnisiteit, asook klas (Hunters College Women's Studies Collective College, 1983:246).

Tog is een van die redes waarom individue trou, liefde. Die meeste mense moedig dit aan om vir liefde te trou, en alhoewel hierdie rede vir trou aanvanklik 'n taboe was, is dit tans een van die belangrikste redes waarom individue besluit om te trou (Hunters College Women's Studies Collective College,1983:246). Individualistiese kulture plaas klem op liefde wat lei tot die huwelik. Ander redes om tot die huwelik toe te tree, sluit onder andere ekonomiese redes, geloofsredes, gesin-status, politieke alliansies, seksuele en emosionele redes en die samelewing se verwagtinge in (Gerstmann, 2004). Alhoewel die keuse van 'n huweliksmaat in Suid-Afrika nie beperkings ten opsigte van diversiteit het nie, word sekere norme en waardes deur die samelewing neergelê, wat die keuse van 'n huweliksmaat beperk (Andersen & Taylor, 2004:394).

Eers teen die negentiende eeu het individue tot die huwelik toegetree as gevolg van liefde. Voor die negentiende eeu het individue eers getrou en later lief geraak vir mekaar. Liefde is dus gesien as 'n produk van die huwelik. Liefde as basis vir die huwelik is dus 'n relatief onlangse verskynsel (Kimmel, 2000:216). Liefde hoef egter nie die basis vir seksuele aktiwiteite te wees nie. Goode (in Kimmel, 2000:216) het egter gevind dat die ideologie van romantiese liefde meestal deur Amerikaners as groep aanvaar word.

Romantiese liefde as rede vir toetrede tot die huwelik het eers in die negentiende eeu in die Weste ontstaan. Hierdie ideaal word gebaseer op vyf ideale. Eerstens word liefde met die eerste oogopslag aanvaar en tweedens word daar geglo dat elke individu een sielsgenoot het. Derdens word geglo dat liefde enige struikelblok kan oorwin en vierdens word jou geliefde gesien as perfek of naby aan perfek. Laastens word daar klem geplaas op die feit dat individue vir liefde behoort te trou. Tans speel seksualiteit ook 'n belangrike rol in die

vorming van verhoudings en huwelike. Die samelewing proklameer dat individue seksuele aangetrokkenheid ten opsigte van hul huweliksmaat moet ervaar en dat liefde op sigself nie genoeg kan wees nie. Die doel en die oogmerke van die huwelik het dus verskuif en word nie meer uitsluitlik op liefde gebaseer nie (Lantz et al, 1975).

3.11 Alternatiewe vir die huwelik

Indien daar na die huwelik gekyk word, moet alternatiewe vir die instelling ook bespreek word aangesien die behoefte vir ’n wetlike verbintenis onder die loep geneem word. Dit moet gedoen word omdat die huwelik as ’n tradisionele instelling gesien word. Daar sou geargumenteer kan word dat adolessente se liberale idees in teenstelling met dié van hierdie tradisionele instelling sal wees en dat daar nie ’n behoefte bestaan by die groep om betrokke te raak by die instelling nie. Die studie sal dié stelling ondersoek en fokus juis op hoekom daar ’n behoefte is om deel te raak van die wetlike instelling, naamlik die huwelik, en of die alternatiewe vorme van die huwelik in werklikheid ’n meer realistiese opsie is.

3.11.1 Konseptualisering van die saamwoonverhouding

Schwellnus (1994:1) verduidelik dat kohabitasie of saamwoonverhoudings gesien word as stabiele, monogame verhoudings, waarin ’n paartjie besluit óf om nie te trou nie, óf ’n rede het wat toetrede tot die huwelik onmoontlik maak. Die paartjie leef saam as man en vrou. Die paartjie woon dus saam in ’n raamwerk soos dié van die huwelik, maar hul het geen wetlike verbintenis nie en word om dié rede soms as ’n *quasi*-huwelik of de facto-huwelik beskryf. Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat die paartjie nie die seremonie wat met die bevestiging van die huwelik gepaardgaan, meegemaak het nie, en dat die verhouding nie deur publieke deelname bevestig is nie. Cole (in Libby&Whitehurst,1977:62) definieer saamwoonverhoudings as ’n heteroseksuele paartjie wat ’n woonarea deel sonder ’n wetlike kontrak wat hulle aanmekaar verbind.

3.11.2 Saamwoonverhoudings en die huwelik

Volgens Schwellnus (1994:1), kan die saamwoonverhouding van die huwelik onderskei word deurdat die betrokke partye nie wetlik aan mekaar verbind is nie. Dit kan ook van ander saamwoonverhoudings soos ’n gesin onderskei word aangesien die betrokke partye ’n seksuele verhouding het.

In Suid-Afrika waar die kerk steeds ’n dominante rol speel, aangesien dit diep konserwatiewe en Calvinistiese wortels het, word saamwoonverhoudings steeds nie algemeen aanvaar nie (Schwellnus, 1994:3). Saamwoonverhoudings wat eers as taboe gesien is, is deesdae meer algemeen, veral onder jonger mense aangesien die norme en waardes in die samelewing verskuif het na ’n meer liberale uitkyk ten opsigte van seks en liefde (Andersen & Taylor, 2004:408). Die huwelik as sosiale instelling word as die hoeksteen van die samelewing beskou omdat dit ’n standvastige tradisionele struktuur is wat belangrik is vir die opvoeding van kinders en stabiliteit meebring in gesinverhoudings (Schwellnus, 1994:2).

Cole (in Libby en Whitehead, 1977:77) het alreeds in 1977 gemerk dat toenemende getalle adolessente saamwoonverhoudings beoefen aangesien dit ’n nuwe vlak van emosionele ontdekking asook bewustheid kweek. Hy maak ook die stelling dat saamwoonverhoudings intimiteit meebring en dat dit baie interpersoonlike verantwoordelikheid benodig om suksesvol te wees aangesien geen wetlike kontrak partye aan mekaar verbind of verantwoordbaar hou nie.

Daar is gevind dat individue in saamwoonverhoudings meer gefokus is op gelykheid in die verhouding en alhoewel daar ook ’n verdeling van arbeid plaasvind, sou daar gesê kan word dat dit op ’n meer gelyke basis gedoen word (Andersen & Taylor, 2004:408). Gordon (1989) maak die stelling dat saamwoonverhoudings ’n alternatief vir die huwelik bied aangesien daar veranderinge is in terme van gesinsvorming, afname in geloof, die toenemende rol van vroue in die sosio-ekonomiese sfeer en ’n toename in voorbehoedmiddels. Saamwoonverhoudings word dus gesien as ’n alternatief vir die huwelik en dit het ’n impak op die voortbestaan van die huwelik (Schwellnus, 1994:2).

Saamwoonverhouding wat steeds as ’n moderne liberale konsep beskou word, word alreeds vir ’n geruime tyd gesien as ’n alternatief vir en voorbereiding op die huwelik. Watson (1983) verduidelik dat saamwoonverhoudings dien as voorbereiding vir paartjies aangesien die huweliksmaats in die beginjare van die huwelik groot aanpassings beleef. Hy verduidelik verder dat die idee rondom saamwoonverhoudings is om ’n milieu te skep waarin huweliksmaats mekaar beter kan leer ken en die moontlike aanpassings kan maak sonder die wetlike implikasies wat met ’n huwelik gepaardgaan.

Adolessente word toenemend op ’n daaglikse basis aan verandering in die samelewing blootgestel – daar is ’n toename in die aantal egskeidings en enkelouer-gesinne en ’n

wegbeweeg van ’n noue verbintenis tussen gesinslede. Die probleem is volgens Martin en Martin (1984: 293-294) dat adolessente hul verstaan van die gesin en die huwelik op hierdie ervarings baseer. Die grootste impak op die gesin tans is die verandering ten opsigte van die tradisionele gesin asook die huwelik. Hierdie veranderinge veroorsaak dat veral adolessente alternatiewe vir die huwelik en die gesin soek. Saamwoonverhoudings vervul talle kere die behoefte aan dié raamwerk van ’n huwelik en gesin. Aangesien voorhuwelikse seksuele gedrag meer algemeen onder adolessente geraak het en dit iets is wat veronderstel is om in die huwelik plaas te vind, het ’n verwronge beeld van die huwelik ontstaan.

3.12 Slot

Uit die bostaande hoofstuk kan ons dus verskeie afleidings maak oor die huwelik soos dit in die konteks van die studie bespreek word.

Die huwelik kan eerstens gesien word as ’n wetlike verbintenis tussen slegs twee heteroseksuele persone, met die klem op ’n langdurige en standvastige verhouding. Die verhouding word ook verder gelegitimeer deurdat daar kinders uit die huwelik gebore sal word. Die huwelik is ook bestudeer in terme van ’n instelling, as sosiaal gekonstrueer en as ’n sisteem. Hierdie konsepte verduidelik dat die huwelik nie in isolasie is van die samelewing nie en dat die invloede van die samelewing en dié se waardes ’n rol speel in die ontwikkeling van die huwelik. Die huwelik word ook gesien as ’n sisteem aangesien daar na die individuele lede in die sisteem gekyk moet word, en die sisteem in sy geheel gevorm word deur die persepsies van die betrokke partye. Daar is ook gekyk na die redes vir toetrede tot die huwelik en wat die keuse van ’n huweliksmaats beïnvloed. Die persoonlike redes aangaande toetrede tot die huwelik blyk ’n groot rol te speel en verdere aandag sal in die meningsopname hieraan gegee word. Die feit dat ’n huweliksmaat vanuit die individu se groep gekies word blyk ook ’n groot rol te speel en die konsep van endogamie sal later weer aangeraak word.

Die konsep van mag in die huwelik, asook die idees rondom adolessensie en die huwelik is slegs oppervlakkig aangeraak, aangesien hierdie temas verder in aparte hoofstukke ondersoek sal word. Dit blyk egter dat die persepsies van individue alvorens hulle by die huwelik betrokke raak, ondersoek moet word, aangesien hulle idees sal bydrae tot die sisteem in sy geheel en die samelewing se waardes en ook sal bydrae tot die vorming van die huwelik as ’n buigbare instelling.

Hoofstuk 4: Die Verdeling van Arbeid

4.1 Inleiding

Gender in die algemeen is alreeds in die vorige hoofstuk breedvoerig bespreek, maar ten opsigte van gender in die huwelik moet daar egter onthou word dat gender nie bloot die voorgeskrewe karaktereienskappe van mans en vroue is nie. Dit is ook die rolle wat die samelewing aan mans en vrouens voorskryf. Gender in gesin en in die huwelik hou strukturele beperkings ten opsigte van geleenthede, waardes, ideologie asook ervarings vir beide mans en vroue in (Thompson en Walker, 1989: 846).

Gender, spesifiek ten opsigte van die verdeling van arbeid in die huwelik is die fokus van hierdie hoofstuk. Die ongelykhede wat die verdeling van arbeid in die veranderde samelewing meebring sal verder bespreek word. Hierdie ongelykhede wat as gevolg van die toekenning van genderrolle steeds bestaan, sal ook onder die loep geneem word, aangesien gender sosiaal gekonstrueer word.

Die verdeling van arbeid veroorsaak enorme materiële en sosiale ongelykheid. Die verdeling van arbeid versterk ook die idee dat vroue steeds die primêre rol in die opvoedingsproses en die uitvoer van huishoudelike take behoort te speel (Crompton, 2007:228).

Hierdie hoofstuk sal ’n agtergrond skep vir die verdeling van die arbeidsmark, die gesin as konsep bestudeer, die rol van die nukleêre gesin verduidelik en die verdeling van die arbeid in die huwelik uiteensit. Sosialiseringsagente ten opsigte van gender asook genderrolle sal verder bespreek word en as die basis vir die vraelys dien.

4.2 Agtergrond ten opsigte van die verdeling van arbeid.

Die norm om mans as die broodwinner te sien, het tot en met die twintigste eeu bestaan. Daar het groot ongelykheid in terme van die verdeling van arbeid bestaan. Die norm dat mans as die broodwinner gesien word, het egter begin verander met tegnologiese vooruitgang en die verandering van produksiesisteme (Crompton, 2007:228).

Hierdie tydperk is dan ook verder gekenmerk deur die veranderende arbeidsfeer. Hakim (in Browne, 2007:194) verduidelik dat ’n voorkeurteorie ontstaan het. Volgens hierdie teorie het

vroue die keuse om tussen die arbeidsmark en gesinslewe te kies. Verklarings vir die keuse wat tans bestaan vir vroue om tot die arbeidsmark toe te tree, word aan verskeie redes toegeskryf.

Daar het drie groot veranderinge in die samelewing plaasgevind wat ŉ direkte invloed op die gesin in die samelewing gehad het. Eerstens het vroue toenemend tot die arbeidsmark toegetree omdat mans hul werk gedurende die Tweede Wêreldoorlog verlaat het om by die burgerlike magte aan te sluit. Vroue moes dus noodgedwonge tot die arbeidsmark toetree (Blau en Ferber, 1992:74-75). Kimmel (2000:126) het gevind dat die grootste skok vir die gesin veroorsaak is deur die toetrede van vroue tot die arbeidsmark, aangesien dit talle samelewingsinstellings verander en beïnvloed het.

Tweedens het die beskikbaarheid van voorbehoedmiddels en veral gratis toegang tot voorbehoedmiddels dit moontlik gemaak het vir vroue om te kies of hulle deel wil word van die arbeidsmag. Derdens het die Tweede Golf Feministe tydens die 1960's ŉ toenemende impak begin maak op sosiale beleid en wetgewing en die rol van vroue as individue beklemtoon. Teen die 1970's het vroue al hoe meer gelyke regte in terme van beleid en wetgewing begin ervaar, alhoewel die gelykheid wat aan hul toegeken was nie werklik in die alledaagse lewe geïmplementeer is nie. Ofskoon vroue gelyke regte geniet het, was dit slegs gedeeltelik uitvoerbaar en het dit soms as ŉ blote formaliteit voorgekom (Crompton, 2007:229).

Die eerste dekade van die een en twintigste eeu is egter ŉ tydperk van onsekerheid veral ten opsigte van die gesin en die plek van die nukleêre gesin in die samelewing. Die daling in huweliksyfers, die toename in egskeidingsyfers en lewenstylveranderinge word deur Stacey (1996) verbind met die vestiging van die postmoderne gesin in die samelewing.

4.3 Die gesin

Die gesin sal eerstens gekonseptualiseer word en tweedens sal die invloed van die veranderende samelewing aangaande die gesin bespreek word.

Die gesin kan gekonseptualiseer word as twee of meer persone wat deur bloed verwant is, in die huwelik verbind is, of deur middel van aanneming deelgeraak het van die gesin. Die tipiese nukleêre gesin word meestal gesien as ŉ een wat bestaan uit ouers, kinders of

enkelouer-gesinne. Die uitgebreide familie verwys na ’n eenheid wat oumas, oupas, ooms en tantes insluit. Die gesin word deur die samelewing as ’n ekonomiese eenheid gesien en in hierdie eenheid is verskeie lede interafhanklik van mekaar. Die breër konsep ‘huishouding’ is ook relevant in terme van ekonomiese besluitneming. ’n Huishouding bestaan uit een of meer individue wat saam leef of wat uitgawes in terme van lewenskostes deel. Die konsep huishouding is meer algemeen as die konsep gesin, aangesien huishoudings alternatiewe saamwoonsituasies insluit (Blau en Ferber, 1992:7). Dit is egter belangrik dat daar onthou word dat die samestelling van gesinne veranderlik is aangesien lede van die gesin uit die eenheid kan wegbeweeg en weer hertoetree (Blau en Ferber, 1992:7). Feministe argumenteer dat die dominansie van mans in die gesin nie ’n natuurlike en onvermydelike proses is nie. Feministe daag die samelewing uit om hul idees ten opsigte van die gesin aan te pas (Ferree, 1990:866).

Die nukleêre gesin is nie onaangeraak nie, aangesien sosiale veranderinge die rol van die vrou verander het. Deur die loop van die geskiedenis was die man altyd die beskermer en voorsienaar ten opsigte van die vrou en die kinders in sy gesin en in bykans elke samelewing het vroue die rol van die tuisteskepper en opvoeder gespeel (Popenoe, 2000:154). Okin (1989:134) verduidelik dat die nukleêre gesin ’n struikelblok is om gelykheid in die samelewing mee te bring. Die *gendered* gesin beperk die gelyke geleenthede van dogters en vroue aangesien die rol wat hul in die instelling moet vervul deur die samelewing uiteengesit word. Die gesin is dus ’n ongelyke instelling wat veroorsaak dat ongelykheid in die samelewing voortbestaan. Die ongelyke verspreiding van mag in terme van onbetaalde arbeid in die gesin veroorsaak veral hierdie ongelykhede. Indien vroue hul uitspreek ten opsigte van die gesin, word hulle maklik geassosieer met anti-gesin idees. Die probleem is egter dat dit nie noodwendig is dat die gesinstruktuur moet verander nie, maar eerder die gender gestruktureerde samelewing sodat gelykheid ten opsigte van die geslagte aangespreek kan word (Okin 1989:25).

Volgens Okin (1989:187-189) is die gesin ’n natuurlike en nodige sisteem in die samelewing. Parsons (in Okin, 1989:188) verduidelik dat die gesin twee funksies in die samelewing vervul. Eerstens sosialiseer die gesin kinders in terme van die samelewing se normatiewe sisteem en waardes. Dit vestig ook sekere gepaste verwagtinge by kinders sodat hulle hul plek in die samelewing kan verstaan en die rol wat aan hul toegeken word, kan vertolk. Die gesin skep dus die milieu waarin waardes gevestig word. In hierdie sosiale eenheid word

genderrolle dus by kinders gevestig en gepaste gedrag vir mans en vroue gedefinieer en uitgeleef.

4.5 Die openbare teenoor die private sfeer

Die verdeling van arbeid ten opsigte van die openbare en die private sfeer is volgens feministe *gendered*. Mans word normaalweg met die openbare en vroue met die private sfeer geassosieer. Pateman (1989:183) verduidelik dat die skeiding ten opsigte van die twee sfere, ook seksuele verdeling meebring. Hierdie seksuele kontrak wat bestaan, plaas klem op die onderskeid tussen mans en vroue aangesien mans as burgers van die staat gesien word. Hulle rol word deur die samelewing gedefinieer as dié van die hoof van die huishouding. Hierdie regte wat die staat aan mans toeken, word van vroue weerhou, aangesien hulle net tot die private sfeer beperk is. Die onderskeid wat die staat tref is dus ŉ seksuele kontrak wat vroue onderhewig aan mans maak in die private sfeer, en sodoende mag aan mans bo vroue toeken. Die idee van *'the personal is the political'*, beteken dat aangesien die gesin as deel van die private sfeer gesien word, die staat mans in die huishouding aanmoedig om mag uit te oefen. In die private sfeer het vroue onbeperkte mag aangesien hulle verantwoordelik is vir al die take wat in hierdie sfeer plaasvind. Feministe bevraagteken alle aspekte van die rol van die vrou in die private sfeer (Ferree, 1990:867).

Politiek is dus volgens Charles (in Richardson en Robinson, 2009:41) nie net betrekking op wat mans in die publieke sfeer doen nie, maar ook op die mag wat lede van die publieke sfeer oor die private sfeer kan uitoefen.

4.6 Die huwelik ten opsigte van die verdeling van arbeid

Genderrolle soos later in hierdie hoofstuk bespreek, het daar in die huwelik verskille ten opsigte van die verdeling van arbeid ontstaan. Die volgende afdeling sal kyk na die verdeling van arbeid in die huwelik, en daar word spesifiek op die verdeling in terme van gender gefokus.

Huishoudelike take berus volgens Jackson (in Richardson en Robinson, 2008:135) steeds grotendeels op vroue. Alhoewel mans meer bereid is om betrokke te raak by die opvoeding van hul kinders, is daar steeds nie werklik ŉ toename in hul deelname aan huishoudelike take nie. ŉ Man sal egter meer doen indien sy vrou voltyds in diens geneem is, maar indien die

vrou slegs deeltyds werk sal hy dieselfde hoeveelheid huishoudelike take verrig as mans wie se vroue voltyds tuis is. Collins (1991:53) verduidelik dat alhoewel daar twee partye in ’n huwelik betrokke is, die man steeds die grootste rol speel ten opsigte van finansiële bydrae tot die gesin. Hy argumenteer dat mans steeds die dominante rol speel aangesien hulle oor die algemeen finansieel meer bydra tot die gesin en sodoende meestal die broodwinner is.

Thompson en Walker (1989: 854) het gevind dat vroue tipies meer werk in die huishouding verrig. Die meeste mans en vroue in die studies het ook ooreengekom dat vroue meer *werk* in die huishouding moet doen, en dat mans slegs hoef te *help* met huishoudelike take. Studies het ook gevind dat daar steeds geglo word dat huishoudelike take asook versorgingspligte, die plig van vroue is, en dat die meeste vroue hierdie plig as die norm aanvaar. Feministe spreek hulself ook uit teen die essensialistiese teorie oor die natuurlike minderwaardigheid van vroue ten opsigte van mans. Hierdie teorie verduidelik dat vroue natuurlik swakker is as mans en dus ’n laer salaris en beperkte toegang tot werk behoort te ontvang. Die essensialistiese teorie benadruk ook die idee dat mans sekere rolle in die samelewing behoort te speel aangesien vroue nie daartoe in staat is nie (Jackson, 2008:128-129).

Feministe analiseer ook die verdeling van arbeid en het met die veranderlike van gesin-en-werk vorendag gekom. Hierdie konsep verdeel dus nie die gesin en werk in twee aparte konsepte wat veroorsaak dat meer waarde aan die een geheg word nie. Feministiese teorie behandel beide mans en vroue as lede van die gesin en lede van die arbeidsmark (Ferree, 1990:871).

Tans ondergaan nie net genderrolle en die verwagtinge van mans en vroue ’n verandering nie, maar ook die verdeling van arbeid ten opsigte van huishoudings in die huwelik (Mickelson et al, 2006:74). Navorsing deur Davis en Greenstein (2004) het bewys dat die verdeling van arbeid meer gelyk is as vantevore. Vroue het tans, in vergelyking met die 1960’s, die tyd wat hulle by die huis spandeer met die helfte verminder en mans het hul bydrae tot die huishouding met die helfte vermeerder. Nietemin argumenteer Mickelson et al (2006:74) dat vroue steeds meer as die helfte van die verantwoordelikheid ten opsigte van die huishouding en gesin dra.

Die gesin van die 1950’s kan van die hedendaagse gesin onderskei word. In eersgenoemde was die man die enigste broodwinner en die vrou gevolglik ekonomies afhanklik van haar man. Tydens die 1950’s het albei ouers bygedra tot die opvoeding van hul kinders, maar die

vrou was nogtans die primêre opvoeder (Popenoe, 2000:152). Jane Lewis (in Jackson, 2008:135) het gevind dat ouer paartjies nie die tradisionele verdeling van arbeid bevraagteken nie, maar dat jonger paartjies die verdeling van arbeid in die huwelik as ʼn aanpasbare proses beskou.

Coltraine (in Kimmel, 2000: 167) verduidelik dat moederskap gesien word as die kern van vroulikheid en dat dit ʼn natuurlike uitdrukking van vroulikheid is. Huishoudelike take en die opvoeding van kinders word dus as vroulike take bestempel. Hierdie take word dus gesien as ʼn tradisionele rol wat vroue moet vervul, terwyl tradisionele manlike take bloot dié verbonde aan die beskerming en voorsiening van die gesin insluit. Vroue se vroulikheid word dus gemeet aan die take wat aan hul voorgeskryf word, terwyl mans se manlikheid gemeet word aan wat hulle doen wat nie vroulik is nie. Bernard (in Thompson en Walker, 1989: 851) het gevind dat manlikheid in ʼn groot mate bepaal word deur die sukses wat mans in die arbeidsmark behaal. Vroue se toetrede tot die arbeidsmark kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die veranderende waardes, persoonlike voorkeure, houdings en lewenstylkeuses van individue in die moderne samelewing (Hakim, 2007:194). Die stelling kan dus gemaak word dat die samelewing mans wat deelneem aan huishoudelike take of pligte wat tradisioneel aan vroue toegeken word, as minder manlik beskou word.

Udry (1971:321) het ook gevind dat die verdeling van arbeid in die huwelik verwant is aan die verdeling van mag in die huwelik. Die probleem is egter dat die verspreiding van mag ongelykhede tussen die twee geslagte veroorsaak. Die sisteem van genderongelykheid word voortdurend versterk, aangesien die verdeling van arbeid bepaal word deur gender, asook die feit dat mans meer mag ten opsigte van die makrovlak besit (Chafetz, 1991:79).

In die laat 1970's het die Tweede Golf Feministe die gesin geïdentifiseer as ʼn bron van ongelykheid tussen mans en vroue. Hierdie kritiek was beperk tot die heteroseksuele paartjie, wat slegs die broodwinner-man en tuisteskepper-vrou ingesluit het. In die twintigste eeu is hierdie gesin gesien as die norm, alhoewel daar meer navorsing in hierdie tydperk oor die rol van die vrou in hierdie tipe huwelik gedoen is. Teen die 1970's het Jessie Bernard (1982:14) huwelike verduidelik as tweeledig, syne en hare. Bernard het die stelling gemaak dat *'his... is better than hers'*. Gedurende die 1970's en 1980's het feministe al hoe meer begin fokus op die verandering van die gesin as sosiale eenheid. Dit was in hierdie tydperk wat die ongelykhede tussen die geslagte benadruk is (Jackson, 2008:126).

Feministe soos Oakley het alreeds in 1984 huishoudelike take as ʼn vorm van arbeid en meer spesifiek onbetaalde arbeid gekonsepsualiseer. Van Every (1997) het verduidelik dat om huishoudelike take te verrig, gemeenskaplik behoort te wees aangesien daar geen rede bestaan hoekom mans nie aan hierdie take kan deelneem nie. Daar word gevind dat hoe meer vroue tot die arbeidsmark tree, hoe minder tyd het hulle tot hul beskikking om aan huishoudelike take te spandeer. Delphy en Leonard (1992) het hierop gereageer deur te argumenteer dat, hoewel vroue nou minder tyd het om aan huishoudelike take te spandeer, hulle steeds huishoudelike rolle moet vervul en word hulle nou meer as ooit uitgebuit aangesien daar van hulle verwag word om dubbele rolle te vervul (Jackson, 2008:137). Hierdie argument word verder in Weedon (1999:12) gevoer wat verduidelik dat die dubbele rolle wat vroue moet vervul, veral in die 1970's deur feministe verder gevoer was. Hulle het die paradigmaskuif gemaak deur aan te dring daarop dat daar veranderinge ten opsigte van die samelewing, gesinne, die huwelik en die vrou moet plaasvind. Daar bestaan dus ʼn behoefte om die tradisionele hiërargie van die samelewing te evalueer en te herdefinieer.

Verskeie faktore het veroorsaak dat die verdeling van arbeid noodgedwonge moes aanpas by die hedendaagse tyd waarin die huwelik hom bevind. Eerstens het die huidige ekonomiese klimaat vereis dat albei partye by die arbeidsmark betrokke moet wees, aangesien een salaris nie meer voldoen aan die finansiële vereistes wat aan gesinne gestel word nie. Daar is egter ook gevind dat daar ʼn patroon ontstaan het waar daar ʼn definitiewe wegbeweging van die enkel-broodwinnersamelewing is. Nie net vind daar ʼn wegbeweeg na ʼn dualistiese broodwinner situasie nie plaas nie, maar ook na ʼn samelewing wat vereis dat daar ten minste een en ʼn halwe broodwinner in elke gesin behoort te wees (Jackson, 2008:133). Tweedens is daar ʼn aanvraag in vroulike arbeid en derdens die behoefte by vroue om by die arbeidsmark betrokke te raak. Indien vroue besluit om kinders te hê, keer hulle meestal terug na die arbeidsmark voor hul kind se eerste verjaardag. Vierdens het die afname in die sterftesyfers sowel as die vrugbaarheid van vroue veroorsaak dat ʼn skuif ten opsigte van vroue se betrokkenheid in die gesin plaasgevind het (Jackson,2008:133). Hierdie verandering sal dus ook veranderinge ten opsigte van vir verantwoordelikheid vir kinders se opvoeding en huishoudelike take meebring (Huber, 1991:49). Vyfdens het sekondêre en tersiêre opvoeding veroorsaak dat vroue meer ingelig is oor hul plek in die samelewing asook hul potensiaal om betrokke te raak by die arbeidsmark (Turner, 1990:103). Omdat vroue keuses het, veroorsaak dit drie kategorieë van vroue in die moderne samelewing, naamlik vroue vir wie werk hul

eerste prioriteit is, aanpasbare vroue asook vroue wat verkies om huishoudelike take te verrig (Hakim, 2007:195).

Thoits (1987:21) het gevind dat dit eerstens die middel- en hoër sosio-ekonomiese klasse sal wees wat die verandering ten opsigte van verdeling van arbeid en gender sal aanvaar. Hierdie aanvaarding ten opsigte van die skuif na meer liberale idees sal dus eers later na laer sosio-ekonomiese klasse filtreer en uiteindelik sal ʼn liberale samelewing ten opsigte van gender en die verdeling van arbeid tot stand kom (Thompson en Walker, 1989: 851). Goode (in Turner, 1990: 104), het egter gevind dat mans teenstand bied ten opsigte van die veranderings oor die verdeling van arbeid met betrekking tot genderrolle. Daar is ook gevind dat die vroue wat glo dat dit die rol van die vrou is om tuis te bly, meestal wit middelklas vroue is met min óf beperkte kwalifikasie óf werkservaring (Jackson, 2008:135).

4.6.1 Rolverwagtinge en persepsies

Indien daar na die skuif in terme van die verdeling van arbeid gekyk word, moet daar eerstens na die verskille ten opsigte van rolverwagtinge en persepsies van gender in die huwelik gekyk word. Tradisionele verwagtinge dat vroue tuis moet bly en huishoudelike take moet verrig, terwyl hul eggenote die rol van die broodwinner en hoof van die huis vertolk, is volgens Mickelson et al (2006:74) vandag vervang deur verwagtinge van gelykheid ten opsigte van die rolle wat mans en vroue moet vervul.

Amato en Booth (1995:58) argumenteer dat ʼn definitiewe verskuiwing ten opsigte van rolle in die huwelik plaasgevind het en dat individue minder tradisioneel ten opsigte van rolle in die huwelik is. Daar is gevind dat indien vroue minder tradisioneel word, hul idees verander en dít lei tot die besef dat hulle in die samelewing, sowel as in hul huwelik, benadeel word. Aangesien mans baat uit die ongelyke verdeling van mag, is hulle meer teen verandering gekant. Indien vroue se idees dus meer progressief is, is konflik oor die rolverdeling in die huwelik meer algemeen. Tog het Huber en Sitze in 1960 gevind dat nie-tradisionele vroue minder gelukkig as tradisionele vroue in die huwelik is. Mans wat egter ook meer progressief is in terme van die rol wat hul vrou in die huwelik speel, sal minder bedreig voel en oor die algemeen meer gelukkig wees in die hul huwelik. Mans met nie-tradisionele idees is ook ondersteunend ten opsigte van hul vrou indien hulle tot die arbeidsmark toetree. Hierbenewens is hulle ook meer betrokke by die verantwoordelikhede ten opsigte van

kinders, huishoudelike take en meer tegemoetkomend om hul vrouens toe te laat om insette te lewer ten opsigte van die besluitneming (Amato en Booth, 1995:59).

4.6.2 Adolessensie

Die volgende gedeelte sal spesifiek na die verwagtinge en persepsies van adolessente kyk, aangesien soos die proefgroep in Afdeling 3.3, soos reeds genoem, slegs uit adolessente tussen die ouderdomme van 18 en 22 bestaan het.

Volgens Barber (1990:3) is die waardes wat kinders by hul ouers aanleer baie belangrik aangesien dit die kern vorm van hul adolessente ontwikkeling. Die arbeidsmark en gesinne is van besondere belang aangesien die gesin die milieu is waarin genderrolle by adolessente gevestig word. ’n Studie wat gedoen is met die doel om die vorming van genderrolle te ondersoek, het gevind dat idees aangaande gender en genderrolle in die adolessente fase van ontwikkeling, steeds baie stereotipies is. Tog vind Udry (1971:310) dat indien adolessente gevra word wat hul rolverwagtinge en persepsies van gender in die huwelik is, die meeste adolessente glo dat verdeling van arbeid in die huwelik gelykmatig gedoen moet word, en dat genderrolle dieselfde behoort te wees. Volgens Popenoe (in Kimmel, 2000:153), is adolessente baie onseker oor die rolle wat hulle in die huwelik behoort te speel. Daar is gevind dat vroue oor die algemeen die behoefte het dat hul mans ’n groter rol by die opvoedingsproses moet speel.

Daar is komplekse verwagtinge gekoppel aan die rol van man en vrou. Indien enige van die rolspelers, in hierdie konteks man of vrou, moet aanpas ten opsigte van die rolle, is dit as gevolg van die aanpassings wat deur hul lewensmaat gemaak is (Stuckert, 1963:415). Gilligan (1982:14) verduidelik dat genderrolle een van die mees belangrike fondamente vir die verduideliking van gedrag is. Dit is egter problematies om die verskillende genderrolle te bespreek sonder dat een geslag se rol in die samelewing as meerderwaardig of minderwaardig geag word. Die rede hiervoor is dat om verskille uit te lig, die struikelblok bestaan om nie te onderskei tussen die rolle as beter of as slegter nie.

Turner (1990: 88), vind dat rolle op verskeie maniere kan verander. ’n Nuwe rol kan of geskep word of die bestaande rolle kan verdwyn. ’n Rol kan ook kwantitatief verander word deurdat daaraan meer pligte toegeken word of pligte weggelaat word. Die rol kan ook kwalitatief verander word deurdat die belangrikheid daarvan in die samelewing bevraagteken

word, aangesien sekere elemente vervang kan word, en dit onnodig is dat die rol deur ’n spesifieke individu gespeel word. Tog, omdat ’n rol ’n funksionele en verteenwoordigende plek in die samelewing het, sal die verandering ten opsigte van die rol ’n verandering in waardes in die omliggende samelewing teweeg bring.

Volgens Botkin et al (2000) het tradisionele idees wat fokus op mans as die broodwinner en die hoof van die huis egter begin verander, en ’n verskuiwing na gelykheid ten opsigte van mans en vroue is besig om in alle sektore van die samelewing plaas te vind. Paartjies begin al hoe meer afwyk van die waardes, norme en houdings wat in die gesin aangeleer word. Die rol van die gesin as sosialiseringsagent het afgeneem omdat ouers nou minder tyd het om inspraak in hul kinders se lewens te hê. Die mag van ouers om hul idees op hul kinders af te dwing het ook in die moderne samelewing afgeneem. Daar was ’n definitiewe skuif ten opsigte van die opvoedingsmetodes van ouers, vanaf ’n meer gedissiplineerde raamwerk tot een waarin kinders aangemoedig word om hul eie keuses te maak (Van Poppel et al, 2008:8).

Volgens feministiese teorie vernou die gaping tussen die mikrovlak (verhoudings) en die makrovlak (instellings). Die konseptualisering van die feministiese teorie is baie kompleks, maar daar word verstaan dat die teorie op sy eenvoudigste vlak ten doel het om die status quo aangaande die rol van die vrou as onderdrukte te verander. Die feministiese perspektief stem ooreen met die konflik-teorie ten opsigte van die rol van ideologie in die samelewing. Ideologiese struktuur in die samelewing word afgedwing en sodoende word mag tussen lede van die samelewing ongelyk versprei. Kritiek ten opsigte van die feministiese perspektief is dat dit die skool, gender, die gesin en die huwelik meestal as onderdrukkende instellings sien, maar nalaat om die praktiese implikasies daarvan uiteen te sit. Alhoewel die huwelik as patriargaal beskryf word, moet daar onthou word dat hierdie sosiale instelling ekonomiese hulpbronne en sosiale ondersteuning verskaf (Lindsey, 2005: 12-13).

Tans ervaar paartjies konflik in terme van die rolle wat hulle in die verhouding of die huwelik behoort te speel (Martin en Martin, 1984:294). Otto (1970) raai individue en paartjies aan om die rol wat hulle behoort te speel, te definieer, want indien rolle nie meer gedefinieer gaan word nie, sal die voortbestaan van die huwelik in die gedrang kom.

4.9 Slot

Die krisis van patriargie veroorsaak dat verhoudings in die huwelik diversifiseer. Die toename in die indiensneming van vroue het gelei tot ’n verandering van die stereotipe idees oor die vrou en tradisionele rolle wat in die samelewing gespeel behoort te word. Alhoewel daar ’n skuif na ’n meer egalitêre samelewing plaasvind, word gelykheid tussen die geslagte, veral in die huwelik en in die arbeidsmark, nie altyd geïmplementeer nie.

Die rolverdeling in die huwelik, soos in hierdie hoofstuk verduidelik, word tans tot ’n mindere mate ten opsigte van genderstereotipes gedoen. Daar word egter steeds geargumenteer dat mans en vroue sekere rolle in die samelewing, die huwelik asook die gesin behoort te speel. Hierdie skuif na ’n meer nie-tradisionele verdeling van arbeid word veral genoodsaak deur die verandering in die arbeidsmark. Dit hou verskeie gevolge vir die nukleêre gesin in. Die rolle ten opsigte van die verdeling van arbeid blyk kompleks te wees aangesien daar ’n wegbeweeg plaasgevind het ten opsigte van wat mans en vroue onderskeidelik in die gesin behoort te wees, en dit blyk of albei partye redelik onseker is van wat hul betrokkenheid moet wees.

Hoofstuk 5: Navorsingsontwerp

5. 1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die metodologie verduidelik deur te kyk na die data wat verkry is en dit sodoende te bespreek. Daar is van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gebruik gemaak , en vervolgens is sekere afleidings aangaande die data, gemaak. Verder in Hoofstuk 5 sal die bevindinge in die algemeen bespreek word asook tekortkominge in verband met die navorsingsmetodologie.

5.2 Metodologie en navorsingsontwerp

Daar is ten alle tye gedurende die navorsing gepoog om oop kommunikasie met respondente te hê en daar is reeds met die eerste kontak met wat via e-pos plaasgevind het, verduidelik wie de navorser is en hoekom die spesifieke navorsingstelling in die spesifieke konteks nagevors gaan word. Byna al die respondente is deur die navorser self ontmoet en die vraelyste is dan aan hulle oorhandig. Die respondente wat as gevolg van bedrywige akademiese programme die navorser nie direk kon ontmoet nie, is via e-pos gekontak. Daar was deurgaans ’n oop kommunikasieanaal via e-pos en telefoon. Oop kommunikasie is ook gedurende die ontmoetings aangemoedig om elke respondent op sy of haar gemak te laat voel. Al die vrae is eerlik beantwoord en indien die navorser se opinie oor van die vrae gevra is, is dit op so ’n wyse beantwoord dat die navorser se opinies nie die resultate kon beïnvloed nie.

5.3 Instrumentele verduideliking

Die keuse van navorsingsmetode is van uiterste belang om bevindinge wat in pas is met die navorsingsvoorstel te verkry. Daar moet egter na beide voorstelle vir die insameling van data gekyk word.

’n Kwalitatiewe studie word verduidelik as die navorsing wat gedoen word om sodoende ’n komplekse, holistiese algehele idee van die data beskikbaar te vorm. Hierdie navorsing maak gebruik van respondente menings en sienings en word verkry in ’n natuurlike omgewing. ’n Kwalitatiewe studie is spesifieke navorsing gemik om of ’n sosiale of ’n menslike probleem

na te vors. In kwalitatiewe navorsing word daar gebruik gemaak van ’n teorie wat uit verskillende veranderlikes bestaan en wat bepaal dat data gemeet word met numeriese waardes, en geanaliseer word met statistiese prosedures. Hierdie waardes het dan die voorgestelde veralgemening óf gestaaf óf verkeerd bewys (Swart, 2005:86).

Kwantitatiewe navorsing fokus meestal op onderhoude en fokusgroepe terwyl kwalitatiewe navorsing gebruik maak van meningsopnames as metode om navorsing in te samel. Om die navorsingsvraag na te vors is van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak. Die rede hiervoor was dat daar eers deur middel van fokusgroepe ’n basis gevind moes word vir navorsing en om die algemene gevoel op kampus oor die gender-kwessie te bepaal. Hierdie fokusgroepe het dit makliker gemaak om ’n vraelys op te stel en om op die kernkwessies te fokus.

5.4 Fokusgroepe

Gedurende die navorsingstydperk is daar twee fokusgroepe gehou om eerstens gender op kampus en tweedens die rol van die kerk in die daarstelling van idees van die huwelik en gender te bespreek. Beide hierdie fokusgroepe was nie gestruktureerd nie, en die navorser het deur middel van bespreking inligting verkry. Beide van die fokusgroepe is gelei deur die navorser , maar heeltemal aan die deelnemers oorgelaat om kwessies te opper en sodoende idees uit te ruil. Indien die bespreking sou stil raak en dit gelyk het asof dit gaan ophou het die navorser verdere stellings gemaak om sodoende die gesprek ’n nuwe rigting in te stuur.

Die eerste fokusgroep is deur verskeie leiers op kampus, bygewoon. Hierdie leiers het onder andere Studenteraadslede, Primarii, koshuislede asook personeel van die Universiteit van Stellenbosch ingesluit. Hierdie gesprek het ontstaan vanuit die kwessie aangaande die Trouvrou-kompetisie[4] wat op kampus gehou is, en ’n genderdebat veroorsaak het.

Die navorser was deur die Universiteit genooi om as die fasiliteerder van hierdie gesprek op te tree, en sodoende gender op kampus aan te moedig. Die vrae wat gedurende hierdie gesprek gevra is, was veral gemik op die Trouvrou-kompetisie wat op kampus gehou is. Ook is kwessies aangaande vroulike leierskap, die rol van die vrou op kampus en in die koshuis, kampuskultuur ten opsigte die benadeling van die vroulike geslag en die beperking wat

[4]Die Trouvrou-Kompetisie is ‘n kompetisie tussen die drie grootste dameskoshuise op kampus wat groot kontroversie op kampus en in die media uitgelok het. Hierdie kompetisie het veral aandag op gender op kampus gevestig. Die Trouvrou-kompetisie word later in meer breedvoerig bespreek.

vroulike studente op hulself plaas en bloot aanvaar dat hul die ondersteunende rol ten opsigte van die manlike studente moet speel.

Uit die gesprek het die idee na vore gekom dat gender op kampus, veral onder vroulike studente, ’n kwessie is, aangesien die rol van die vrouestudent op kampus moeilik is om te konseptualiseer. Veral ten opsigte van dameskoshuise is geredeneer dat vroue in baie gevalle die optrede van mans moet oorsien, aangesien hulle die mans nodig het vir sosiale skakelings, JOOL-maats of om net gewild op kampus te wees. Uit die gesprek het wel opinies na vore gekom wat die rol van mans, nie net op kampus nie, maar ook in die samelewing, bevraagteken het. Een rede hiervoor is dat vroue toenemend van mening is dat hulle alles wat mans kan doen, ook kan doen. Die Trouvrou-kompetisie was volgens verteenwoordiger van Heemstede (die koshuis wat die kompetisie geloods het) bloot ’n manier om kompetisie tussen koshuise uit te lok. Die hervestiging van tradisionele idees en waardes was nooit die oogmerk met die loods van so ’n kompetisie nie. Die probleem is egter dat gender op kampus steeds ’n sensitiewe saak is en dat so ’n benaming verdere olie op die vuur gooi. Indien die naam ‘Derby’ gebruik is, soos talle manskoshuise hul interkoshuiskompetisies noem, sou die kwessie heel moontlik nie die dagblaaie gehaal het nie.

Die tweede fokusgroep is oorspronklik so benader dat leraars van alle denominasies wat in die studie ingesluit is kon deelneem. Die navorser het aan Every Nation, NG Moederkerk, Stellenbosch Gemeente asook Shofar die geleentheid gebied om aan ’n fokusgroep oor hul kerk en sy siening oor die huwelik en saamwoonverhoudings deel te neem. Geen van die ander denominasies het op die e-pos of die daaropvolgende e-posse reageer nie. Die probleem het dus ontstaan dat, is dat slegs die NG Moederkerk op Stellenbosch op die e-pos uitnodiging vir ’n ontmoeting reageer het. Dit was egter belangrik dat die NG Moederkerk deelgeneem het, aangesien meeste van die studente van die proefgroep (63%) vanuit hierdie denominasie afkomstig was. Die fokusgroep het drie manlike asook ’n vroulike leraar ingesluit.

Die vrae wat gedurende die ontmoeting met die leraars aangeraak is het meestal oor die rol van die vrou soos bepaal deur die Bybel bepaal gegaan. Die vraagstuk wat aangeraak is, dat moderne gelowiges dit steeds moeilik vind om die rol van die vrou te verstaan aangesien die Bybel ’n prentjie van ’n ondersteunende , onderdanige vrou skets. Verder was die kwessie om saamwoonverhoudings en die siening van die kerk ook geopper, aangesien hierdie kwessie al hoe meer relevant in die NG Gemeente word. Vrae aangaande die ondersteuning vir of

teenkanting teen Charismatiese kerke en evangeliste soos Angus Buchan is ook breedvoerig bespreek, aangesien hierdie denominasie en individue die vrou in ʼn definitiewe onderdanige rol plaas.

Die betrokke Nederduits Gereformeerde gemeente, is baie liberaal ten opsigte van die rolle wat ʼn man en vrou in die huwelik behoort te speel. Die probleem was dat alhoewel leraars van dieselfde denominasie afkomstig is, hul kan verskil ten opsigte van hul persoonlike idees en die van die kerk. Die gesprek is meestal oorheers deur genderkwessies soos die rol van die vrou, en veral oor hoe die rol van die lidmate van die kerk met die Bybel ooreenstem of verskil. Een van die redes vir hierdie nie-tradisionele siening was die feit dat een van die leraars ʼn vrou was en die platform daargestel het om meer liberaal veral ten opsigte van die rol van die vrou in die kerk te wees. Die vier leraars van hierdie spesifieke kerk verkondig nie enige spesifieke rolle vir vroue nie. Aangesien die lidmaatskap van die kerk redelik varieer ten opsigte van studente, middeljariges en bejaardes, is dit moeilik om hierdie sensitiewe kwessie vanaf die preekstoel te bespreek. Alhoewel die leraars baie liberaal is, verkies hulle egter nie om genderrolle in die kerk te bespreek nie.

Hierdie fokusgroep sou die basis daarstel vir die afdeling in die vraelys aangaande godsdiens en dit het ook verdere insig gebring aangaande die moontlikheid om ʼn verhouding vas te stel tussen tradisionele waardes ten opsigte van die huwelik en geloof. Alhoewel ʼn fokusgroep met lede vanuit die verskillende denominasies waarvan die respondente afkomstig is ʼn beter basis vir die afdeling aangaande godsdiens in die vraelys sou gee, was hierdie fokusgroep betekenisvol aangesien die meeste van die respondente van hierdie denominasie afkomstig is. Tog kon ʼn fokusgroep wat uit meer diverse leraars bestaan, moontlik gelei het tot toetsbare stellings oor leerteorieë vanuit verskillende denominasies en sodoende respondente se persepsies in terme van charismatiese, konserwatiewe of nie-tradisionele denominasies getoets het.

5.4 Die oogmerke van die studie was as volg om:

- Die persepsies van jong blanke Christelike Afrikaners aangaande die huwelik te meet
- Die persepsies van jong blanke Christelike Afrikaners aangaande gender te meet
- Die persepsies van jong blanke Christelike Afrikaners aangaande die verdeling van arbeid te meet
- Die funksionaliteit van die huwelik in ʼn moderne samelewing na te vors

- Die sosialisaseringsagente in terme van persepsies van die huwelik en gender te meet
- Die rol van godsdiens in die huwelik en die vorming van persepsies te meet

5.5 Die proefgroep en data-insameling

Die proefgroep is verkry deur net van blanke jong Christelike Afrikaners gebruik te maak. Die groepnaam, adolessente, sal aan die groep gegee word. Adolessente soos reeds gekonseptualiseer (Hoofstuk 3), sluit jong individue tussen 18 tot 22 in. Die studie het egter ruimte gelaat om individue tot 23 jaar in te sluit. Die proefgroep is verdeel tussen die eerste 4 jaargroepe. Dié spesifieke uiteensetting het onstaan aangesien die studie daarop gemik was om slegs blanke Afrikanerstudente aan die Universiteit van Stellenbosch se persepsies na te vors. Slegs blanke Afrikanerstudente is gebruik vir die proefgroep omdat daar veralgemenings en stereotipes oor hierdie groep en hul idees bestaan. Bottersma (2009) verklaar dat daar gestereotipeer word dat studente in die algemeen liberaal is. ’n Poging is aangewend om vas te stel of die studente aan die stereotipes voldoen.

Daar is besluit om 30 blanke Christelike Afrikanerstudente te bestudeer. Die proefgroep was gelyk verdeel ten opsigte van geslag aangesien mans en vroue se idees, veral ten opsigte van die huwelik, kan verskil Die proefgroep is dus gelyk in twee groepe van 15 mans en 15 vroue verdeel. Die proefgroep is verder verdeel sodat dit eweredig versprei is tussen die verskillende jaargroepe. Die rede hiervoor was dat studente verskillende persepsies as gevolg van hul omgewing kon hê. Eerstejaarstudente wat nuut tot die universiteitsomgewing is, sal dalk meer beïnvloed word deur hul ouers. Vierdejaarstudente sal moontlik meer spesifieke opinies oor die huwelik hê aangesien van hul vriende alreeds getroud is, of naby aan trou is. Die jaargroepe in die proefgroep soos volg uiteengesit: 6 eerstejaar-, 8 tweedejaar-, 8 derdejaar- asook 8 vierdejaar studente. Die verdeling was so toegeken dat die eerstejaarstudente dus minder bygedra het tot die proefgroep aangesien hul idees nog nie in ’n mate deur die universiteitsomgewing beïnvloed is nie. Ook is daar geargumenteer dat eerstejaarstudente nie nou daaraan sal dink om te trou nie. Die proefgroep was ook volgens jaargroepe verdeel, deurdat elke jaargroepe gelyk tussen mans- en vrouestudente verdeel was.

Die respondente is gevind deurdat daar gebruik gemaak is van die universiteit se alfabetiese lys van manlike en vroulike koshuise en Private Studente Organisasies (PSO). Die lys het 32 instellings ingesluit, en is eerstens in twee groepe, naamlik manlike en vroulike instellings verdeel. Elke tweede instelling op die lys is gebruik, wat ’n algehele proefgroep met

betrekking tot die koshuise en PSO's, op 16 instellings gelaat het. Die respondente is op willekeurige wyse ingedeel in terme van die 16 instellings. Dit is so gedoen om te vermy dat sekere instellings slegs deur hul eerste- of tweedejaarstudente verteenwoordig word. Hierdie instellings sou deur middel van die willekeurige indeling deur studente vanuit verskillende jaargroepe verteenwoordig word. Elke Primarius of Primaria by die spesifieke koshuis of PSO is via e-pos gekontak en verduidelik presies waaroor die studie handel en gevra om die kontakinligting van studente wat aan die vereistes van die proefgroep voldoen, aan die navorser te stuur. Primarii is alreeds in Augustus 2009 gekontak vir die kontak inligting. Die probleem was egter dat hierdie tydperk die oorgang van leierskapstermyne in koshuise is, en om die nuwe Primarii te kontak, was problematies. Al die Primarii het nie op die e-posse gereageer nie. Na twee verdere opvolg e-posse is daar besluit om die koshuis of PSO net bo die instelling op die algemene lys van koshuise en PSO's deur middel van e-pos te kontak. Met die tweede stel e-posse het, is daar beter reaksie ontvang. Verdere respondente was egter benodig, en die laaste groep respondente wat benodig was, was deur middel van 'n 'sneeubal-effek'verkry. Die 'sneeubal-effek' is verkry deurdat die navorser aan respondente gevra het vir kontakbesonderhede van vriende of kennisse wat aan die spesifikasies van die proefgroep voldoen. Hierdie individue is ook deur middel van e-pos gekontak en gevra om die navorser of te ontmoet of die vraelys via e-pos in te vul. Die implikasies wat die 'sneeubal-effek' ingehou het, sal later bespreek word. Dus was daar eerstens gepoog om op willekeurige wyse die hele proefgroep te verkry, maar die navorser moes egter ses van die respondente deur middel van die 'sneeubal-effek' verkry, om sodoende die proefgroep van 30 studente daar te stel.

Die probleem met die proefgroep was dat alhoewel al die respondente gereageer het, sommige van hulle te besig was met akademiese verpligtinge en die vraelys slegs aan hul ge-e-pos kon word. Gevolglik het dié studente die vraelys slegs per e-pos beantwoord. Daar het 'n oop kommunikasiekanaal bestaan en enige vrae wat respondente oor die vraelys gehad het, kon óf via e-pos óf telefonies gevra en beantwoord word. In die gevalle waar respondente wel persoonlik met die navorser ontmoet het, was dit in 'n omgewing van die respondent se keuse, hetsy 'n koffiewinkel, woonstel of koshuiskamer. Die vraelys is aan hulle oorhandig en die navorser het gewag dat hulle dit voltooi. Hierdie ontmoetings en data-insameling het in die tydperk van 14 tot 27 September 2009 plaasgevind.

Alle data is in die daaropvolgende week, 28 tot 30 September verwerk deur dit in *Excel*-tabelle in te voer. Die finale statistiese verwerking is deur Professor Kidd van die statistiese konsultasiefakulteit van die Universiteit van Stellenbosch deur middel van *STATISTICA*, gedoen.

5.6 Die vraelys

Vraelyste wat deur Martin en Martin (1960), Dunn (1960) en Amato en Booth (1995) gebruik is, het as basis vir die vraelys gedien. Verdere vrae is vanuit die literatuur en fokusgroepe saamgestel.

Die vraelys het uit tien afdelings bestaan wat elk die onderskeie veranderlikes getoets het. Die afdelings in die vraelys was soos volg:

1. Demografiese veranderlikes
2. Gender en geslag
3. Verdeling van arbeid in die huwelik
4. Die huwelik
5. Keuse om huweliksmaat
6. Seksuele Verhoudings
7. Godsdiens
8. Die Afrikaner as kultuurgroep
9. Die massamedia
10. Ouers en vriende

Afdeling 1 van die vraelys is bloot gebruik om die demografiese samestelling te bepaal. Die "Gender en geslag"-afdeling was daarop gemik om respondente se kennis van gender en geslag te toets. Die volgende vier afdelings sou die literatuurstudie se bevindinge óf verkeerd óf korrek probeer bewys. Die laaste vier afdelings (afdeling 7-10), het die invloed van vier sosisaliseringsagente getoets en word in Hoofstuk 4 bespreek.

5.7 Die Proefgroep

5.7.1 Geslag

Beide mans- en damesstudente is gebruik om persepsies oor die huwelik en gender te toets. Hierdie verdeling is gelyk aangesien mans en vroue se perspesies van die huwelik verskil, soos reeds deur Bernard (1972) bevind is. 'n Gelyke getal mans (15) en vroue (15) wat versprei was ten opsigte van jaargroep, het deelgeneem aan die studie sodat idees en persepsies nie oorwegend dié van die net een geslag weerspieël nie.

5.7.2 Jaargroep

Soos reeds verduidelik was die jaargroepverspreiding ten opsigte van tweedejaars, derdejaars en vierdiejaarsstudente gelyk – daar was agt respondente in elke jaargroep. Die verspreiding is redelik gelyk gedoen. Soos reeds verduidelik, is daar minder eerstejaarstudente gebruik aangesien hul idees nog nie so baie soos die res deur die universiteitsomgewing beïnvloed is nie.

5.7.3 Fakulteit affiliasie

Hierdie verspreiding toon dat 38% van die respondente hulself met die Lettere en Wysbegeerte fakulteit affilieer. Die Ekonomiese Bestuurswetenskappe fakulteit se respondente was die tweede meeste terwyl die ander fakulteite, Natuurwetenskappe, Regsgeleerdheid asook Onderwys, ewe veel verteenwoordigers gehad het. Die laagste deelname was dié van die Ingenieursfakulteit.

5.7.4 Taal

Die kriteria met betrekking tot die proefgroep het dit duidelik gestel dat dit slegs Afrikanerstudente sou insluit. Slegs een student het aangetoon dat hy beide Afrikaans- en Engelssprekend is.

5.7.5 Denominasie

Die meeste van die respondente was lidmate van die NG Moederkerk van Stellenbosch. Daar is alreeds uitgebrei oor hierdie kerk aangesien daar ’n fokusgroep met die leraars van die kerk plaasgevind het. Die tweede meeste respondente was dié van Stellenbosch Gemeente. Hierdie kerk word nie aan ’n spesifieke denominasie gekoppel nie en fokus veral op die bediening van studente op kampus asook jong werkendes. Slegs 3% van die studente het hulself met Every Nation geaffilieer en 7% met Shofar. Hierdie twee kerke word veral as meer tradisioneel in terme van die rol van die huwelik asook die rol van die vrou gesien. Die laaste groep waaraan aandag gegee moet word, is dié wat hul geloof as ‘ander’ aangetoon het. Die probleem het onstaan in terme van die ‘sneeubal-effek’ aangesien kennisse deur die respondente verwys is, en daar bloot aangeneem is dat hierdie persone Christene is. Twee respondente van hierdie groep het aangedui, eerstens, dat hulle agnosties is, en tweedens, dat

hulle, hoewel hulle ’n Christen is, nie hul geloof beoefen nie. Die laaste respondent het bloot ’n ander kerk bygewoon as wat daar op die vraelys gelys was.

5.7.6 Herkoms

Die verspreiding van die respondente ten opsigte van herkoms van platteland teenoor stad was redelik gelyk aangesien daar slegs ’n 6% verskil tussen die aantal studente wat van die stad afkomstig is en dié wat van die platteland af kom. Die rede hiervoor is dat die veralgemening maklik gemaak kan word dat individue van die platteland meer behoudend is, en dat verstedeliking moontlik lei tot meer progressiwiteit.

5.7.7 Ouers se huwelikstatus

Die rede vir die gebruik van hierdie veranderlike is die feit dat daar vrae is in die vraelys wat spesifiek fokus op ouers se persepsies van die huwelik asook respondente se persepsies oor egskeidings. Uit die antwoorde kan afgelei word dat 77% van die respondente se ouers getroud, 17% geskei en 7% vir ’n tweede maal met nuwe partye getroud is.

Ter samevatting is die geslagsamestelling van die proefgroep dus, 15 manlike en 15 vroulike studente. Die verspreiding van die jaargroep is redelik gelyk, behalwe vir eerstejaarstudente wat slegs ses van die respondente uitgemaak het. Die ander jaargroepe het elk agt respondente gehad. Die grootste hoeveelheid respondente is van die Lettere en Wysbegeerte fakulteit, terwyl die Ekonomiese Bestuurswetenskappe tweede was. In terme van denominasie, was NG Moederkerk-lidmate in die meerderheid en lidmate van Stellenbosch Gemeente, wat met geen denominasie affilieer nie, die tweede meeste. Van die respondente was 97% Afrikaanssprekend. Die verspreiding ten opsigte van herkoms is redelik gelyk tussen studente van die stad en dié van die platteland. Die meeste respondente se ouers is getroud.

Hoofstuk 6: Bevindinge

6.1 Bespreking van resultate

Die volgende afdelings sal bespreek word, eerstens dat daar na die algemene verskynsels ten opsigte van die tabelle in geheel gekyk sal word. Tweedens sal die afdeling volgens die uitleg van die vraelys bespreek word. Derdens sal die verskille, indien enige, ten opsigte van mans en damesstudente bespreek word met betrekking tot die spesifieke persespies. Laastens, sal die betroubaarhede deur middel van cronbach's alpha[5] van elke afdelings genoem word.

6.1.1 Gender en geslag

Die eerste afdeling van die vraelys het gepoog om die verstaan van die konsepte, gender en geslag te meet. Daar is spesifiek na genderrolle en die konstruksie hiervan gekyk. Hierdie afdeling was in vergelyking met ander afdelings baie minder betroubaar. Die Alpha vir hierdie afdelings was .255084.

Tabel 1.1

	Ek weet wat die verskil tussen gender en geslag is				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	20% (N=6)	33.3% (N=10)	26.7% (N=8)	10% (N=3)	10% (N=3)
Manlik	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)
Vroulik	13.3% (N=2)	40% (N=6)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)

Hierdie vraag in die vraelys is problematies aangesien daar sowat 37.7% van die respondente óf verskil het ten opsigte van die vraag, óf sterk verskil het ten opsigte van die vraag. Die

[5] Die *Cronbach's alpha* meet die skaal van betroubaarheid in terme van die vraelys. Betroubaarheid dui op dat die skaal se konsekwentheid in terme van wat gemeet word. Indien die waarde van die alpha 'n 0.7 - 0.8 is sal daar gesê kan word dat die data betroubaar was (Field, 2005).

probleem is egter dat hulle aangeneem het dat gender dieselfde betekenis as geslag het, en dus aangedui het dat hul wel weet wat die verskil is. Gender as konsep is baie verwarrend aangesien gender verkeerdelik as die engelse konsep vir geslag gerbuik word. Indien daar eerder na 'seks' verwys was, sou die verkrygde data moontlik verskil het. Na die voltooing en inhandiging van die vraelys , is die vraelys in 'n ontspanne geselskap met die respondent bespreek. Eers nadat die vraelys bespreek is, het die respondente besef dat gender en geslag in der waarheid verskillende implikasies inhou.

Tabel 1.2

	Genderrolle word sosiaal gekonstrueer				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	17% (N=5)	73.3% (N=22)	6.7% (N=2)	0% (N=0)	3.3% (N=1)
Manlik	13.3% (N=2)	80% (N=12)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	20% (N=3)	66.7% (N=10)	0% (N=1)	0% (N=0)	6.7% (N=1)

Uit hierdie tabel kan daar afgelei word dat sowat 90% van die respondente in 'n mate sterk saamstem en saamstem met die idee dat genderolle sosiaal gekonstrueer word. Die probleem ontstaan dat 37.7% respondente verduidelik het dat hulle nie weet wat die konsep gender is nie. Hieruit moet die betroubaarheid van die antwoorde op hierdie vraag bevraagteken word, aangesien daar probleme bestaan het met die konseptualisering van die konsep gender.

Tabel 1.3

	My gender kan nie verander word nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	23.3% (N=7)	30.% (N=9)	20.% (N=6)	10% (N=3)	17% (N=5)
Manlik	33.3% (N=5)	20% (N=3)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)
Vroulik	13.3% (N=2)	40% (N=6)	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)	20% (N=3)

In Tabel 1.3 het 23.3% van respondente sterk saamgestem dat hul gender nie kan verander nie en 30% van respondente het bloot saamgestem. Dus het meer as die helfte van respondente gevoel dat gender nie kan verander nie. Weereens bestaan daar 'n probleem met die

konseptualisering van gender. Ook het ’n groot groep van die respondente óf nie die vraag beantwoord nie, óf geen opinie oor die veranderbaarheid van gender gehad nie.

Tabel 1.4

	Ek is 'n man of vrou, omdat ek sekere biologiese verskille ten opsigte van die teenoorgestelde geslag het				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	53% (N=16)	40% (N=12)	6.7% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	46.7% (N=9)	40% (N=6)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	60% (N=7)	40% (N=6)	6.7% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)

Van die totale respondente het sowat 93.3% óf sterk saamgestem óf saamgestem met die idee dat biologiese verskille tussen die geslagte van ’n individu óf man óf vrou maak. Die afleiding wat ten opsigte van hierdie vraag gemaak kan word, is dat die meeste studente veral sterk voel ten opsigte van die biologiese argument. Slegs twee respondente het van hierdie vraag verskil. Dit is ook merkbaar dat 100% van vroulike respondente met die stelling saamgestem het, en dat 86.7% van manlike respondente die vraag gesteun het.

Uit Afdeling 1 van die vraelys, wat spesifiek oor gender en geslag gehandel het, kan daar dus heelparty afleidings gemaak word. Respondente is redelik onseker oor die verskil ten opsigte van gender en geslag. Hierdie onsekerheid het dan ook moontlik ’n verdere invloed op die res van die afdeling se bevindinge gehad. Daar is ’n oorweldigende positiewe gevoel oor die idee dat genderrolle sosiaal gekonstrueer word. Die vraag ten opsigte van die veranderbaarheid van gender is redelik gelyk met betrekking tot die respondente wat saamgestem sowel as dié wat verskil het.’n Oorweldigende 93.3% van respondente voel dat verskille ten opsigte van die geslagte toegeskryf kan word aan die verskille ten opsigte van hul biologiese samestelling.

6.1.2 Verdeling van arbeid in die huwelik

Hierdie vrae het spesifiek oor die verdeling van arbeid in die huwelik gehandel en getoets of respondente meer ten gunste van tradisionele of nie-tradisionele rolle in die huwelik is.

Uit die onderstaande tabel kan daar afgelei word dat repondente baie sterk voel ten opsigte van die feit dat beide ouers betrokke by die opvoedingsproses van kinders moet wees. Daar moet dus volgens die respondente ’n egalitarêre sisteem in die huwelik bestaan wat die opvoeding van kinders betref. Die afdeling was redelik betroubaarin terme van Cronbach’s alpha, en het ‘n waarde .59 gekry. Hierdie afdeling sal verder bespreek word in terme van sy betroubaarheid.

Tabel 2.1

	Die verantwoordelikheid om kinders op te voed, berus nie op beide ouers nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	6.7% (N=2)	10% (N=3)	83% (N=25)	0% (N=0)
Manlik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	13.3% (N=1)	80% (N=12)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	6.7% (N=2)	86.7% (N=13)	0% (N=0)

Tabel 2.1 dat die verantwoordelikheid om kinders op te voed , wel op beide ouers berus. Beide manlike en vroulike respondente het grootendeels verskil of sterk verskil met hierdie stelling.

Tabel 2.2

	Vroue is net so geregtig soos mans om 'n professionele beroep te hê				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	80% (N=24)	16.7% (N=5)	3.3% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	80% (N=12)	20% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	80% (N=12)	13% (N=2)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)

In Tabel 2.2 het ’n oorweldigende meerderheid óf sterk saamgestem óf saamgestem met die idee dat vroue ook geregtig is op ’n proffesionele beroep. Hierdie respons kon beïnvloed geweeset deur die feit dat al die respondente studente met tersiêre opleiding is. Dit sou egter kommerwekkend gewees het indien respondente geargumenteer het dat vroue nie so geregtig is om ’n professionele beroep te mag volg nie. Die vraag, indien só gestel dat gesuggereer word dat moeders nie mag werk nie aangesien hul direk by die opvoeding van hul kinders betrokke moet wees, sou moontlik ’n ander reaksie uitgelok het.

Tabel 2.3

	Mans se taak is om finansieel aan die huisgesin te voorsien				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	33% (N=10)	33.3% (N=10)	16.7% (N=5)	10% (N=3)	7% (N=2)
Manlik	33.3% (N=5)	40% (N=6)	13.3% (N=2)	6.70% (N=1)	6.70% (N=1)
Vroulik	36.7% (N=5)	20% (N=4)	13.3% (N=3)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)

Tabel 2.3 toon dat mans in ’n meerdere mate glo dat dit hul plig is om finansieel aan die huisgesin te voorsien. Die proefgroep in sy geheel het ook hierdie idee ondersteun. In kontras met die liberale idees asook ondersteuning van nie-tradisionele idees wat tot op hede gesien is, toon tabel 2.3 egter dat sowat 67% van respondente glo dat dit in ’n mate die man se plig is om finansieël aan die huisgesin te voorsien. Hierdie verdeling van arbeid en take in die huwelik word meestal met tradisionele verdeling vereenselwig.

Tabel 2.4

	Die vrou moet aanpasbaar wees t.ov. haar beroep				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	20% (N=6)	33.30% (N=10)	33.30% (N=10)	7% (N=2)	7% (N=2)
Manlik	26.70% (N=4)	20.00% (N=3)	33.30% (N=5)	6.70% (N=1)	13.30% (N=2)
Vroulik	13.30% (N=2)	46.7% (N=7)	33.30% (N=5)	6.70% ((N=1)	0.00% (N-0_

Tabel 2.4 toon dat 53.3% van respondente glo dat ’n vrou aanpasbaar moet wees in terme van haar beroep. Sleg 40% het verskil dat ’n vrou nie aanpasbaar hoef te wees nie. Weereens kan daar afgelei word dat die reaksie op die vrae wat betrekking het op vroue en hul professionele beroepe, tradisionele waardes beklemtoon.

Tabel 2.5

	Vroue behoort halfdag te werk sodat hul na die kinders kan omsien				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	30% (N=9)	46.7% (N=14)	13% (N=4)	3.3% (N=1)
Manlik	0.% (N=0)	33.3% (N=5)	46.7% (N=7)	20% (N=3)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)	46.7% (N=7)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)

Minder as die helfte van die respondente het gevoel dat vroue halfdag behoort te werk. Tog het vroulike deelnemers in ’n meerdere mate gevoel dat hulle halfdag behoort te werk. In vereglyking met Tabel 2.4 toon die data in Tabel 2.5 ook dat vroue toegelaat moet word om ’n professionele beroep te hê indien hul kinders het. Slegs 36.7% van respondente het gevoel dat vroue halfdag behoort te werk, terwyl 60% geargumenteer het dat vroue nie halfdag behoort te werk nie.

Tabel 2.6

	As kinders babas is, moet vroue na hul omsien				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	26.7% (N=7)	30% (N=9)	30% (N=9)	10% (N=3)	3.3% (N=1)
Manlik	20% (N=3)	40% (N=6)	20% (N=3)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)
Vroulik	33.3% (N=5)	20% (N=3)	40% (N=6)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

Tabel 2.6 se verspreiding in terme van vroue se verpligting om na babas om te sien is ook redelik gekyk. Hierdie vraag is ook interessant, aangesien 46.7% van manlike respondente saamstem dat vroue aanpasbaar moet wees ten opsigte van hul beroep, terwyl 60% van vroulike respondente gevoel het dat hulle aanpasbaar behoort te wees.

Tabel 2.7

	Die man moet nie die finale se hê i.t.v. keuses wat in die huwelik gemaak word nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	26.7% (N=8)	36.7% (N=11)	23.3% (N=7)	13% (N=4)	0% (N=0)
Manlik	26.7% (N=4)	33.3% (N=5)	20% (N=3)	20% (N=3)	0% (N=0)
Vroulik	26.7% (N=4)	40% (N=6)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

Tabel 2.7 toon dat 53.3% van respondente glo dat mans nie die finale keuses in terme van die huishouding moet maak nie. Tog voel 46.6 % van respondene wel dat dit die man is wat die finale keuses moet maak. Die rol van die man as hoof van die huishouding sal in afdeling 6 van die bespreking verder omskryf word.

Tabel 2.8

	Mans en vroue in die huwelik dra nie ewe veel gesag nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	16.7% (N=5)	56.7% (N=17)	20% (N=6)	0% (N=0)
Manlik	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	66.7% (N=10)	26.7% (N=4)	0% (N=0)

Tabel 2.8 bevestig ook Tabel 2.7 aangesien die meerderheid van respondente, oftewel 76%, voel dat mans en vroue in die huwelik dieselfde hoeveelheid gesag het. Daar sou dus uit die twee tabelle afgelei kon word dat repondente glo dat mans en vroue dieselfde hoeveelheid gesag behoort te dra en dat hulle dieselfde hoeveelheid seggenskap in die die huwelik het. Vroulike respondente het grootendeels (93.4%) gevoel dat mans en vroue wel ewe veel gesag dra, terwyl die meerderheid mans (60%) gemeen het mans en vroue dra nie ewe veel gesag in die huwelik nie.

Tabel 2.9

	Huishoudelike take moet gelyk tussen huweliksmaats verdeel word				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	47% (N=14)	43.3% (N=13)	10% (N=7)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	60% (N=9)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	33.3% (N=5)	53% (N=8)	13.3% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 2.8 en Tabel 2.9 sal saam bespreek word aangesien beide met die verdeling van huishoudelike take te make het. In Tabel 2.8, het sowat 90% die egalitêre verdeling van arbeid in die huwelik ondersteun; slegs 10% het verskil ten opsigte van gelyke verdeling. In Tabel 2.8 het 56.7% egter verklaar dat huishoudelike take verskillend tussen mans en vroue verdeel moet word. Veertig persent van respondente het nietemin gevoel dat take nie spesifiek óf vir mans óf vir vroue bedoel is nie.

Tabel 2.10

	Sekere huishoudelike take is spesifiek vir mans en ander vir vroue bedoel				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	10% (N=3)	46.7% (N=14)	40% (N=12)	3.3% (N=1)	0% (N=0)
Manlik	0% (N=0)	53.3% (N=8)	40% (N=6)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	20% (N=3)	40% (N=6)	40% (N=6)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 2.10 toon dat 56.7% van respondente glo dat huishoudelike take spesifiek verdeel moet word. Die verdeling van arbeid moet dus volgens respondente se geslag plaasvind.

Tabel 2.11

	Die funksie van die huwelik is 'n ekonomiese kontrak				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	3% (N=1)	3.3% (N=1)	26.7% (N=8)	67% (N=20)	0% (N=0)
Manlik	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	26.7% (N=4)	60% (N=9)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	0% (N=0)	26.7% (N=4)	73.3% (N=11)	0% (N=0)

Tabel 2.11 dui dat 94.4% van respondente voel dat die huwelik nie net bloot ’n ekonomiese kontrak is nie. Die rede vir toetrede tot die huwelik sal verder as ’n aparte afdeling in Afdeling 3 bespreek word.

Algemene bevindings ten opsigte van die verdeling van arbeid in die huwelik kan as volg opgesom word. Beide ouers moet by die opvoedingsproses van kinders betrokke wees. Vroue is geregtig om ’n professionele beroep te volg. Daar is ook gevind dat daar nie van vroue verwag word om halfdag te werk nie. Respondente glo dat dit die man se plig is om aan die huishouding ten opsigte van finansies te voorsien. Die reg van die man om die finale besluitneming in die huishouding te maak, is ook egter baie gelyk en die uitkomste van hierdie vraag nie werklik noemenswaardig nie. Mans en vroue dra dieselfde hoeveelheid gesag in die huwelik. ’n Egalitariese verdeling van huishoudelike take word ondersteun. Tog word daar gevoel dat sekere take vir mans, en ander vir vroue bedoel is. Respondente het ook oorweldigend verskil van die stelling dat die huwelik se funksie dié van ’n ekonomiese kontrak is.

6.1 3 Die huwelik

In die volgende afdeling kom die huwelik onder die loep. Redes om te trou sal ook aangeraak word. Hierdie afdeling het ’n alpha waarde van .396361.

Tabel 3.1

	Individue trou nie meer vir liefde nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	20% (N=6)	40% (N=12)	40% (N=12)	0% (N=0)
Manlik	0% (N=0)	33.3% (N=5)	26.7% (N=4)	40% (N=6)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	53.3% (N=8)	40% (N=6)	0% (N=0)

Tabel 3.1 toon dat 80% van respondente óf saamgestem het óf sterk saamgestem het dat individue steeds vir liefde trou. Daar moet egter benadruk word dat 20% (6 respondente) wel glo dat trou vir liefde nie meer as algemene rede vir die keuse om tot die huwelik toe te tree, geld nie.

Tabel 3.2

	Die huwelik as sosiale instelling is uitgedien in Suid-Afrika				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	3.3% (N=1)	13.3% (N=4)	30% (N=9)	43.3% (N=13)	10% (N=3)
Manlik	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)	40% (N=6)	40% (N=6)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	12.7% (N=2)	20% (N=3)	46.7% (N=7)	20% (N=3)

Hierdie tabel toon duidelik dat die respondente steeds voel dat daar ’n definitiewe plek vir die huwelik as sosiale instelling bestaan. Daar kan afgelei word dat 73.3% van die respondente die huwelik bo alternatiewe tot die huwelik sal verkies. ’n Klein dog merkbare persentasie het egter gevoel dat die huwelik uitgedien in die Suid-Afrikaanse milieu is. Daar kan ook afgelei word dat die respondente die rol van die nukleêre gesin belangrik ag, en dit ’n belangrike plek in die samelewing het. In hierdie vraag bestaan daar egter ontbrekende data aangesien respondente nie seker was oor die betekenis van die konsep nukleêre gesin nie.

Tabel 3.3

	Die rol wat die nukleêre gesin in die samelewing speel is nie belangrik nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	3.3% (N=1)	13.3% (N=4)	30% (N=9)	30% (N=9)	23.3% (N=7)
Manlik	6.7% (N=1)	20% (N=3)	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	20% (N=3)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	33.3% (N=5)	33.3% (N=5)	26.7% (N=4)

Tabel 3.3 toon dat die rol van die nukleêre gesin vir beide die manlike sowel as die vroulike respondente belangrik is. Ook word daar ’n hoë mate van ontbrekende data in hierdie vraag gemerk aangesien respondente nie die konsep ‘nukleêre’ verstaan het nie.

Tabel 3.4

	Toetreding tot die huwelik is nie die einddoel van mans en vroue nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	33.3% (N=10)	46.7% (N=14)	6.7% (N=2)	6.7% (N=2)
Manlik	6.7% (N=1)	26.7% (N=4)	60% (N=9)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	6.7% (N=1)	40% (N=6)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)

In die volgende twee tabelle word die huwelik nie noodwendig bespreek nie, maar veel eerder individue en persepsies van die huwelik. Tabel 3.4 toon dat 53.4% van respondente glo dat die toetreding tot die huwelik die einddoel van individue is. Hierteenoor het 40% verskil.

Tabel 3.5

	Individue is nie gemaak om alleen te leef nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	30% (N=9)	43.3% (N=13)	26.7% (N=8)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	26.7% (N=4)	53.3% (N=8)	20% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	33.3% (N=5)	33.3% (N=5)	33.3% (N=5)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 3.5 toon meer spesifieke resultate aangesien 73.3% óf saamgestem het, óf sterk saamgestem het dat individue nie gemaak is om alleen te leef nie. Slegs agt respondente het verskil ten opsigte van hierdie vraag.

Tabel 3.6

	Egskeidings is aanvaarbaar indien die huwelik nie aan die vereistes voldoen nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	3.3% (N=1)	30% (N=9)	33.3% (N=10)	26.7% (N=8)	6.7% (N=2)
Manlik	6.7% (N=1)	20% (N=7)	20% (N=3)	46.7% (N=3)	6.7% (N=1)
Vroulik	0% (N=0)	12.7% (N=2)	46.7% (N=7)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)

Tabel 3.6 toon dat 60% van respondente nie ten gunste van egskeidings is nie. Die respondente waarmee daar na die inhandiging van hul vraelys gepraat is oor die huwelik het meestal verduidelik dat hul denominasie nie die idee van egskeidings ondersteun nie. Van dié 60%, het 33.3% van respondente gevoel dat egskeiding wel toelaatbaar behoort te wees indien die huwelik nie meer aan die vereistes daargestel, voldoen nie.

Tabel 3.7

	Homoseksuele individue behoort te mag trou				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	16.7% (N=5)	16.7% (N=5)	6.7% (N=2)	26.7% (N=8)	33.3% (N=5)
Manlik	20% (N=3)	20% (N=3)	0% (N=0)	26.7% (N=4)	33.3% (N=1)
Vroulik	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)	33.3% (N=5)

Tabel 3.7, soos reeds genoem, was problematies aangesien 33.3% ontbrekende data ontstaan het. Alhoewel 33.4% respondente gevoel het dat homoseksuele individue behoort te mag trou, het 33.4% egter verskil. Die ontbrekende data het ook 33.3 % van die totale resultaat uitgemaak ten opsigte van individue wat bloot nie die vraag ingevul het nie, of geen opinie oor die vraag gehad het nie. Hierdie vraag is dus uitgelaat uit die finale verwerking aangesien geen merkbare resultaat opgeteken kon word nie. Dit is ook interessant om te merk dat meer manlike respondente ten gunste van homoseksuele huwelike is, en dat vroulike respondente in ’n meerdere mate teen hierdie huwelike gekant is.

In die afdeling ten opsigte van die huwelik kan daar dus die volgende afleidings gemaak word: Daar is gevind dat respondente glo dat liefde ’n belangrike rolspeler in die keuse om tot die huwelik te tree is. Die huwelik as sosiale instelling is nie uitgedien in Suid-Afrika nie en die rol van die nukleêre gesin in die samelewing is belangrik. Toetrede tot die huwelik as einddoel van individue het geen noemenswaardige statistiese bewyse getoon nie. Daar is wel gevind dat individue nie gemaak is om alleen te leef nie. Daar bestaan ook sterk teenkanting teen egskeiding onder die respondente. Die vraag in verband met homoseksualiteit het baie ontbrekende data meegebring.

6.1.4 Keuse van huweliksmaat

Die keuse om huweliksmaats word in Hoofstuk 3 volledig bespreek. Hierdie afdeling sou Afrikaansprekende Christelike studente se keuse ten opsigte van huweliksmaats meet, en

bepaal of hulle volgens eksogamie en endogamie hul huweliksmaats kies. Hierdie afdeling kan as betroubaar gesien word aangesien die waarde van die alpha .76 was. Hierdie betroubaarheid sal later verder bespreek word.

Tabel 4.1

	Individue is oor die algemeen meer gelukkig indien hulle met iemand trou wat dieselfde agtergrond as hulle het				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	73.3% (N=22)	20% (N=6)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	6.7% (N=1)	73.3% (N=11)	20% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	6.7% (N=1)	73.3% (N=11)	2% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)

Om Taljaard (1985:4) se teorie te toets dat huweliksmaats eerstens vanuit die individu se onmiddellike omgewing kom, is die stelling gemaak dat individue oor die algemeen meer gelukkig is indien hulle met iemand trou wat dieselfde agtergrond as hulle het. Daar is gevind dat 80% van die respondente saamstem en voel dat individue meer gelukkig is indien hul met iemand vanuit dieselfde agtergrond trou.

Tabel 4.2

	Ek sal nie met iemand kan trou wat 'n verskillende ras as ek het nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	46.7% (N=14)	13.3% (N=4)	26.7% (N=8)	0% (N=0)	13.3% (N=4)
Manlik	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	20% (N=3)	0% (N=0)	20% (N=3)
Vroulik	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	33.3% (N=5)	0% (N=0)	6.7% (N=1)

Tabel 4.2 toon dat 60% van individue nie met iemand kan trou wat verskil ten opsigte van rasgroep nie. Die meerderheid van respondente, sal ten opsigte van ras, hul huweliksmaats vanuit hul homogene groep kies.

Tabel 4.3

	Ek sal nie met iemand kan trou wat van 'n verskillende kultuur as myne afkomstig is nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	26.7% (N=8)	20% (N=6)	46.7% (N=14)	6.7% (N=2)	0% (N=0)
Manlik	13.3% (N=2)	33.3% (N=5)	40% (N=6)	13.3% (N=2)	0% (N=0)
Vroulik	40% (N=6)	6.7% (N=1)	53.3% (N=8)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 4.3 het gevind dat kultuur nie vir respondente as ’n belangrike faktor dien as hul ’n huweliksmaat kies nie. Alhoewel, 46.7% van respondente wel voel dat eendersheid ten opsigte van kultuur belangrik is, meen 53.3 % dat kultuur nie so belangrik is nie. Hierdie vraag toon nie ’n merkbare verskil nie, aangesien reaksies slegs ten opsigte van twee respondente verskil.

Tabel 4.4

	Ek sal nie met iemand kan trou wat van my verskil t.o.v. denominasie nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	16.7% (N=5)	23.3% (N=7)	36.7% (N=11)	16.7% (N=5)	6.7% (N=2)
Manlik	20% (N=3)	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	20% (N=3)	6.7% (N=1)
Vroulik	13.3% (N=2)	20% (N=3)	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)

Tabel 4.4 toon die keuse om huweliksmaat ten opsigte van dieselfde denominasie. Slegs 40% van die respondente voel dat hul nie met iemand kan trou indien hulle verskil ten opsigte van denominasie nie. ’n Totaal van 53.4% voel dat hul egter wel kan trou met iemand wat verskil ten opsigte van denominasie.

Daar word dus geglo dat individue meer gelukkig is indien hul met iemand van dieselfde agtergrond en ras trou. Die invloed van kultuur en denominasie is egter nie noemenswaardig in die keuse van huwelikmaats nie.

6.1.5 Seksuele verhoudinge

Hierdie afdeling het spesifiek seksualiteit en saamwoonverhoudings bestudeer. Die betroubaarheid in terme van die alpha waarde baie laag en was 0.26.

Tabel 5.1

	Ek het al of sal seks hê met iemand voor ek die huwelik betree				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	10% (N=3)	6.7% (N=2)	13.3% (N=4)	70% (N=21)	0% (N=0)
Manlik	20% (N=3)	13.3% (N=2)	20% (N=3)	46.7% (N=7)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	0% (N=0)	6.7% (N=1)	93.3% (N=14)	0% (N=0)

Tabel 5.1 toon dat respondente nie pro-voorhuwelikse seks is nie. ’n Totaal van 83.3% het gevoel dat seks in die huwelik behoort te geskied. Slegs 16.7% het gevoel dat seks voor die huwelik toelaatbaar en aanvaarbaar is.

Tabel 5.2

	Ek glo dat dit nie aanvaarbaar is om met iemand seksuele aktiwiteite te beoefen indien ek nie lief is vir die persoon nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	56.7% (N=17)	20% (N=6)	13.3% (N=4)	6.7% (N=0)	3.3% (N=1)
Manlik	40% (N=6)	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	73.3% (N=11)	13.3% (N=2)	6.7% (N=0)	6.7% (N=1)	40% (N=1)

Tabel 5.2 het ook sterk getoon dat, 76.7% van die respondente voel dat seksuele aktiwiteite wel met liefde vir die ander persoon gepaard moet gaan. Die probleem met hierdie vraag is dat seksuele aktiwiteite verskillend deur verskillende individue gekonseptualiseer word.

Tabel 5.3

	Ek sal saam met iemand met wie ek in 'n verhouding is, kan woon sonder dat ons getroud is				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	3.3% (N=1)	20% (N=6)	23.3% (N=7)	43.3% (N=13)	10% (N=3)
Manlik	6.7% (N=1)	40% (N=6)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	20% (N=3)
Vroulik	0% (N=0)	0% (N=0)	20% (N=3)	80% (N=12)	0% (N=0)

Die volgende twee vrae het gefokus op ’n alternatief vir die huwelik, naamlik die saamwoonverhouding. In Tabel 5.3 het 66.6 % van respondente getoon dat hul nie saam met iemand kan woon waarmee hul nie getroud is nie. Slegs 23.3% van respondente het ’n liberale standpunt ten opsigte van die saamwoonverhouding gehuldig. Alhoewel daar afgelei kon word dat die proefgroep tradisioneel en konserwatief is, moet daar verwys word na Tabel 7.4 wat ook persepsies oor alternatiewe tot die huwelik getoets het. Tabel 7.4 sal ’n korrelasie tussen tabel 5.3 probeer trek.

Tabel 5.4

	Indien ek in 'n verhouding is en saamwoon, sal ek my ouers inlig				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	73.3% (N=22)	26.7% (N=8)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	60% (N=9)	40% (N=6)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	86.7% (N=13)	13% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 5.4 toon dat indien individue wel die keuse maak, 100% van hulle hul ouers oor hierdie keuse sal inlig.

Tabel 5.5

	Individue moet hulself eers verwesenlik voordat hulle trou				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	33.3% (N=10)	33.3% (N=10)	20% (N=6)	6.7% (N=2)	6.7% (N=2)
Manlik	46.7% (N=7)	20% (N=3)	26.7% (N=4)	0% (N=0)	0% (N=1)
Vroulik	20% (N=3)	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)

Tabel 5.5, toon ook dat 66.6% van respondente voel dat individue hulself eers moet verwesenlik voor hul trou, terwyl, 26.7% hiervan verskil het.

Hierdie afdeling kan dus soos volg opgesom word. Respondente het aangetoon dat hulle nie seks sal hê met iemand waarmee hulle nie getroud is nie. Ook sal hulle nie met iemand seksuele aktiwiteite kan beoefen indien hulle nie lief is vir die persoon nie. Respondente was ook nie ten gunste van ’n saamwoonverhouding nie, maar indien hulle wel in ’n saamwoonverhouding is, sal hulle hul ouers daaroor inlig. Respondente voel ook dat individue hulself moet verwesenlik voor hulle tot die huwelik tree. Hierdie afdeling het ’n noemenswaardige statistiese verskil tussen manlike en vroulike respondente getoon. Hierdie statistiese verskil sal later in afdeling 6.11 bespreek word.

6.1.6 Godsdiens

Die volgende afdeling sal na een van die sosialiseringsagente, naamlik godsdiens kyk en sodoende bepaal of geloof ’n sterk invloed op persepsies van die huwelik het. Die afdeling oor godsdiens was ook redelik hoog ten opsigte van die alpha waarde. Die betroubaarheid met betrekking tot die alpha waarde was 0.8.

Tabel 6.1

	My godsdiens is vir my belangrik				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	76.7% (N=23)	16.7% (N=5)	6.7% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	60% (N=9)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	93.3% (N=14)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)

In die bostaande tabel het ’n oorweldigende 93.4% van respondente aangetoon dat geloof vir hulle belangrik is. Twee respondente het egter hiervan verskil. Soos reeds verduidelik, het hierdie probleem ontstaan as gevolg van die ‘sneeubal-effek’, aangesien eweknieë aangeneem het die respondente wat hulle voorstel net so gelowig is soos hulle self.

Tabel 6.2

	Beoefening van my godsdiens is fundamenteel in die huwelik				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	80% (N=24)	13.3% (N=4)	3.3% (N=1)	3.3% (N=1)	0% (N=0)
Manlik	66.7% (N=10)	20% (N=3)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	93.3% (N=14)	7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 6.2 toon dat 93.3% van respondente glo dat die beoefening van geloof in die huwelik, fundamenteel is. Slegs twee studente het van hierdie stelling verskil.

Tabel 6.3

	Ek sal nie met iemand kan trou wat nie dieselfde geloof as ek het nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	50% (N=15)	33.3% (N=10)	13.3% (N=4)	3.3% (N=1)	0% (N=0)
Manlik	46.70 (N=7)	33.3% (N=5)	20% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	53.3% (N=8)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

Hierdie tabel is interessant, aangesien daar reeds in tabel 4.4 na verskille ten opsigte van denominasie by huweliksmaats gepraat is. Hier is getoon dat slegs 40% voel dat hulle nie met iemand van ’n verskillende denominasie kan trou nie en dat 53.4% voel dat hulle wel met iemand van ’n verskillende denominasie kan trou. Tabel 6.3 toon egter dat 83.3% van rspondente nie bereid sal wees om met iemand te rou wat nie dieselfde geloof as hulle het nie.

Tabel 6.4

	Ek sal nie met iemand kan trou wat nie van dieselfde denominasie as ek is nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	13.3% (N=4)	23.3% (N=7)	43.3% (N=13)	16.7% (N=5)	3.3% (N=1)
Manlik	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)	33.3% (N=5)	26.7% (N=4)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	20% (N=3)	53.3% (N=8)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)

Ofskoon Tabel 6.4 dieselfde vraag as in Tabel 4.4 gevra het, het die resultate van die twee tabelle egter verskil. In Tabel 6.4 het 60% gevoel dat hulle wel met iemand kan trou wat van hulle verskil ten opsigte van denominasie en 26.6% het gevoel dat hulle nie die stap sal kan neem nie. In Tabel 4 het 53,4% van respondente egter aangetoon dat hulle wel met iemand kan trou wat van tot ’n ander denominasie as hulle behoort, terwyl 40% aangetoon het hulle kan nie só ’n stap neem nie.

Tabel 6.5

	Die rol van die man is om die hoof van die huis te wees				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	30% (N=4)	43.3% (N=13)	13.3% (N=10)	10% (N=3)	3.3% (N=1)
Manlik	26.7% (N=4)	40% (N=6)	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)
Vroulik	33.3% (N=5)	47.3% (N=7)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

In Tabel 6.5 het 73.3% van respondente gevoel dat die man die hoof van die huis behoort te wees. Die rol van die vrou om haar man te ondersteun, was deur 86.7% van respondente benadruk terwyl slegs 13.3% hiervan verskil het.

Tabel 6.6

	My rol in die huwelik word bepaal soos voorgeskryf deur my kerk, denominasie of geloofsgroep				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	13.3% (N=4)	43.3% (N=13)	33.3% (N=10)	10% (N=3)	0% (N=0)
Manlik	13.3% (N=2)	46.7% (N=7)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	40% (N=6)	40% (N=6)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

In Tabel 6.6 het 56.6 % van respondente gemerk dat hul rol bepaal word deur hul geloof of denominasie. Die aanname dat rolle deur geloof of denominasie bepaal word, kan dus nie gestaaf word nie, aangesien 43.3% van respondente van hierdie stelling verskil.

Tabel 6.7

	Die rol van die vrou is om haar man te ondersteun				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	40% (N=12)	46.7% (N=14)	10% (N=3)	3.3% (N=1)	0% (N=0)
Manlik	33.3% (N=5)	46.7% (N=7)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	46.7% (N=7)	46.7% (N=7)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)

Hierdie tabel is interessant, aangesien meer vroulike respondente gevoel het dat dit hul rol is om hul mans te ondersteun. Die proefgroep as geheel het ook sterk gevoel dat dit die rol van die vrou is om haar man te ondersteun.

Tabel 6.8

	Ek stem nie saam met Greta Wiid se idees aangaande die rol van die vrou in die huwelik nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	23.3% (N=7)	26.7% (N=8)	6.7% (N=2)	43.3% (N=13)
Manlik	0% (N=0)	26.7% (N=4)	33.3% (N=5)	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)
Vroulik	0% (N=0)	20% (N=3)	20% (N=3)	0% (N=0)	60% (N=9)

In Tabel 6.8 kan daar gesien word dat 43.3% van die respondente óf ‘geen opinie’ geantwoord het, óf die vraag uitgelos het.

Tabel 6.9

	Ek stem saam met Angus Buchan se idees aangaande genderrolle				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	16.7% (N=5)	30% (N=9)	26.7% (N=8)	6.7% (N=2)	20% (N=6)
Manlik	20% (N=3)	26.7% (N=4)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)	13.3% (N=2)
Vroulik	13.3% (N=2)	33.3% (N=5)	26.7% (N=4)	0% (N=0)	26.7% (N=4)

In Tabel 6.9, het sowat 46.7% saam met Buchan se idees gestem terwyl 33.3 gekant was teen hierdie patriargale idees. In hierdie vraag was daar egter ook 20% toegeskryf aan verlore data. Daarvan kan ook afgelei word dat studente oningelig is met betrekking tot relevante kwessies wat oral in die dagblaaie bespreek word. Beide Wiid en Buchan se persepsies is al in verskeie media geprys en gekritiseer.[6]

Die bostaande tabelle 6.8 en 6.9, het spesifieke persone se idees oor die huwelik en die rol van man en vrou in die huwelik getoets. Greta Wiid, soos Angus Buchan is ’n evangelis wat die woord van God versprei en beide van hulle fokus op die rolle in die huwelik.

Vanuit die afdeling oor geloof kan die volgende aannames gemaak word. Die beoefening van geloof is belangrik in die huwelik. Daar is gevind dat respondente nie met iemand van ’n verskillende geloof, maar wel met ’n verskillende denominasie sal kan trou. Die man se rol is dié van hoof van die huis en die vrou se rol is om ondersteunend ten opsigte van haar man te wees. Die reaksie op Greta Wiid en Angus Buchan was min, aangesien min respondente kennis oor hul idees gehad het.

6.1.7 Die Afrikaner

Die volgende afdeling in die vraelys het spesifiek oor die proefgroep se persepsies van die Afrikaner gehandel. Die rede hiervoor was om die proefgroep in die studentekonteks beter te konseptualiseer en sodoende die stereotipies groep se konserwatisme te bevraagteken. Die

[6] Daar word voorgestel dat in die vervolg uitdeelstukke aan die vraelys geheg word sodat ’n opinie aangaande die individue waarvan gepraat word, kan ontstaan.

afdeling oor die Afrikaner het slegs persepsies oor die Afrikaner gemeet en het ŉ alpha waarde van .57.

Tabel 7.1

	Die Afrikaner as kultuurgroep is steeds tradisioneel en konserwatief t.o.v. die huwelik				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	23.3% (N=7)	46.7% (N=14)	23.3% (N=7)	3.3% (N=1)	3.3% (N=0)
Manlik	33.3% (N=5)	53.3% (N=8)	13.3% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	40% (N=6)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)

Tabel 7.1 toon dat 70% van respondente die stereotipe van die tradisionalisme en konserwatisme bevestig het. Slegs sewe respondente het verskil ten opsigte van hierdie persepsie ten opsigte van Afrikaners.

Tabel 7.2

	Afrikaners is steeds konserwatief ten opsigte van met wie hulle trou				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	16.7% (N=5)	63.3% (N=19)	16.7% (N=5)	3.3% (N=1)	0% (N=0)
Manlik	20% (N=3)	73.3% (N=11)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	53% (N=8)	26.7% (N=4)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

Ook het Tabel 7.2 die konserwatiwiteit van Afrikaners ten opsigte van hul huweliksmaats bevestig, aangesien 24 respondente, 80% van die totale respondente hierdie stelling bevestig het.

Tabel 7.3

	Afrikaners heg waarde aan die huwelik				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	33.3% (N=10)	60% (N=18)	6.7% (N=2)	0% (N=0)	0% (N=0)
Manlik	46.7% (N=7)	46.7% (N=7)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)
Vroulik	20% (N=3)	73.3% (N=11)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	0% (N=0)

In terme van die huwelik, het 93.3% van respondente getoon dat Afrikaners waarde aan die huwelik heg. Hierdie kan ook aansluit met die vraag oor die rol van die huwelik (tabel 3.2), wat dui dat 73.3% van individue nie glo dat die huwelik uitgedien is as sosiale instelling nie

Tabel 7.4

	Jong Afrikaners neem steeds nie aan saamwoonverhoudings deel nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	23.3% (N=7)	43.3% (N=13)	16.7% (N=5)	10% (N=3)
Manlik	6.7% (N=1)	26.7% (N=4)	53.3% (N=8)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)
Vroulik	6.7% (N=1)	20% (N=3)	33.3% (N=5)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)

Daar word in tabel 7.4 opgemerk dat 60% van respondente noem dat Afrikaners wel deelneem aan saamwoonverhoudings. Slegs 30% het verskil met hierdie stelling. Die moontlike rede vir hierdie verskille ten opsigte van saamwoonverhoudings is dat Tabel 5.3 spesifiek na 'ek' verwys en Tabel 7.4 na Afrikaners as ŉ groep. Die respondent kon dus dalk geargumenteer dit dat hy of sy nie betrokke sal wees by saamwoonverhoudings nie, maar dat die groep as geheel wel sal kies om betrokke te wees.

Tabel 7.5

	Vroulike studente gaan studeer om 'n man te ontmoet				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	3.3% (N=1)	56.7% (N=17)	33.3% (N=10)	6.7% (N=2)
Manlik	0% (N=0)	0% (N=0)	60% (N=9)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	53.3% (N=8)	40% (N=6)	0% (N=0)

Stereotipes ten opsigte van vroulike studente beklemtoon die idee dat vroue slegs gaan studeer om ’n man te ontmoet en dan te trou. Hierdie stereotipe is sterk deur die respondente bevraagteken. ’n Oorweldigende 90% van die respondente het óf verskil óf sterk verskil met hierdie stereotipe.

Daar is in die data gevind dat die groep Afrikaanssprekendes wat onder die loep geneem is, se persepsies van Afrikaners is dat hul wel tradisioneel en konserwatief is. Die proefgroep glo ook dat Afrikaners konserwatief is ten opsigte met wie hul trou. Die persepsie is dat Afrikaners, indien hul trou baie waarde heg aan die huwelik. Alhoewel hul as tradisioneel gesien word, neem hul wel aan saamwoonverhoudings deel. Die persepsie dat daar ’n stereotipe bestaan ten opsigte van Afrikaner vroulike studente wat bloot studeer om ’n man te ontmoet, is verwerp met ’n oorweldigende teenreaksie. Daar was ook ’n merkbare statistiese verskil ten opsigte van manlike en vroulike studente se reaksies ten opsigte van hierdie afdeling van die meningsopname. Hierdie verskille sal later in afdeling 6.11 verder bespreek word.

6.1. 8 Die media as sosialiseringsagent

Hierdie afdeling van die vraelys het spesifiek na die media as sosialiseringsagent gekyk. Daar wou bestudeer word of die bron ’n invloed op die persepsies van die proefgroep het. Hierdie afdeling het ’n betroubaarheids-waarde van .443257.

Tabel 8.1

	Die media beïnvloed nie my idee van hoe ’n man of vrou in die huwelik moet optree nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	26.7% (N=8)	33.3% (N=10)	20% (N=6)	13.3% (N=)	3.3% (N=1)
Manlik	26.7% (N=4)	46.7% (N=7)	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)
Vroulik	26.7% (N=4)	20% (N=3)	33.3% (N=5)	13.3% (N=2)	0% (N=0)

Beide Tabel 8.1 en Tabel 8.2 handel oor die rolle wat die massamedia aan mans en vroue voorhou. ’n Totaal van 60% het aangedui dat die media wel hul persepsie van man en vrou in die huwelik beïnvloed.

Tabel 8.2

	Die media beïnvloed nie my idees aangaande die rol van die vrou nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	23.3% (N=7)	50% (N=15)	20% (N=6)	3.3% (N=1)	3.3% (N=1)
Manlik	26.7% (N=4)	53.3% (N=8)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)
Vroulik	20% (N=3)	47% (N=7)	33.3% (N=5)	0% (N=0)	0% (N=0)

In tabel 8.2, het 22 respondente, 73.3% aangedui dat die media nie idees oor die rol van die vrou beïnvloed nie. Daar sou dus afgelei word dat die media nie ’n belangrike sosialiseringsagent is in die vorming van persepsies oor die huwelik en spesifiek die rol van man en vrou nie.

Tabel 8.3

	Die media weerspieël die huwelik as 'n uitgediende instelling				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	53.3% (N=16)	33.3% (N=10)	3.3% (N=1)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	53.3% (N=8)	40% (N=6)	6.7% (N=1)	0% (N=0)
Vroulik	13.3% (N=2)	53% (N=8)	26.7% (N=4)	0% (N=0)	6.7% (N=1)

Tabel 8.3 verduidelik die media se weerspieëling van die huwelik. ’n Totaal van 60% van respondente het aangedui dat die media die huwelik as uitgedien weerspieël, terwyl 40% die teenoorgestelde geargumenteer het.

Tabel 8.4

	Die media beeld enkellopers as uitgeworpenes in die samelewing uit				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	10% (N=3)	36.7% (N=11)	43.3% (N=13)	6.7% (N=2)	3.3% (N=1)
Manlik	13.3% (N=2)	46.7% (N=7)	26.7% (N=4)	13.3% (N=2)	0% (N=0)
Vroulik	6.7% (N=1)	27% (N=4)	60% (N=9)	0% (N=0)	6.7% (N=1)

In die bostaande tabel wat die idees ten opsigte van die media en enkellopers wou meet, was daar gevind dat 46.7% van respondente gevoel het dat die media enkellopers as uitgeworpenes uitbeeld. Die helfte (50%) van die respondente het egter hiervan verskil. Hierdie vraag dui dus nie op ’n noemenswaardige verskil nie, aangesien die verskil slegs twee studente was.

Tabel 8.5

	Die media beeld seksualiteit in terme van die man wat in die magsposisie is, uit				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	10% (N=3)	43.3% (N=13)	36.7% (N=11)	0% (N=0)	10% (N=3)
Manlik	6.7% (N=1)	53.3% (N=5)	33.3% (N=8)	0% (N=0)	6.7% (N=1)
Vroulik	13.3% (N=2)	53.3% (N=8)	20% (N=3)	0% (N=0)	13.3% (N=2)

Tabel 8.5 toon dat 53.3% van respondente voel dat mans uitgebeeld word as in ’n magsposisie in terme van seksualiteit in die media. Slegs 36.7% van respondente het met die stelling verskil. Meer vroulike respondente het ook saamgestem dat mans in ’n magsposisie in terme van seksualiteit in die media uitgebeeld word.

Tabel 8.6

	Seks voor die huwelik word as aanvaarbaar uitgebeeld deur die media				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	73.3% (N=22)	23.3% (N=7)	0% (N=0)	0% (N=0)	3.3% (N=1)
Manlik	73.3% (N=11)	20% (N=3)	0% (N=0)	0% (N=0)	6.7% (N=1)
Vroulik	73.3% (N=11)	26.7% (N=4)	0% (N=0)	0% (N=0)	0% (N=0)

Tabel 8.6 toon ook dat 96.6% respondente glo dat die media seks voor die huwelik as aanvaarbaar uitbeeld.

Beide die twee bostaande tabelle verduidelik die invloed van die media op seksualiteit. Die rede vir die navorsing ten opsigte van seksualiteit is dat die proefgroep, wat slegs Christelike studente ingesluit het, volgens die samelewing as stereotipies konserwatief in hulle houding teenoor seksualiteit gesien word.

Die massamedia het wel ’n invloed op die idees aangaande die huwelik. Die massamedia het veral ’n invloed op die rol van die vrou in die huwelik. Die huwelik word deur die media as ’n uitgediende instelling voorgehou en seks voor die huwelik as aanvaarbaar uitgebeeld.

6.1. 9 Ouers en vriende as sosialiseringsagente

In die volgende afdeling van die studie is daar gefokus op ouers en vriende as sosialiseringsagente. In die eerste helfte van die bespreking sal vriende, en in die tweede helfte ouers, onder die loep geneem word. Die alpha vir hierdie afdeling was .24, en is dus baie laag.

6.1.9. 1 Vriende as sosialiseringsagent

Tabel 9.1

	My vriende sien die huwelik as 'n uitgediende instelling				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	16.7% (N=5)	46.7% (N=14)	33.3% (N=10)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	26.7% (N=4)	53.3% (N=8)	20% (N=3)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	40% (N=6)	46.7% (N=7)	6.7% (N=1)

Die bostaande tabel dui op die invloed van vriende op spesifiek die huwelik. Tabel 9.1 het gevind dat 80% van respondente genoem het dat hul vriende nie die huwelik as ’n uitgediende instelling sien nie. Vyf respondente het wel met die stelling saamgestem.

Tabel 9.2

	My vriende beïnvloed my idee van die huwelik				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	36.7% (N=11)	30% (N=9)	23.3% (N=7)	3.3% (N=1)
Manlik	13.3% (N=2)	40% (N=6)	20% (N=3)	26.7% (N=4)	0% (N=0)
Vroulik	0% (N=0)	33.3% (N=5)	40% (N=6)	20% (N=3)	6.7% (N=1)

In Tabel 9.2 is daar gevind dat 53.3% van respondente meen dat hul vriende nie hul idee van die huwelik beïnvloed nie. Tog toon 43.3% van respondente wel dat hulle saamstem dat hul vriende hul idee van die huwelik beïnvloed. Die rede vir die lae waarde wat aan vriende in terme van sosialiseringsagente ten opsigte van die huwelik geheg is, is dat die respondente

almal nog baie jonk – tussen 18 en 23 jaar – is, en dat hierdie groep en hul vriende oor die algemeen nie direk by die huwelik betrokke is nie. Dit wil dus voorkom of respondente meer waarde aan ander sosialiseringsagente heg. Ouers as sosialiseringsagent sal spesifiek in die volgende afdeling bespreek word, en die impak van ouers blyk dus groter as die van vriende te wees.

Tabel 9.3

	My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die man				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	46.7% (N=14)	36.7% (N=11)	13.3% (N=4)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	40% (N=6)	40% (N=6)	13.3% (N=2)	6.7% (N=1)
Vroulik	0% (N=0)	53.3% (N=8)	33.3% (N=5)	13.3% (N=2)	0% (N=0)

In beide vrae aangaande die invloed wat vriende op die idee van die man of vrou het, is daar gevind dat die ondersteuning vir en die teenkanting teen die vraag redelik gelykop was. Dit is dus onmoontlik om tot ’n klinkklare gevolgtekking te kom oor die mate waarin vriende respondente se idees oor die rol van die man en vrou beïnvloed.

Tabel 9.4

	My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die vrou				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	6.7% (N=2)	30% (N=9)	50% (N=15)	13.3% (N=4)	0% (N=0)
Manlik	6.7% (N=1)	33.3% (N=5)	40% (N=6)	20% (N=3)	0% (N=0)
Vroulik	6.7% (N=1)	26.7% (N=4)	60% (N=9)	6.7% (N=1)	0% (N=0)

Tabel 9.4 toon dat 63.3% van respondente nie glo dat hul vriende hul idee van die rol van die vrou beïnvloed nie.

Tabel 9.5

	Ek sal makliker deur my vriende aanvaar word indien ek in 'n verhouding is				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	6.7% (N=2)	20% (N=6)	70% (N=21)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	33.3% (N=5)	53.3% (N=8)	6.7% (N=1)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	86.7% (N=13)	0% (N=0)

Hierdie vraag handel oor enkellopers wat ook in die media-afdeling aangeraak is. Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat 90% van respondente voel dat hulle vriende nie druk op hulle plaas om in ’n verhouding te tree nie.

6.1.9. 2 Ouers as sosialiseringsagent

In die volgende afdeling sal daar na ouers as sosialiseringsagent gekyk word en hul rol in die sosialiseringsproses van individue sal bespreek word.

Tabel 9.6

	My ouers beïnvloed nie my idee van die huwelik nie				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	20% (N=6)	0% (N=0)	36.70% (N=11)	43.3% (N=13)	0% (N=0)
Manlik	33.3% (N=0)	0% (N=5)	46.7% (N=0)	20% (N=7)	0% (N=3)
Vroulik	6.7% (N=1)	0% (N=0)	26.7% (N=4)	66.7% (N=10)	0% (N=0)

In Tabel 9.6, word daar gesien dat ouers wel ’n invloed op adolessente van die proefgroep se idees van die huwelik het. Sowat 24 respondente of 80% van die totale proefgroep het gevoel dat hul ouers wel ’n impak op hulle idees ten opsigte van die huwelik het. Dit is ook noemenswaardig dat 86.7% van die respondente glo dat hul ouers hul eie huwelik as ’n gelukkige huwelik sien. ’n Totaal van 83.4% van die respondente het egter benadruk dat daar nie druk van hul ouers se kant op hulle geplaas word om in die huwelik te tree nie. Weereens

moet dit benadruk word dat die respondente baie jonk is en indien hierdie vraag aan ouer respondente gevra sou word, die resultate heel moontlik sal verskil.

Tabel 9.7

	My ouers sien hul huwelik as 'n gelukkige een				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	70% (N=21)	16.7% (N=5)	3.3% (N=1)	3.3% (N=1)	6.7% (N=2)
Manlik	60% (N=9)	26.7% (N=4)	0% (N=0)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)
Vroulik	80% (N=12)	6.7% (N=1)	6.7% (N=1)	0% (N=0)	6.7% (N=1)

Sowel die manlike as die vroulike respondente het gevoel dat hul ouers se huwelik wel ’n gelukkige huwelik is.

Tabel 9.8

	Ek ervaar druk van my ouers om tot die huwelik toe te tree				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	13.3% (N=4)	16.7% (N=5)	66.7% (N=20)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	20% (N=3)	13.3% (N=3)	60% (N=9)	6.7% (N=1)
Vroulik	0% (N=0)	6.7% (N=1)	20% (N=3)	73.3% (N=11)	0% (N=0)

Uit Tabel 9.8 kan daar afgelei word dat die meeste respondente nie druk van hul ouers se kant af ervaar om tot die huwelik toe te tree nie. Nietemin het 13.3% van die studente met die stelling saamgestem.

Tabel 9.9

	My ouers beïnvloed my idees aangaande die rol van die vrou				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	13.3% (N=4)	10% (N=3)	50% (N=15)	23.3% (N=7)	3.3% (N=1)
Manlik	6.7% (N=1)	13.3% (N=2)	40% (N=6)	33.3% (N=5)	6.7% (N=1)
Vroulik	20% (N=3)	6.7% (N=1)	60% (N=9)	13.3% (N=2)	0% (N=0)

Uit tabel 9.9 kan daar afgelei word dat beide manlike en vroulike respondente glo dat hul ouers nie hulle idee van die rol van die vrou beïnvloed nie.

Tabel 9.10

	Ek sal makliker deur my ouers aanvaar word indien ek in 'n verhouding is				
	Stem Sterk saam	**Stem Saam**	**Verskil**	**Verskil Sterk**	**Verlore Data**
Proefgroep	0% (N=0)	6.7% (N=2)	26.7% (N=8)	63.3% (N=19)	3.3% (N=1)
Manlik	0% (N=0)	13.3% (N=2)	26.7% (N=4)	53.3% (N=8)	6.7% (N=1)
Vroulik	0% (N=0)	0% (N=0)	26.7% (N=4)	73.3% (N=11)	0% (N=0)

Tabel 9.10 dui ook aan dat aanvaarding van respondente deur hul ouers nie afhang van respondente se verhouding-status nie. Weereens moet daar benadruk word dat die respondente baie jonk is en dat druk om in 'n verhouding te wees of tot die huwelik toe te tree daarom dalk eerder later gevoel sal word.

Respondente se vriende sien die huwelik nie as 'n uitgediende instelling nie. Hul vriende beïnvloed nie hul idees van die huwelik, die vrou of die man nie. Nie ouers of vriende plaas druk op respondente om in 'n verhouding te wees nie. Ouers plaas ook nie druk op respondente om tot die huwelik toe te tree nie. Ouers van die respondente beskou meestal hul huwelik as 'n gelukkige een. Ouers beïnvloed wel respondente se idees oor die huwelik.

6.9 Ontbrekende data (*Missing data*)

Daar is besluit om veranderlike 34 en 49 uit die finale studie te haal aangesien beide hierdie vrae te veel verlore data gehad het. By veranderlike 49 het 13 respondente óf nie die vraag beantwoord nie óf slegs die waarde 5, wat geen opinie was, by die vraag ingevul. Die verlore data sou 43% van die terugvoer op die vraag uitmaak. Dié hoë syfer sou die geloofwaardigheid van die oorblywende data drasties verminder het. By veranderlike 49 was die vraag: *Ek stem saam met Greta Wiid en haar idees aangaande die rol van die vrou in die huwelik* . Die probleem wat onstaan het is dat individue nie geweet het wie Greta Wiid is en watter waardes sy ondersteun en voorstaan nie. By veranderlike 34 het 10 respondente wat 33% van die totale terugvoer sou uitmaak, nie die vraag beantwoord nie of geen opinie gehad nie. Hierdie vraag was : "*Homoseksuele individue behoort te mag trou".* Respondente in die algemeen was baie ongemaklik met hierdie vraag en die totale uiteensetting met betrekking tot die reaksie op die vraag is in Tabel 3.4 bespreek.

6.10 Betroubaarheid van data

Om die betroubaarheid van die data te bepaal, moet daar na die *cronbachs's alpha* gekyk word. Die *Cronbach's alpha* meet die skaal van betroubaarheid in terme van die vraelys. Met betroubaarheid word bedoel die konsekwentheid van die metings. Indien die waarde van die alpha tussen 0.7 en 0.8 is, kan die data as betroubaar gesien word (Field, 2005).

Tabel 10.1 Betroubaarheid van data

Afdeling in Vraelys	*Cronbach's Alpha in terme van betroubaarheid*
1. Gender en Geslag	.255084
2. Verdeling van Arbeid	.592098
3. Die huwelik	.396361
4. Keuse van huweliksmaat	.766709
5. Seksualiteit verhoudinge	.267752
6. Godsdiens	.874691
7. Die Afrikaner as kultuurgroep	.576230
8. Die media as sosialiseringsagent	.443257
9. Ouers en vriende as sosialiseringsagente	.235607

Indien daar na die verskillende afdelings van die vraelys gekyk word, kan daar gesien word dat die alpha gevarieer het van .236 tot .875. Die afdeling oor keuse van huweliksmaat het ’n alpha van .767en die Godsdiens-afdeling ’n alpha van .876 gehad. Daar kan dus afgelei word dat die data in hierdie wee afdelings die mees betroubaar was (Field, 2005).

Daar moet egter benadruk word dat die proefgroep baie klein is, en dat om veralgemenings te maak dus baie moeilik is. Hierdie probleem met die proefgroep, sal in ’n verdere studie aangespreek moet word, aangesien die opinies van 30 blanke Afrikaanssprekende studente nie as die van Afrikaanssprekendes in geheel gesien kan word nie. Hierdie studie het dus net die opinies van ’n groep blanke Afrikaanssprekende Christelike studente op Stellenbosch Kampus toets, en sodoende in ’n mate probeer vasstel wat die persepsies van hierdie groep studente moontlik kan wees.

6.1 1 ANOVA (*analysis of variance*)

ANOVA’s meet die verskille tussen die gemiddeldes van groepe. Dit is ’n statistiese prosedure wat deur middel van die F-ratio die model as geheel toets. Indien die p-waarde kleiner as 0.05 is, beteken dit dat daar ’n beduidende verskil tussen twee of meer groepe bestaan[7] (Field, 2005). Die ANOVA het ’n teoretiese minimum van 1 en ’n teoretiese maksimum van 5. Die onderstaande grafieke dui gemiddeld slegs ’n minimum van 1.8 en ’n maksimum van 3.3 aan, aangesien die gemiddelde resultate slegs in hierdie kategorieë geval het. Al die onderstaande grafiek sal ook die Mann-Whitney[8] aandui. Grafiek 3 sal veral van die toets gebruik maak.

Alhoewel elke vraag ten opsigte van manlike en vroulike respondente bespreek is, kon daar afgelei word uit hierdie tabelle dat beduidende verskille in etlike afdelings bestaan.

[7] Alle grafieke met betrekking to ANOVA sal opskrifte hê wat Engels is, aangesien die vertaling van die bewoording ‘n struikelblok was. Alle data is in STATISTICA verwerk en hierdie program is slegs beskikbaar in Engels.

[8] Die Mann-Whitney toets word saam met die ANOVA gebruik om te toets of die twee onafhanklike ewekansige proefgroepe gebruik word en dat die vlak van meting ten minste ordinaal is. Hierdie voetnoot moet reeds na grafiek een geplaas word.

Grafiek 1: Die beduidende verskil tussen opinies aangaande seksuele verhoudings tussen manlike en vroulike respondente



p=0.03, p= ≤0.05 dus verskil is statisties beduidend

In die afdeling oor seksualiteit is daar ’n noemenswaardige statistiese verskil tussen manlike en vroulike respondente gesien. Die p-waarde van hierdie afdeling was 0.03. Vroue in hierdie afdeling het hoër waardes toeken in terme van seksualiteit.

Indien daar na die individuele vrae van die vraelys in die seksuele verhoudings-afdeling gekyk word, kan daar genoem word dat vroulike respondente baie meer konserwatief ten opsigte van seksualiteit en saamwoonverhoudings is.

Al 15 vroulike respondente was gekant teen voorhuwelikse seks, terwyl 10 manlike respondente dit nie ondersteun het nie. Vroulike respondente was ook in ’n meerdere mate gekant teen enige vorm van seksuele aktiwiteit indien daar nie liefde betrokke is nie. Vroulike studente was ook oorweldigend gekant teen saamwoonverhoudings terwyl 50% van manlike respondente saamwoonverhoudings ondersteun het.

Grafiek 2: Die beduidende verskil tussen opinies aangaande Afrikanergroep tussen manlike en vroulike respondente



p=0.04, p = ≤ 0.05 dus verskil is statisties beduidend

In die afdeling wat oor die Afrikaner gehandel het, was daar wel ’n statisties merkbare verskil ten opsigte van mans en vroue. Die p-waarde in hierdie vergelyking was +0.04 en dus kan geargumenteer word dat ’n beduidende verskil bestaan. Vroulike respondente het hoër waardes aan die afdeling toegeken in vergelyking met manlike respondente. Meer manlike respondente het aangetoon dat Afrikaners konserwatief is, terwyl vroulike studente Afrikaners as minder konserwatief sien. Die verskille ten opsigte van individuele vrae in die afdeling is egter min, en werklik merkbaar in sommige vrae ten opsigte van konserwatiwiteit.

Grafiek 3: Die beduidende verskil tussen manlike en vroulike respondente se opinies aangaande die huwelik.



p=0.05, p=0.05 (Mann-Whitney)[9] *dus: verskil is statisties beduidend*

Dit wil voorkom of vroulike respondente sterk voel dat individue steeds vir liefde trou en dat die huwelik as ’n sosiale instelling nie uitgedien is nie. Tog voel vroulike respondente in ’n mindere mate as manlike respondente dat die rol van die nukleêre gesin belangrik is Manlike respondente sien ook die huwelik in ’n meerdere mate as die einddoel vir individue. Manlike respondente voel sterker oor die persepsie dat individue nie gemaak is om alleen te leef nie. Vroulike respondente is egter meer ten gunste van egskeidings indien die huwelik nie aan die vereistes voldoen nie.

6.13 Tekortkominge en aanbevelings

’n Samevatting vir die tekortkominge van die studie , afgelei vanuit die bevindinge is dus die volgende: Die tekortkominge van die studie ten opsigte van die kwantitatiewe navorsing is, dat die proefgroep redelik klein was. Om 30 respondente se persepsies na te vors, dui nie maklik op ’n beduidende verskil nie. Die ANOVA, het egter beduidende statistiese verskille

[9] Die Mann-Whitney toets , toets dat die navorser twee onafhanklike ewekansige proefgroepe gebruik en dat die vlak van meting tenminste ‘n ordinale skaal is.

aangedui. Dit sal inkorrek wees om af te lei dat die opinies van 30 blanke Christelike Afrikaanssprekende studente aan die Universiteit van Stellenbosch verteenwoordigend is van Afrikaansprekende studente in die algemeen. Verdere studies sal moontlik meer studente moet insluit of verdere kampusse betrek wat ’n meer realistiese beeld van studente in die algemeen sou kon voorstel.

Daar word voorgestel dat indien ’n soortgelyke studie gedoen word, daar moontlik na nie-Christelike studente ook gekyk word om ’n vergelyking van persepsies tussen Christelike en nie-gelowige studente te tref. Ook word daar voorgestel dat daar dalk na jong werkendes , wie se idees oor die huwelik meer gevormd is en wie meer kontak met die huwelik as sosiale instelling het, gekyk word.

Daar kon egter verdere aandag aan kwalitatiewe data gegee word, sodat fokusgroepe en onderhoude veral tot vrae in die vraelys kon bydra.

6.14 Slot

Hierdie hoofstuk het die bevindinge van die studie soos die huwelik en genderolle op die Stellenbosch Universiteitskampus uiteengesit . Elke afdeling van die vraelys is apart bespreek sodat data duidelik uiteengesit kon word. Bevindinge is ook aan die hand van tabelle verduidelik. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data is bespreek in die hoofstuk en beide tipes metodologie het tot die studie in sy geheel bygedra.

Die vraelys wat gebruik is, is nuut en aangesien dit nie direk van ander bronne afkomstig is nie, sou dit vir toekomstige studies aangepas kon word. Daar kan ook meer gedoen word om in verdere studies die proefgroep te vergroot sodat die data meer betroubaarheid kan wees en sodat korrelasies veral tussen die geslagte getrek kan word.

Hoofstuk 7: Gevolgtrekking

Hierdie tesis het deurentyd verwys na kernkonsepte soos gender en geslag, die huwelik, verdeling van arbeid asook verskeie perspektiewe oor hierdie konsepte. Hierdie konsepte blyk die basis te wees vir die literatuurstudie asook die dataversameling.

Om die argumente soos verkry uit die literatuur en dataversameling te beklemtoon sal in die volgende gedeelte terugverwys word na die literatuur. Die data verkry, is sodoende verbind om nie net ʼn literatuuroorsig deur middel van hierdie tesis oor te dra nie, maar eerder die vergelyking en verbinding van die nuwe data met die literatuur soos reeds bestaan, weer te gee.

In Hoofstuk twee is die verskille tussen die konsepte gender en geslag duidelik uiteengesit. Hierdie konseptualisering het as basis gedien vir die studie en ʼn begrip van die verskille was van uiterse belang vir die verstaan van die res van die stuk. Gender het duidelik gedui op ʼn sosiale konstruksie. Gender dui ook op ʼn kategoriseringsmodel wat die samelewing verdeel in ʼn binêre verhouding aangesien individue óf manlik óf vroulik kan wees. Die voorstelling dat mans en vroue óf een óf die ander moet wees, veroorsaak ʼn magspel in die samelewing. Hierdie binêre verdeling kan ook verduidelik word aan die hand van teenoorgesteldes, soos sterk teenoor swak, werkende teenoor tuisteskepper. Die idee bestaan dat individue slegs die een of die ander kan wees en die vervulling van beide rolle word as onmoontlik en abnormaal beskou. Gender is dus ʼn proses wat beïnvloed word deur rolspelers in die samelewing. Geslag soos in hierdie konteks gebruik is, dui op die biologiese verskille tussen mans en vroue. Die meningsopname het getoon dat respondente egter nie werklik geweet het dat daar ʼn verskil tussen gender en geslag is nie. Hierdie tendens het die betroubaarheid van die gender en geslag-afdeling benadeel, aangesien daar gereeld na hierdie konsepte verwys is.

Die kultuur teenoor natuur-debat is ook in die studie gebruik en manlikheid en vroulikheid, blyk egter meer kompleks as net die biologiese verskille tussen die geslagte te wees. Verskille tussen die geslagte, kan volgens biologiese verskille of ʼn sosialiseringsproses bepaal word. Die natuur-debat is sterk ondersteun, ofskoon respondente ook verwys het na die konstruksie van gender. Dit blyk dat respondente verwys na gender as seks en geslag. Die onvermoë van respondente om te onderskei ten opsigte van hierdie konsepte het die afdeling oor gender en geslag in die vraelys het die betroubaarheid negatief beïnvloed.

Genderidentiteit wat deur middel van ervarings gevorm word, blyk ook belangrik te wees aangesien hierdie identiteit nie noodwendig langs geslagslyne gevorm word nie. Die voorbeeld van Caster Semenya is in die tesis gebruik aangesien daar tans gedebatteer word oor interseksualiteit en die vorming van genderidentiteit. Die kultuur-debat is veral relevant in die lig van die onlangse voorbeeld van Semenya.

Stereotipering van individue, soos in hoofstuk twee verduidelik, vind veral ten opsigte van geslag en gender plaas. Hierdie stereotipes is breë veralgemenings en dui op die druk van die samelewing om tot die waardes en norme soos daargestel deur die samelewing aan te pas. Genderrolle verskil van stereotipes aangesien dit oorhoofse identiteite is, en kan wel kan aanpas by die omgewing waarin individue hul bevind. Die waardes wat die samelewing dus aan manlikheid en vroulikheid toeken, veroorsaak stereotipes veral ten opsigte van wat manlikheid en vroulikheid nié is nie. Die daarstelling van genderrolle kan deur verskeie perspektiewe verduidelik word, en die simboliese interaksie-teorie blyk die teorie te wees wat korreleer met die data gevind. Die simboliese interaksie-teorie dui op ’n sosiale konstruksie en ’n aanpasbare proses. Die respondente blyk saam te stem met die idee dat genderrolle deur die samelewing gekonstrueer word. Die sosiale konstruksie nie net in terme van genderolle nie, maar ook van gender. Die huwelik is deurlopend deur die respondente in die studie ondersteun en aanvaar.

Die eerste toetsbare stelling vir die tesis was as volg: Jong Afrikaanssprekende studente ondersteun die huwelik as sosiale instelling. Die eerste toetsbare stelling word ondersteun aangesien die bevindinge wys dat gelowige adolessente in die proefgroep die huwelik as sosiale instelling in Suid-Afrika ondersteun. Die huwelik soos verduidelik in hierdie tesis, is ’n wetlike verbintenis tussen twee, heteroseksuele persone. Die langtermyn aard en standvastigheid van die huwelik word in Hoofstuk drie. Huwelike word gelegitimeer wanneer kinders daaruit gebore word. Die huwelik soos verklaar in hierdie tesis is ’n sosiale instelling. Die huwelik funksioneer nie as ’n sisteem wat geïsoleer is van individue en sosialiseringsagente nie. Die huwelik pas aan by die waardes soos neergelê deur die individue in ’n samelewing. Patriargie en mag in die huwelik beklemtoon die genderrolle soos deur die samelewing daargestel en moedig definitiewe verdeling van arbeid in die samelewing aan.

Daar is verskeie redes bestaan waarom individue kies om tot die huwelik toe te tree. Daar bestaan verskeie teorieë wat fokus die keuse van ’n huweliksmaat. Individue kies meestal óf volgens endogamie óf eksogamie hul huweliksmaats. Die studie het gevind dat individue glo

dat hulle nie gemaak is om alleen te leef nie, en dat hulle ’n definitiewe behoefte daaraan het om in die huwelik te tree. Vanuit die primêre data kan afgelei word dat Afrikaners meestal vanuit hul eie groep huweliksmaats kies. Dit is ook uit die data duidelik dat liefde ’n groot rol speel in individue se keuse om in die huwelik te tree. Die huwelik as sosiale instelling het ’n definitiewe plek in die Suid-Afrikaanse konteks.

Adolessente wat tot die huwelik toetree, ondervind egter struikelblokke in die huwelik. Die rede hiervoor is dat hulle nie die nodige vlak van volwassenheid bereik het om te trou nie. Die emosionele gereedheid waaroor individue behoort te beskik om die uitdagings van die huwelik te hanteer, ontwikkel eers ná adolessensie.

Toetsbare stelling twee, verwys na die persepsies van Afrikaanssprekendes in die samelewing. Die stelling dui aan dat Afrikaanssprekendes in die proefgroep steeds konserwatief aangaande die huwelik asook gender in die samelewing is. Dit wou voorkom asof daar ’n skuif ten opsigte van persepsies oor die verdeling van arbeid plaasgevind het, maar in ander afdelings van die vraelys is tradisionele waardes bevestig. Tog is verandering in die samelewing te bespeur ten opsigte van vroue se deelname in die arbeidsmark. Hierdie toename in deelname het egter op die samelewing en veral die gesin ’n enorme impak gehad. Die verdeling van arbeid is ook minder stereotipies indien daar na die bevindinge van die studie gekyk word. Respondente het, soos reeds genoem, nie saamgestem dat die vrou se taak is taak om kinders op te voed nie, maar gevoel dat hierdie taak op beide ouers berus. Daar is ook gevind dat respondente die skuif in terme van die arbeidsmark ondersteun en dat vroue net so geregtig daarop is soos mans om ’n professionele beroep te hê. Ofskoon vroue toegelaat word tot die arbeidsmark, moet mans egter steeds finansieel aan die huisgesin voorsien. Hier is dit opvallend dat die idees oor die hedendaagse verskuiwing in die verdeling van arbeid kontrasteer met konserwatiewe persepsies oor die huwelik en dit uitdaag.

Toetsbare stelling drie wat handel oor godsdiens se impak ten opsigte van die verdeling van arbeid, word ook ondersteun aangesien individue se godsdiens ’n duidelike invloed op hul keuse van huweliksmaat het. Die bevindinge het ook getoon dat respondente dink dat godsdiens ’n definitiewe rol in die huwelik behoort te speel. In terme van tradisionele waardes kan daar ook na godsdiens as ’n bepalende sosialiseringsagent van waardes verwys word. Godsdiens was uiters belangrik vir die respondente. Weereens moet die feit beklemtoon word dat die proefgroep slegs uit Christelike studente bestaan het. Geloof blyk ook ’n kernaspek van die huwelik te wees en die keuse van huweliksmaat word sterk deur godsdiens beïnvloed.

Godsdiens blyk een van die mees belangrike sosialiseringsagente in terme van genderolle te wees.

Toetsbare stelling vier het oor godsdiens en gender gehandel. Die bevindinge ten opsigte van godsdiens en genderolle is dat die man die hoof van die huis behoort te wees en dat vroue hul mans in die huwelik moet ondersteun. Stelling vier word ook ondersteun deurdat die verdeling van arbeid in die huwelik ook in ’n mate deur godsdiens gemotiveer word.

Stelling vyf word ook ondersteun. Dit dui daarop dui dat die veranderende persepsies van die samelewing ’n impak het op die konseptualisering van gender, die huwelik en die verdeling van arbeid in die huwelik. Alhoewel persepsies ten opsigte van genderrolle, die huwelik en gender besig is om te verander, blyk dit steeds of tradisionele idees die grondslag van die proefgroep is. Talle argumente bestaan ten opsigte van die behoefte aan tradisie in die samelewing. Daar sou geargumenteer kon word dat daar in ’n veranderende samelewing ’n behoefte bestaan aan standvastigheid en dat individue dus in veranderende tye sal vasklou aan tradisionele idees. Indien daar na die konserwatisme en seksualiteit van die respondente gekyk word, kan daar genoem word dat die respondente steeds konserwatief is. Voorhuwelikse seks en saamwoonverhoudings word duidelik as ’n taboe gesien.

Verder is daar verwys na verskeie sosialiseringsagente, naamlik ouers, vriende en eweknieë, die massamedia en godsdiens. Ouers as sosialiseringsagente het ’n invloed op persepsies van die rol van die vrou asook die huwelik as sosiale instelling. Vriende en ouers speel ook ’n rol in die vorming van persepsies. Die massamedia as sosialiseringsagent blyk nie ’n werklike invloed op persepsies van die huwelik te hê nie. Dit het wel ’n invloed op idees oor seksualiteit aangesien hierdie sosialiseringsagent seksualiteit uitbeeld as iets wat nie noodwendig tot die huwelik behoort te word nie.

Hierdie tesis het daarin geslaag om die doelstellings soos in die eerste hoofstuk neergelê, uit te voer. Die persepsies van blanke Christelike Afrikaanssprekende studente in die proefgroep aangaande die huwelik en gender is. Die verdeling van arbeid is ook spesifiek deur die vraelys aangeraak. Die huwelik het, soos reeds bevestig, steeds ’n definitiewe funksie in die samelewing. Die invloed van sosialiseringsagente is ook ondersoek en daar is gevind dat godsdiens en ouers ’n invloed op persepsies van die huwelik en die verdeling van arbeid het.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikaner volgens die respondente in die proefgroep, alhoewel die samelewing tans ten gunste is van nie-tradisionele rolle vir mans en vroue, steeds as tradisioneel gesien kan word. Die rol van die man en vrou in die samelewing blyk dus onseker te wees, aangesien albei as gevolg van die verandering van die arbeidsmark, nie werklike strukturele beperkings ten opsigte van die rolle wat hul behoort te vul, ervaar nie. Tog, ofskoon nie-tradisionele idees meer algemeen is in die samelewing, neem mans en vroue steeds tradisionele rolle in die huwelik in sodra kinders gebore word. Wanneer kinders uit die huwelik gebore word, word daar steeds van vroue verwag om aanpasbaar te wees in hulle beroepslewe. Die rol van die vrou is klaarblyklik steeds dié van onderdanige eggenote en opvoeder. Sowel die huwelik as gender word deur die samelewing gekonstrueer. Die probleem is egter dat adolessente, soos bevind in die studie, ouers as sosialiseringsagente ervaar, en dat persepsies en gedrag deur ouers aan hul kinders oorgedra word. Die tradisionele waardes van die Christelike godsdiens met betrekking tot die huwelik blyk ook ’n beperkende faktor te wees, aangesien dit ’n sentrale rol in die vestiging van persepsies speel.

Die vergelyking van persepsies van Christelike asook nie-gelowige studente sal ook interessant wees, aangesien dit óf die rol van godsdiens as ’n sosialiseringsagent sal belig. Daar word ook voorgestel dat ’n verdere studie aangaande die rol van die Afrikaanssprekende man in die samelewing gedoen word aangesien dit wil voorkom asof die politieke situasies daartoe bygedra het baie van hulle nie meer soos van te vore as die hoof van die huishouding of groot rolspelers in die arbeidsmark gesien kan word nie. Die rol van die Afrikaanssprekende vrou wat alreeds in die huwelik betrokke is, moet ook ondersoek word, aangesien daar in die tesis gesien is dat alhoewel die samelewing nie-tradisionele rolle moontlike maak, baie van hierdie vroue nog steeds tradisionele rolle aanvaar.

.

Bibliografie

Ajzen, L. & Fishbein, M. 1980. *Understanding Attitudes and Predicting Social Behaviour*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Amato, P.R. & Booth, A. 1995. "Changes in Gender Role Attitudes and Perceived Marital Quality" in *American Sociological Review* 60(1):58-66.

Andersen, M.L. & Taylor, H.F. 2004. *Sociology: Understanding a Divine Society*. Vierde Uitgawe. Kalifornië: Thomson Wadsworth.

Baden, S. Hasim, S. & Meintjes, S. 1998. *Country Profile: South Africa*.Report for Swedish International Development Office-Institute for Develepment Studies: Brighton.

Baker, E.H., Sanchez, L.A., Nock, S.L. & Wright, J.D. 2009. *Covenant Marriage and the Sanctification of Gendered Marital Roles*, Centre for Demographic Research: Working Paper:07/02.

Barber, B.L.1990. *The Impact of Family Structure on Adolescent and Maternal Values for Family Roles.* Atlanta: Universiteit van Michigan.

Basow, S.A.1992. *Gender Stereytypes and Roles*. Derde Uitgawe. Kalifornië: Wadsworth.

Beal, C.R. 1994. *Boys and Girls: The Development of Gender Roles*. New York: McGraw-Hill.

Bernard, J. 1972. *The Future of Marriage*. New York: Bantam Books.

Bernard, Jessie. 1981. "The Good Provider Role: Its rise and fall" *American Psychologist* 36: 1-12.

Blaisure, K.R., Allen, K.R. 1995. "Feminist and the Ideology and Practice of Marital Equality" in *Journal of Marriage and Family* 57(1):5-19.

Blau, F.D. & Ferber, M.A, 1992. *The Economics of Women, Men and Work* .New Yersey: Prentice Hall.

Bradley. H. 2007. *Gender*. Cambridge: Polity Press.

Browne, J.2007. *The Future of Gender*. Cambridge: Cambridge Universiteits Drukkery.

Bohan, J.S. 1993. "Regarding Gender: Essentialism, Constructionism and Feminist Psychology" *Pshycology of Women Quaterly* 12:5-21.

Boghossian, P. 2006. *Fear of Knowledge*. Verenigde State van Amerika: Oxford Universiteits Drukkery.

Bottersma, K. 2009. *Waar kom ons benepenheid vandaan?* Litnet. Beskikbaar by <http://www.litnet.co.za/cgibin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=64285&cause_id=1270> [Afgehaal op 3 November 2009].

Chafetz, J.S. 1991. "The Gender Division of Labor and the Reproduction of Female Disadvantage: Toward an Integrated Theory" in Blumberg , R.L. (red.) in *Gender, Family and Economy: The Triple Overlap*.California: Sage Uitgewers.

Charles, N. 2008. "Feminism, Social Movements and the Gendering of Politics", in Richardson, D. & Robinson, V. (red.) *Introducing Gender and Women's Studies*. New York: Palgrave.

Code, L. 2006. "Women Knowing. Knowing Women: Critical-Creative Interventions in the Politics of Knowledge" in Davis, K., Evans. M., Lorber, J.(red.) *Handbook of Gender and Women's Studies*. Londen: Sage Uitgewers.

Collins, R. 1991. "Women and Men in the Class Structure" in Blumberg , R.L.(red.) *Gender, Family and Economy: The Triple Overlap*. Kalifornië: Sage Uitgewers.

Francis-Cranny, A., Kirkby, J., Stavropoulos, P & Waring, W. 2003. *Gender Studies*. New York: Palgrave MacMillian.

Crompton, R. 2006. "Gender and Work" , in Davis, K., Evans. M., Lorber, J. (red.) *Handbook of Gender and Women's Studies*. Londen: Sage Uitgewers.

Davies, R. 2004. *Rebuilding the Future? The Political Economy of Post-Aparthied Afrikaner Identity.* Magister Tesis. Stellenbosch University.

Davis, S.N. en Greenstein, T.N. 2004. "Cross – National Variations in the Division of Household Labour" *Journal of Marriage and Family* 66:1260-1271.

De Beer. H. 1990. 'n *Sielkundige Ondersoek na die Funksionaliteit van die Teologiese Student se Huweliksfunksionering*. Magister Tesis: Stellenbosch Universiteit.Stellenbosch.

De Burger, J.E. 1977. *Marriage Today: Problems, Issues and Alternatives*. Cambridge: Schenkman.

De Klerk, C. 2009."Dan was Jesus as Man 'n Mislukking" in *Kerkbode Aanlyn*. Beskikbaar by: <http://www.kerkbode.co.za/AktueelArgiefLees.asp> [Afgelaai op 2 November 2009]

De Vos, O. 2004. "Same-sexual desire and the re-imagining if thr South African family" *Journal on Human Rights* 20(2):179-206.

Delphy,C. & Leonard,D. 1992. *Familiar Exploitation*. Oxford: Polity Press.

Deux, K. & Major, B. 2000. "A Sociol-Psychogical Model of Gender" in Kimmel, M & Aranson, A (red.) *The Gendered Society Reader.* New York:Oxford Universiteit Drukkery.

Die Burger. 2009. *Caster-Skok- Toetsuitslae oor Geslag Aanlyn Uitgeklap*. Beskikbaar by: http://www.dieburger.com/Content/Suid-Afrika/Nuus/ [Afgelaai op 10 Oktober 2009].

Dreyer, Y. 2006. *Heteronormatiwiteit, Homofobie en Homoseksualiteit- 'n Roetekaart vir 'n Inklusiewe Kerk*. Universiteit van Pretoria: Departement Praktiese Teologie.

Dunn, M.S. 1960. "Marriage Role Expectations of Adolescents" in *Marriage and Family Living* Mei Uitgawe.

England, P. 1993. *Theory on gender: feminism on Theory*. Verenigde State van Amerika, New York:Gruyter.

Eskridge, Jr. & William N.1996. *The Case for Same-Sex Marriage: From Sexual Liberty to Civilized Commitment.*New York: Free Press.

Ferree, M.M. 1990. “Beyond Seperate Spheres: Feminism and Family Research” in *Journal of Marriage and Family* 52(4):866-884.

Field, A. 2005. *Discovering Statistics Using SPSS*. Tweede Uitgawe. Londen: Sage Uitgewers.

Gallagher, M. 2003.”Why Marriage Matters: The Case for Normal Marriage” in *Testimony before the US Senate Subcommittee on the Constitution, Civil Rights and Property Rights Hearing: What is Needed to Defend the Bipartisan Defense of Marriage of 1996*. Washington, 4 September 2003.

Geldenhuys, T. 2008. “Buchan Boodskap Bemoedig Duisende” in *Volksblad*. 17 Augustus 2009. Beskikbaar by: http://m.24.comafr/FULLArticle.aspx [Afgelaai op 2 November 2009]

Gertsmann, E. 2004. *Same-Sex marriage and the Constitution*. Cambridge: Cambridge Universiteits Drukkery.

Gilligan, C. 1982. *In a Different voice: Physchological Theory and Women’s Development.* Cambridge: Harvard Universiteit Drukkery.

Goffman, E. 1976. “Gender Display” *Studies in the Anthropolgy of Visual Communication* 3:69-77.

Gordon, M.A. 1989. *The Transformation of Family Law*. Universiteit of Chicago: Chicago Drukkery.

Gouws, A. 2009. “Kompetisie Ondermynend” *Die Matie* 68(12):4.

Gouws, A. 2009. “Vlugskrif: Belang van Soldariteit van Mans met Vroue” in *Die Burger*. 17 Augustus 2009. Aanlyn weergawe beskikbaar by: http://www.dieburger.com/Content/Rubrieke/Gasrubriekskrywers/3057/4182af9657524b2483d5474bd1e7ab9f/17-09-2009-01-46/Vlugskrif_Belang_van_solidariteit_van_mans_met_vroue [Afgelaai op 1 Oktober 2009].

Hamon, R.R. & Ingoldsby, B.B. 2003. *Mate Selection Across Cultures*. Kalifornië: SAGE Uitgewers.

Harrison, W.C. 2006. "The Shadow and the Substance: The Sex/Gender Debate" in Davis, K., Evans. M., Lorber, J (red) . *Handbook of Gender and Women's Studies*. Londen: Sage Publications.

Heritage, J. 1984. *Garfinkel and Ethnomethodology*. Engeland: Polity Press.

Howard, J.A., Hollander, J. 1997. *Gendered Situations, Gendered Selves*. Verenigde State van Amerika: Sage Publications.

Huber, J. & Sitze, G. 1983. *Sex Stratification: Children , Housework and Jobs*. New York: Academic Drukkery.

Huber, J. 1991. "A Theory of Family , Economy and Gender", in Blumberg , R.L. (red.) *Gender, Family and Economy: The triple effect*. Kalifornië: Sage Publications.

Hudson, J,W. & Henze, L.F. 1977. "Campus Values in Mate Selection: A Replication" in De Burger (red.) *Marriage Today: Problem, Issues and Alternatives*. Cambridge, Massachuesetts. Schenkman.

Hunt, M. 1977. "The Future of Marriage" in De Burger, J.E (red). in *Marriage Today: Problems, Issues and Alternatives*. Cambridge, Massachuesetts. Schenkman.

Hunters College Women's Studies Collective. 1983. *Women's Realities, Women's Choices: An Introduction to Women's Studies*. New York: Oxford Universiteits Drukkery.

Inglehart, R. & Norris, P. *Rising Tide: Gender Equality and Cultural Change around the World*. Verenigde Koningkryk: Cambridge Universiteit Drukkery.

Jackson, S. & Scott, S. 2002. *Gender : A Sociological Reader*. Londen: Routledge.

Jackson, S. 2008. "Gesins, Domestically and Intimacy : Changing Relationships in Changing Times" in Richardson, D. & Robinson, V. (red.) *Introducing Gender and Women's Studies.* New York: Palgrave McMillan.

Kamarovsky, M. 1946. “Cultural Contradiction and Sex Roles” *American Journal of Sociology*, 52:184-189.

Keller, J.F., Maxwell, J.W. & Ritzert, J.Y. 1978. “Marriage Role expectations: A comparison of freshman and senior college students” in *International Journal of Sociology of the Family* (8): 81-87.

Kimmel, M. 2000. *The Gendered Society*.New York: Oxford Universiteit Drukkery.

Lantz, H. R.; Keyes, J.,Schultz, H. 1975. “The American Family in the Preindustrial Period: From Baselines in History to Change” in *American Sociological Review* 40:21–36.

Larson, J.H. 1988. “The Marriage Quiz: College Students’ Beliefs in Selected Myths About Marriage” in *Family Relations* 37: 3-11.

Le Roux, A. & Van Rooyen, H. 2007. “Perspektiewe op die Verband tussen Saamwoonverhoudings en Huwelikstabilliteit” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 47(1).

Le Roux, T. & Steyn, A.S. 1991. *Geslagsrolsosialisering en Adolessente Dogters se Siening van Geslagrolle*. Pretoria: Kooperatiewe Navorsingsprogram oor Huweliks- en Gesinslewe Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Libby, R.W. & Whitehurst, R.N. 1977. *Marriage and Alternatives*. Verenigde State van Amerika: Scott, Foresman and Company.

Lindsey, L.L. 2005. *Gender Roles: A Sociological Perspective*. New Yersey: Pearson Education.

Lips, H.M. 2005.*Sex and Gender: An Introduction*. New York: McGraw Hill.

Malan, M. 2009. “Herrie oor ‘Trouvrou-Kompetisie” in *Die Burger*. 23 Augustus 2009. Beskikbaar by: http://www.nuus24.com/Content/Suid-Afrika/Nuus/1479 [Afgelaai op 2 November 2009].

Martin, D., Martin, M. 1984. “Selected Attitudes Toward Marriage and Family Life among College Students” in *Family Relations* 33(2): 293-300.

McGinnis. S.L. 2003. "Cohabitating, Dating and Perceived Costs of Marriage: A Model of Marriage Entry" *Journal of Marriage and the Family* 65(1):105-116.

Meena, R.1992. *Gender in Southern Africa: Conceptual and Theoretical Issues*. Harare: SAPES Boeke.

Meyer, J.2005. *"*Vroeë adolossensie" in Wait, J. , Meyer, J. & Loxton, H. (red.). *Menslike Ontwikkeling 'n Psigoliese Perspektief*. Parow-Oos: Ebony Books.

Mickelson, K.D., Claffey, S.T. & Williams, S.L. 2006. "The Moderating Role of Gender and Gender Roles Attitudes on the Link Between Spousal Support and Marital Quality" *Sex Roles* 55:73-82.

Muller, J.C. & Pienaar, H.E. 2003. "A Social-Constructionists, Narrative Understanding of the Church's Morality on Sex" *Verbum et Ecclesia* 24(1):137-155.

Norris, R. & Inglehart, P. 2003. *Rising Tide: Gender Equality and Cultural Change Around the World*. New York: Cambridge Universitiets Uitgewers.

O'Brien, R. & Williams, M. 2004. *The Global Political Economy: Evolution and Dynmics*. New York: Palgrave.

Okin, S. 1989. *Justice, Gender and the Family*. Verenigde State van Amerika:Universiteit van Chicago Drukkery.

Otto, Herbert A.1970. *The Family in Search of a Future*. New York: Appleton-Century.

Padfield, L.R. 2007. *Colliding Constructs- Exploring Discourses Regarding Traditional Marriage and Lesbian Marriage*: *A Literature Review.* Magister Tesis. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Pateman, C. 1988. *The Sexual Contract*. Polity Drukkery: Cambridge.

Paxton, R.J. 2005. *Adolosecent Girls Living in Rustenberg: Gender Roles, Gender Relations and Future Expextations as Women*. Magister Tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Pilcher, J. & Whelehan, I. 2004. *50 Key Concepts in Gender Studies*. Londen: Sage Publications.

Popenoe, D. & Whitehead, B. D. 2001. "Who wants to marry a soul mate?" in Popenoe, D & B. Whitehead, D. (red.) *The State of Our Unions: The Social Health of Marriage in America*. New Jersey: National Marriage Project.

Popenoe, D. 2000. "Doing Gender" in Kimmel, M. & Aranson, A. (red.) 2000. *The Gendered Society* New York: Oxford Universiteit Drukkery.

Ramazanoglu, C. & Holland, J. 2002. *Feminist Methodology: Challenges and Choices*. Londen: Sage Uithewers.

Richardson, 2008. "Coceptualizing Gender" in Richardson, D & Robinson, V (eds.) *Gendered and Women's Studies*.New York: Palgrave Mac Millian.

Schoeman, L. 2008. " My Vrou is Onderdanig aan my oor Ek haar Liefhet, sê Buchan" *Die Burger.*11 September 2009. Beskikbaar by: <http://jv.dieburger.com//Stories?News/18.0.867162996.aspx> [Afgelaai op 1 November 2009]

Schwellnus, T. 1994. *The Legal Implications of Cohabitation in South Africa- a Comparative Approach*. Leiden: Rijks Universiteit.

Spies, L. 2009. "Verwonding deur Poliarisasie" *Die Burger*. 8 Oktober 2009. Beskikbaar by : <http://www.dieburger.com/printArticle.aspx> [Afgelaai op 2 November 2009]

Stacey, J.1996. *In the Name of the Family: Rethinking Family Values in the Postmodern Age*. Boston: Beacon Drukkery.

Sterret, J.E. & Bollman, S.R. 1970. "Factors related to adolescents' expectations of marital roles" *Family Coordinator* 19:353-356.

Stuckert, R.P. 1963. "Role Perception and Marital Satisfaction- A Configurational Approach" in *Marriage and Family Living*. Milwaukee: Universiteit van Wisconsin.

Swart, M. 2005. *Piecing The Puzzle: The Development of Feminist Identity*. Magister Tesis: Stellenbosch Universiteit.Stellenbosch.

Taljaard, J.J. 1985. *Die vereistes wat mans en vroue aan 'n huweliksmaat stel: 'n Ondersoek met die oog op die ontwikkeling van 'n huweliksvoorligtingsprogram*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. .

Thompson, L. & Walker, A.J. 1989. "Gender in Gesins: Women and Men in Marriage, Work and Parenthood" *Journal of Marriage and Family* 51: 845-871.

Turner, R.H. 1990. "Role Change" *Annual Review of Sociology* 16:87-110.

Udry, J.R. 1971. *The Social Context of Marriage*.North Carolina: J.B. Lippincott.

Van Every, J.1997. "Understanding gendered inequality: Reconceptualizing housework" in *Women's S tudies International Forum* 20: 411-420.

Van Poppel, F., Monden, C. Mandemakers, K. 2008. "Marriage Timing over Generations" in *Human Nature* 19:7-22.

Watson, Roy E. L. 1983. "Premarital Cohabitation vs. Traditional Courtship: Their effects on subsequent marital adjustment" In *Family Relations* 32: 139-146.

Weedon, C. 1999. *Feminism, Theory and the Politics of Difference*. Massachusettes: Blackwell Uitgewers.

West, C. & Zimmerman, D.H. 2000. "Doing Gender", in Kimmel, M. & Aranson, A, (red.) *The Gendered Society Reader*. New York: Oxford Universiteit Drukkery.

Westheimer, R.K. & Lopater, S. 2002. *Human Sexuality: A Psychological Perspective*. Philadelphia: Williams & Williams.

Wilcox, W. 2004. *Soft Patriarchs, New Men: How Christianity Shapes Fathers and Husbands.* Chicago: Universiteit of Chicago Drukkery.

Woodward, K. 2008. "Gendered Bodies: Gendered Lives" in Richardson, D & Robinson, V (red.) Gender and Women's Studies, New York: Palgrave Mac Millian.

Yabiku, S.T. 2005. "The Effect of Non-Family Experiences on Age of Marriage in a Setting of Rapid Social Change" Population Studies 59(3):339-354.

Zuo, J. 1997. "The Effect of Men's Breadwinner Status on their Changing Gender Beliefs" Sex Roles 37(9/10)

Addendum A

Persepsies Aangaande Genderrolle in die Huwelik

Afdeling 1

1. **Geslag:**

   ☐ Manlik

   ☐ Vroulik

2. **Ouderdom**

   ☐ 18

   ☐ 19

   ☐ 20

   ☐ 21

   ☐ 22

   ☐ 23

3. **Jaargroep**

   ☐ Eerstejaar

   ☐ Tweedejaar

   ☐ Derdejaar

   ☐ Vierdejaar

Fakulteit Affiliasie

☐ Lettere en Wysbegeerte

☐ Ingenieurswese

☐ Ekonomiese en bestuurswetenskappe

☐ Natuurlike Wetenskappe

☐ Onderwys

☐ Kursus(spesifiseer) :

_____

4. Moedertaal

☐ Afrikaans

☐ Engels

☐ Beide Afrikaans en Engels

☐ Ander

5. Kerk Denominasie

☐ Every Nation

☐ Moederkerk

☐ Stellenbosch Gemeente

☐ Shofar

☐ Ander (spesifiseer) :

_____

6. Herkoms

☐ Stad

☐ Platteland

7. Verblyf situasie?

☐ Koshuis

☐ PSO
Spesifiseer:

_____

8. My ouers se huwelikstatus

☐ Getroud

☐ Geskei

☐ Getroud vir ’n tweedemaal met nuwe partye

☐ Saamwoonverhouding

9. Ek is in ’n verhouding?

☐ Ja

☐ Nee

Afdeling 2

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Ek weet wat die verskil tussen gender en geslag is					
Genderrolle word sosiaal gekonstrueer					
My gender kan nie verander word nie					
Ek is ’n man of vrou, omdat ek sekere biologiese verskille t.o.v. die teenoorgestelde geslag het					

Afdeling 3

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Die verantwoordelikheid om kinders op te voed, berus nie op beide ouers nie					
Vroue is net so geregtig soos mans om 'n professionele beroep te hê					
Mans se taak is om finansieël aan die huisgesin te voorsien					
Die vrou moet aanpasbaar wees t.o.v. haar beroep					
Die man moet nie die finale sê i.t.v. keuses wat in die huwelik gemaak word hê nie					
Huishoudelike take moet gelyk tussen huweliksmaats verdeel word					
Sekere huishoudelike take is spesifiek vir mans en ander vir vroue bedoel					
Mans en vroue in die huwelik dra nie eweveel gesag nie					
As kinders babas is, moet vroue na hul omsien					
Vroue behoort halfdag te werk sodat hul na die kinders kan omsien					

Afdeling 4

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Die funksie van die huwelik is 'n ekonomiese kontrak					
Individue trou nie meer vir liefde nie					
Die huwelik as 'n sosiale instelling is uitgedien in Suid-Afrika					
Die rol wat die nukleêre gesin in die samelewing speel is nie belangrik nie					
Toetreding tot die huwelik is nie die einddoel van mans en vroue nie is					
Individue is nie gemaak om alleen te leef nie					
Egskeidings is aanvaarbaar indien die huwelik nie aan die vereistes voldoen nie					
Homoseksuele individue behoort te mag trou					

Afdeling 5

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Individue is oor die algemeen meer gelukkig indien hul met iemand trou wat dieselfde agtergrond as hul het					
Ek sal nie met iemand kan trou wat 'n verskillende ras as ek het nie					
Ek sal nie met iemand kan trou wat van 'n verskillende kultuur as myne afkomstig is nie					
Ek sal nie met iemand kan trou wat verskil t.o.v. denominasie nie					

Afdeling 6

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Ek het al of sal seks hê met iemand voor ek die huwelik betree					
Ek glo dat dit nie aanvaarbaar is om met iemand seksuele aktiwiteite te beoefen indien ek nie lief is vir die persoon nie					
Ek sal saam met iemand met wie ek in 'n verhouding is, kan woon sonder dat ons getroud is					
Indien ek in 'n verhouding is, en saamwoon sal ek my ouers inlig					
Individue moet hulself eers verwesenlik voordat hul trou					

Afdeling 7

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Beoefening van my godsdiens is fundamenteel in die huwelik					
Ek sal nie met 'n persoon kan trou wat nie dieselfde geloof as ek het nie					
Ek sal nie met iemand kan trou wat nie dieselfde denominasie as ek het nie					
Die rol van die man is die om die hoof van die huis te wees					
My rol in die huwelik word bepaal soos beskryf in my kerk dominasie of geloofsgroep					
Ek stem nie saam met Greta Wiid se idees oor die vrou in die huwelik nie					
Ek stem saam met Angus Buchan se idees aangaande genderrolle					
My godsdiens is vir my belangrik					
Die rol van die vrou is om haar man te ondersteun					

Afdeling 8

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Die Afrikaner as kultuurgroep , is steeds tradisioneel en konserwatief t.o.v die huwelik					
Afrikaners is steeds konserwatief aangaande met wie hul trou					
Afrikaners heg waarde aan die huwelik					
Jong Afrikaners neem steeds nie aan saamwoonverhouding deel nie					
Vroulike studente gaan studeer om 'n man te ontmoet					

Afdeling 9

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
Die media beïnvloed nie my idee van hoe ’n man of vrou in die huwelik moet optree nie					
Die media beïnvloed nie my idees aangaande die rol van die vrou nie					
Die media weerspieël die huwelik as ’n uitgediende instelling					
Die media beeld enkellopers as uitgeworpenes in die samelewing uit					
Die media beeld seksualiteit in terme van die man wat in 'n magsposisie is uit					
Seks voor die huwelik word as aanvaarbaar uitgebeeld deur die media					

Afdeling 10

Beantwoord die volgende vrae deur middel van toekenning van die waardes 1-5

	Stem Sterk saam 1	*Stem Saam* 2	*Verskil* 3	*Verskil Sterk* 4	*Geen Opinie* 5
My ouers beïnvloed nie my idee van die huwelik nie					
My vriende beïnvloed my idee van die huwelik					
Ek sal makliker deur my vriende aanvaar word indien ek in ’n verhouding is					
My vriende sien die huwelik as ’n uitgediende instelling					
My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die man					
Ek ervaar druk van my ouers om tot die huwelik toe te tree					
Ek sal makliker deur my ouers aanvaar word indien ek in ’n verhouding is					
My ouers beïnvloed nie my idees aangaande die rol van die vrou nie					
My ouers sien hulle huwelik as ’n gelukkige huwelik					
My vriende beïnvloed my idees aangaande die rol van die vrou					